

**DEEL 2**

**FAMILIEVERHALE**

**DIE DAVIDSON FAMILIE**

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING TOT DIE FAMILIEVERHALE

When one puts on the glasses of hope and growth, each life stage, from birth to death, offers a fresh set of emerging strengths and possibilities that did not exist in previous stages. This awareness is the source of an unfolding hope (Clinebell 1979:156).

#### 1. FAMILIEVERHALE

Kanker is 'n familie aangeleentheid ("a family affair") wat 'n omvangryke invloed het op die lewens van elke lid van die betrokke families (Shone 1995:1). 'n Kankerdiagnose in een familielid bedreig onmiddellik al die lede van daardie familie. Dit is 'n siekte wat negatiewe beelde en vrese teweegbring vir elke familielid. "Anxieties within the 'container' of the family bounce from one person to another, establishing an emotional climate that is as potentially destructive as the disease itself" (Shone 1995:2). Die siekte ("disease") proses van kanker mag in een lid se liggaam wees, maar die ervaring van siekwees ("illness") word deur almal gedeel (Seaburn et al. 1996:210).

So vind borskanker ook nie in 'n sosiale vakuum plaas nie. Dit gebeur in 'n familie. Borskanker is 'n familie siekte ("illness"). Elkeen in die familie ly en ondersteuningsmeganismes vir herstel is noodsaaklik vir al die lede om die krisis suksesvol te bemeester. "With proper education and support the family can emerge emotionally intact" (Kneece 2001:XI). Aandag moet daarom aan al die familieledes en die familie as geheel gegee word. Om minder as dít te doen, is om nie ons verantwoordelikhede na te kom nie (Hilton et al. 2000:454).

In hierdie studie poeg ek dan om te luister na *familieverhale* van borskanker en mastektomie en *familieverhale* van wanhoop en hoop.

## 2. FAMILIEVERHALE OOR SIEKTE

In die narratiewe benadering word klem gelê op mense se verhale, die betekenis wat hulle aan hierdie temas heg en die herskepping van nuwe lewenstemas (Semmler & Williams 2000:2). "Stories certainly have content: they reveal the meanings that the ill have constructed around their illnesses" (Frank 1998:199). In narratiewe *terapie* word in 'n ko-konstruktiewe proses deur dekonstruksie nuwe betekenis toegeken aan gebeure waardeur 'n rekonstruksie tot stand kom met die oog op 'n hoopvolle toekomsverhaal. In narratiewe *navorsing* word die wyse waarop mense gebeurtenisse deurleef het, betekenis daaraan geheg het en 'n hoopvolle of hooplose toekomsverhaal geskep het, nagevors. 'n Narratief vertel die verhale van die verlede in terme van hulle betekenis vir die toekoms. Dit beteken dat die verlede nie as 'n fragment van ons lewens verlore is nie, maar teruggewen is, 'n paradoks wat ons toelaat om die toekoms in te beweeg (Larner 1998:556). "If the past is refelt and the present is seen from other perspectives, the future is opened up" (Bohler 1987:69).

Siektenarratiewe vervul só 'n belangrike funksie in die familie. Rolland (1998:7) skryf: "When illness strikes, a primary developmental challenge for a family is *to create a meaning for the illness experience that can promote a sense of competency and mastery*. (My kursivering en beklemtoning). Since serious illness is often experienced as a betrayal of fundamental trust in our bodies and belief in our invulnerability and immortality, *the creation of an empowering narrative* (my kursivering en beklemtoning) can be a formidable task." Dit is juis in hierdie "*sense of competency and mastery*" en die "*empowering narrative*" waarin *die groei van hoop* geleë is. Shapiro et al. (2000:442) sê ook die vertel van siekteverhale deur pasiënte (ek voeg by "*én hulle families*") "*at the least improves their sense of hopefulness*." (My kursivering en beklemtoning). Geloof kan help om aan 'n persoon wat ly 'n raamwerk te gee om hierdie betekenis en perspektief te vind deur 'n bron (*Dié Bron!*) wat groter is as hy-/haarself, en kan 'n ervaring van beheer oor gevoelens van hooploosheid gee (Weaver & Koenig 2001:2).

Volgens Seaburn et al. (1992:386) kan taal 'n kroniese siekte in 'n "vloek" of 'n "bedekte seën" verander. Die verhale wat pasiënte en families vertel oor hulle siektes is dikwels 'n poging om betekenis te skep waar, by tye, daar weinig betekenis blyk te wees. Seaburn et al.(1996:218) sê

ook: “In our view, one of the most valuable lessons that patients and families teach us is the role that meaning plays in their experience of illness ... *A patient's and family's capacity to find meaning in their dilemma is often a major factor in the family's ability to cope*” (My kursivering en beklemtoning). Saam met hierdie *cope* wil ek dan terselfdertyd ook *hope* lees. *Cope* en *hope* loop hand aan hand en versterk mekaar.

Met betrekking tot kanker skryf Jensen (1984:224):

Persons who have received the news of a diagnosis of cancer have had a dramatic change in the plot of their story. The spiritual task ahead of them is to make sense of it. That does not mean they must be able to explain it scientifically, or to have a neat answer to the mysteries of illness and death. It does mean that they have the task of examining the themes, characters, and directions of their living stories, and of weaving this unexpected event into their ongoing story in a meaningful way. It is a moral and religious task no less than a psychological one.

Wanneer na familie*verhale* geluister word, is dit ook belangrik om na die *agtergrondverhale* (die geskiedenis van siektenarratiewe in die familie) te luister. Betekenis(se) wat aan siekte(s) toegeken word, groei dikwels oor geslagte (Seaburn et al. 1992:386, 391). "Patterns of interaction, methods of coping, as well as beliefs, values, and roles are handed down in an almost invisible, transgenerational process" (Seaburn et al. 1992:391). Hoe iemand (en sy/haar familie) 'n bepaalde siekte beleef en hanteer, hang dus dikwels af van die stories wat oor geslagte heen vertel en oorvertel is. Rolland (1989:444) vra die vraag: "Wat het hulle geleer uit daardie ervarings wat 'n invloed het op hoe hulle oor die huidige siekte dink?" Dit is belangrik om te weet of hulle met 'n sterk gevoel van bevoegdheid ("competence") of mislukking daaruit gekom het.

Seaburn et al. (1992:391) sê dan tereg dat die betekenis wat 'n kroniese siekte vir 'n pasiënt en familie het, sosiaal gekonstrueer is. Nie net die verhale oor huidige siekteprobleme is belangrik vir hierdie konstruksie nie, maar die narratiewe van familieledede se ervaring van siektes in die

verlede is net so belangrik. *“These past stories are part of the fabric of meaning into which current experiences is woven”* (My kursivering en beklemtoning). Seaburn et al. (1996:219) sê ook dat "The stories that are told by family members about how others have coped with crises in the past are guideposts, providing direction for the family in the present." So het Hanna (1998:2) die hoop wat sy by haar ouers en grootouers raakgesien het, geneem en haar eie gedagtes oor hoop ontwikkel.

Só sou ons dan kon sê dat **hoop** in 'n sosiaal konstruksionistiese proses deur middel van verhale/narratiewe (en dan veral ook gelóófsverhale) van geslag tot geslag oorgedra word. In hierdie studie poog ek dan ook om te luister na familie**verhale** - na dít wat nou met families gebeur het, maar ook na dít wat lank gelede in dieselfde families gebeur het. ***Ek luister na die verhale waardeur (in 'n sosiaal konstruksionistiese proses) hoop in die families gegroei het.***

### **3. DIE FAMILIEVERHALE**

Ter wille van deursigtigheid en geloofwaardigheid en ter wille van die waarde wat dit vir my medenavorsers gehad het om hulle verhale te vertel (vgl. "Funksionaliteit" p 50), word al die verhale getranskribeerd weergegee. Terselfdertyd word 'n studie in verhaalvorm aangebied met deurlopende toeligting vanuit die literatuur, in plaas daarvan dat 'n literatuurstudie aangebied word met toeligting vanuit die verhale.

Oor die vertel van verhale in 'n navorsingskonteks, skryf Crooks (2001:14):

For the person with the illness (*ek wil byvoeg "én vir elke familielid"*), sharing the experience with someone else has a benefit for the person with the illness (*"én vir elke familielid"*) in that it sharpens her perception of it and brings the resulting redefinition to consciousness where it can be acted upon. In this way conversations with people who can question and respond in a relaxed manner are perhaps more growth promoting than internal conversations or conversations with God, wherein the response must be imagined or divined.

Laasgenoemde opmerking is nie uit disrespek nie, maar bevestig wat een van die profete gesê het: "Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer *luister*, Hy laat my *luister* soos 'n leerling moet *luister*. Die Here my God het my geleer om te *luister*" (Jes. 50:4,5). Die narratiewe navorser/terapeut luister en reageer (reflekteer) op 'n narratiewe wyse. Frank (1998:200) sê "To give the gift of listening is to appreciate receiving the gift of a story," en "...one listens to ill people's stories not in order to fix them by doing something 'therapeutic,' but rather to honor them."

Seaburn et al. (1996:207) skryf oor die waarde van die *luister na siekteverhale*: "While being a witness may not lead to cure, it is a critical source of comfort and healing for patients, families, and providers alike." Dit het ons ook in die navorsingsproses ondervind.

In hierdie studie word nie gepoog om 'n volledige weergawe van die tersaaklike diskoerse aan te bied nie, maar eerder om so 'n volledige (dik en ryk) verhaal as moontlik van elke familie weer te gee. Daar word ook nie analyses van verhale gemaak nie. Frank (1998:200) sê "...stories are not material to be analyzed; they are relationships to be entered."

#### 4. SIEKTEVERHALE/-NARRATIEWE

Frank (1998:200-206) beskryf drie soorte narratiewe, naamlik (1) The Restitution Story; (2) The Chaos Story; (3) The Quest Story.

Die "*restitution story*" word vertel wanneer 'n weergawe gegee word van die mediese behandeling wat reeds ondergaan is, dit wat tans gedoen word en wat gedoen kán word indien die huidige behandeling nie werk nie. Die subjektiwiteit van die siek persoon wat die verhaal vertel, word deur ánder vervang. Die medici en terapeute is die helde, die aktiewe spelers in die verhaal; hulle bepaal die koers van die aksie. "*Restitution stories are told by ill people who narrate from the sidelines*" (Frank 1998:200) (My kursivering en beklemtoning).

Die *chaos story* is “diametrically opposed to the restitution narrative” (Frank 1998:201). Frank (1998:201) beskryf die chaos storie as volg:

Here is deepest illness: disability can only increase, pain will never remit, physicians are either unable to understand what is wrong or unable to treat it successfully. Medical problems proliferate into social problems: persistent ill health means job problems, which means loss of income, which leads to inadequate medical care. The ill person is shuffled between bureaucracies, each claiming that they need something from somewhere else before they can provide benefits. Stress exacerbates medical problems. Family responsibilities cannot be fulfilled: social ties are lost, and the ties that remain are often more demanding of the ill person than they are supportive.

Die chaos storie kan dikwels nie vertel word nie. Die dominante styl van chaosstories is 'n reeks onvoltooide sinne wat gekenmerk word deur "en toe" konstruksies: "en toe" die fisiese probleem, "en toe" die familieprobleem, "en toe" die burokratiese rompslomp en dan hoe elkeen van hierdie die ander al meer onoplosbaar maak. Daar is geen effektiewe aksie in die wêreld van die chaosstorie nie. Die luisteraar beleef dit versmorend, maar, sê Frank (1998:202), "to turn a life lived in chaos into a story *about* that chaos would effect a transitory escape: at least a crack of light shines into a room that was entirely dark." Die paradoks is dan dat die chaos storie wat vertel kan word nie meer totale chaos is nie, en in die paradoks lê 'n terapeutiese opening. "***The chaos narrative (that cannot be told) is about how thin the ice is that we skate upon, and how cold and deep is the water we can suddenly sink into***" (Frank 1998:202) (My kursivering en beklemtoning).

In die *quest story* "illness is lived as a quest: as a condition from which something can be learned (though not in a didactic sense), and this learning can be passed on to others" (Frank 1998:203). Die sin wat by die meeste mense gehoor word wat kanker gehad het, is dat hulle sekerlik nie bly is dat hulle kanker gehad het nie, maar dat hulle dankbaar is vir hoe dit hulle en hulle lewens verander het (Frank 1998:203). "Quest stories" word vertel wanneer die verteller sy/haar nuwe

kwaliteite, insigte en diepte aan die siekte toeskryf (Frank 1998:203). Dit gaan oor 'n dankbare lewe in omstandighede wat vroeër as onaanvaarbaar beskou sou word (Frank 1998:205). "Quest stories express an unflinching view of the reality of illness. In the face of this reality, they look not to restitution but rather to what can be reclaimed of life: what can be learned, and how this lesson can be passed on to those who have not made their journey. *Those who tell the quest story are ancient mariners, returned to tell a tale that others need to hear but may resist hearing*" (Frank 1998:204) (My kursivering en beklemtoning).

Aldrie hierdie narratiewe is met mekaar verweef in die meeste van die verhale wat deur siekes vertel word. Aldrie het hulle noodsaaklike plek in al die dimensies van die belewing van siekte, en mense vertel dié stories wat vir hulle noodsaaklik is om deur die situasie te werk waarin hulle is. "Each deserves to be *honored* in its time of telling" (Frank 1998:206).

Hierdie drie tipes narratiewe staan teenoor 'n ontwikkelingsteorie waarvolgens siek mense deur stadia van narratiewe beweeg en waarvolgens die gebrek aan die "deurbeweeg" gepatologiseer word. "The quest story is not a goal toward which ill people ought to move, nor does the chaos story represent personal or social failure" (Frank 1998:206).

Die siek persoon en sy/haar familie kan dus soms op die kantlyn staan en vertel, soms op die dun ys skaats, en soms soos die *ancient mariners* die verhaal vertel. Daar kan 'n voortdurende heen en weer beweeg tussen die narratiewe wees. "Noting a change between what is said one day and the next, without interpreting that change, affirms to the ill person that it's *his or her story*, to tell as he or she will" (Frank 1998:210). In die vertel van aldie hierdie narratiewe lê **die groei van hoop** opgesluit, maar veral in die "reclaiming" proses waarna hierbo verwys is en waarvan Frank (1998:204) skryf dat dit nie 'n skielike verskynsel is nie, maar 'n stadige, geleidelike proses. Aangesien die verhale van **wanhoop** en **hoop** deurlopend vervleg is met genoemde narratiewe, hoef daar nie 'n afsonderlike hoofstuk oor hoop geskryf te word nie. **Die groei van hoop** ontvou in die loop van die verhale. "*Telling story is essential in bringing back hope. Even sad stories are able to generate new beginnings*" (Eberhardt 1996) (My kursivering en beklemtoning).



Frank (1998:210) sluit sy artikel af met die woorde: "The greatest gift to the ill is to appreciate them as the "good stories" they are. In these stories there is nothing to fix, only a great deal to listen to."

Wanneer na siekteverhale-/narratiewe geluister word, is dit vir my belangrik om veral te luister na **die groei van hoop**, na die narratiewe waardeur families **hoop** gevind het. Navorsing was in die verlede hoofsaaklik krisis georiënteerd gewees (Carter et al. 1992:301). Ook Shapiro et al. (2001:503) sê dat die psigososiale onkologie op die patologiese gevolge van kanker gefokus het, en nie sensitief genoeg was vir die moontlikhede van persoonlike groei en transformasie nie. 'n Sterk, eksplisiete klem op hoop het ontbreek in die patologie georiënteerde terapieë, terwyl hoop 'n onmisbare bron is om enige ernstige krisis te bowe te kom (Clinebell 1979:48). Onlangs het egter 'n verskuiwing plaasgevind wat die potensiaal vir positiewe gevolge begin ondersoek (Shapiro et al. 2001:504). Volgens Gyllensköld (1982:3) was studies oor pasiënte se ervaring van borskanker dikwels gebaseer op "the sexual and symbolically maternal significance of the breast," en pasiënte se reaksies is vanuit hierdie standpunt geïnterpreteer. Met hierdie studie oor **die groei van hoop** wil ek dan in die Pastorale Teologie 'n bydrae lewer tot die ondersoek na bogenoemde "moontlikhede vir persoonlike groei en transformasie" en wegstuur van die tradisionele, geïkoneerde benaderings ten opsigte van borskanker.

## 5. (BORS)KANKER, MASTEKTOMIE EN HOOP

Kanker is 'n lewensbedreigende en hoopbedreigende siekte (Aldredge-Clanton 1998b:2) en, met die gepaardgaande liggaamsveranderinge, ook 'n identiteitbedreigende siekte (Aldredge-Clanton 1998a:96). "The identity crisis that many people endure challenges their hoping capacity" (Aldredge-Clanton 1998a:107).

Die vroulike bors vorm 'n belangrike deel van haar identiteit as vrou (Zuckweiler 1998:47) en verteenwoordig 'n integrale deel van haar vroulike liggaamsbeeld. Dit beteken dat wanneer sy 'n bors verloor, sy dit as 'n bedreiging van haar vroulike identiteit kan beskou, of dat haar persoonlikheid en integriteit 'n knou gekry het (Gyllensköld 1982:238). Capps (1995:61) sê "... losses are a major cause of a felt sense of deprivation and are therefore of great importance to the

subject of hope." Dit is vir die vrou (én haar gesin) van uiterste belang om ná die traumatiese ervaring van borskanker en borsverlies 'n hoopvolle toekomsverhaal te ontwikkel.

Hoop is fundamenteel vir menslike lewe en ons het dit net so nodig soos brood en water (Fitzgerald 1979:1). Hoop is een van die waardevolste vermoëns van die menslike spesie (Clinebell 1998:1). Clinebell (1998:2) skryf as volg oor die onontbeerlikheid van hoop:

Healthy hope, linked with healthy faith and love, can enable us to balance and eventually release whatever heavy pain, frustrations and losses are lingering from the past in the present. Hope can help us bear our unchangeable brokenness in the present and perhaps balance this with positive possibilities in our future. If hope is healthy it can motivate us to take whatever constructive actions are necessary to move toward these possibilities in the unfolding future.

In die diskoers met betrekking tot die vroulike bors word die klem (veral in die media) steeds swaar geplaas op die simboliese betekenis van die bors ten opsigte van vroulikheid, moederskap en seksualiteit en kan die persepsie geskep word dat 'n vrou se identiteit, haar menswees, simbolies in een bepaalde liggaamsdeel gesetel is (Aldredge-Clanton 1984:198). As gevolg van dié diskoers kan die verlies van 'n bors/-te 'n groot invloed hê op hoe 'n vrou haarself as persoon sien (selfbeeld), hoe sy oor haarself voel (selfagting), en hoe sy na haar liggaam kyk (liggaamsbeeld) (O'Hare 1987:68). "Thus, like women's bodies elsewhere and everywhere, the female body with breast cancer is a site of struggle over meanings in both social and medical contexts" (Langellier 1998:2).

Indien die borsverhaal in 'n vrou se lewe egter nie oorheersend is ten opsigte van haar selfbeeld, selfagting en liggaamsbeeld nie, indien haar hoop op hierdie terreine dus nie hoofsaaklik in haar borsverhaal gevestig is nie, kan die trauma van die mastektomie makliker gehanteer word. Die belangrikheid wat 'n vrou aan haar borste heg sal grootliks haar reaksie op die verlies bepaal, sowel as die mate van ontwinging wat dit sal versoorsaak (Nel 1977:383; Gyllensköld 1982:243;

O'Hare 1987:69; Fourie 1992:35). "Although the breasts are important to the patient's identity and self-valuation, they do not constitute an irreplaceable part of her self-esteem" (Gyllensköld 1982:94). Hiermee word die impak van die trauma geensins genegeer of geminimaliseer nie. "A mastectomy can be devastating to our self-esteem and body image" (Zuckweiler 1998:111). Dit bly immers steeds "the loss of something very sacred" (Henderson 1996:217) en Strydom (1977:54) vergelyk dit selfs met die verlies van 'n kind deur die dood. Tog word haar waarde as persoon nie deur haar borste gedefinieër nie, alhoewel hulle sekerlik ingesluit is in haar selfdefinisie (Zuckweiler 1998:47). Haar hoop vir die definiëring, die beleving van haar vrouwees ná mastektomie, groei uit baie ánder verhare, want haar lewensverhaal bestaan uit veel meer as nét haar borsverhaal. Daar is "A Universe of Stories" (Parry 1991) wat vertel wie sy is. Sy is nie net één verhaal nie. 'n Storie is nie 'n lewe nie (Parry 1991:43), en 'n siening is nie *dié* siening nie (Parry 1991:52). "... our self is formed from a number of diverse ... stories" (Jensen 1984:218). Sy is "A Universe of Stories."

"Postmastektomie" is 'n nuwe hoofstuk, 'n nuwe verhaal, 'n verhaal van steeds groeiende hoop. Daar groei hoop uit al die ander wonderlike eienskappe wat sy besit, uit die ondersteuning wat sy ontvang, uit die aanvaarding, uit die groei wat sy en haar gesin beleef. Daar groei hoop uit die nuwe potensiaal wat sy en haar gesin ontdek het, dat hulle ook weer vir ánder kan hoop gee. Ten diepste groei die hoop uit haar (en hulle) geloof in God en die bemoediging wat sy (en hulle) in die Woord van God gevind het. Hoop groei waar die V(v)erhale een word en die H(h)orisonne versmelt (vgl. p14-16), en 'n mens se verhaal deel word van DIE VERHAAL VAN HOOP (p16).

## **6. DIE FAMILIES (MEDENAVORSERS)**

Die Davidson- (Deel 2) en Goosen (Deel 3) families se eie name word gebruik, aangesien hulle dit so verkies het. "Van Heerden" (Deel 4) is 'n skuilnaam en so ook al die eie name in hulle verhare. Waar my eie verhaal ter sprake kom, word dit *kursief* gedruk. Ek is dit eens met Frank (1998:200) wat sê: "Clinicians may share parts of their own stories, but they do so in response to the ill person's story." Myns insiens geld dit ook vir die navorser. Die drie verhare word in die volgorde aangebied waarin ek die families ontmoet het.

Vir medici wat in al drie familieverhale genoem word is kodes as skuilname gebruik, bv. dr. A.

Hiermee dan ook my dank en waardering aan die drie merkwaardige gesinne wat my deel van hulle verhale gemaak het en my met hulle verhale vertrou het. Ek is ten volle bewus daarvan dat "The experience of undergoing a mastectomy is a very private and painful one, and for many of us it is not something we want to be particularly public about" (Zuckweiler 1998:120).

Hiermee ook my bewondering vir drie merkwaardige vrouens wat daarin geslaag het om saam met hulle gesinne hulle trauma in 'n triomf te verander en 'n *verhaal van hoop* te skryf. *Soli Deo Gloria!*

## 7. STRUKTURERING VAN NAVORSINGSDOKUMENT

Voordat nou oorgegaan word na die onderskeie familieverhale, is dit gepas om hier eers 'n paar opmerkings te maak oor die struktuurering van die navorsingsdokument.

Die onderhoude met die medenavorsers word getranskribeer weergegee. 'n Groot verskeidenheid verhale van hoop en wanhoop het in die navorsingsproses ontwikkel. Sleutelwoorde, sinne of frases van waaruit die verhale verder ontwikkel is, is in donker ("bold") letters geskryf. Daarná volg dan die opskrif en die betrokke verhaal wat verder ontwikkel is vanuit die literatuurstudie en kommentaar.

Ná bogenoemde gaan die transkripsie weer normaalweg voort. Met hierdie werkwyse is gepoog om deurlopende verhale van wanhoop en hoop te ontwikkel, met die fokus veral op die verhale van hoop.

## HOOFSTUK 2

### DIE DAVIDSON FAMILIE

#### 'N VERHAAL VAN KRAG, MOED EN POSITIWITEIT

#### DINA EN DOUGIE SE VERHALE (1)

**Johan:** Dina en Dougie, baie dankie dat julle deel vorm van ons navorsing, en ek wil dit graag beklemtoon dat dit óns navorsing is en dit gaan oor **julle verhaal, julle ervaring van mastektomie.**

#### 1. 'N DEURLEEFDE VERHAAL

Frank (1998:210) skryf: "... they are living *a story that is theirs to tell* ... no one knows their stories better than the ill themselves ... their stories matter not just for themselves but for others ...". Die rolspelers in die verhaal is die "experts" van hulle eie verhaal. Hulle verhaal vorm die hoofbron van inligting in hierdie studie en die literatuurstudie is sekondêr tot die storie-ontwikkeling.

Capps (1998:20) verduidelik die betekenis van die titel van sy boek *Living Stories* as volg (en ek wil dit graag toepas op hiërdie verhale): "On the one hand, it suggests that our lives are stories - and that what each of us lives, each in our own ways, is a story - or, better, a whole lot of stories loosely strung together to make a sort of whole. This is the real - or realistic - meaning of the title. It simply says what is true. But the more hyperbolic meaning, containing the suggestion that lives - yours and mine - can come alive, become more vivid and dramatic, less humdrum and boring, more fully realizing of their potential."

In hierdie studie oor die ervaring van mastektomie word nagevors hoe die verskillende rolspelers, my mede-navorsers, uitdrukking gegee het in hulle verhale aan hierdie "hiperboliese betekenis" en daarin hoop gevind het vir die toekoms.

Deur hulle verhale te vertel, integreer mense met kanker hulle ervaring in hulle lewensverhale in 'n poging om hoop te vind vir die toekoms (Aldredge-Clanton 1998a:42) en ervaar hulle hulle spiritualiteit beter as op enige ander manier (Aldredge-Clanton 1998a:43). Dit gee vir hulle weer 'n gevoel van orde en betekenis. "Feelings of regained control come as they structure and interpret traumatic events through the telling of their stories" (Aldredge-Clanton 1998a:47). *Deur narratiewe strukturering ontwikkel die proses van hoop* (Lester 1995:63).

**Johan:** Nou wil ek darem eers vir 'n begin sê as ons oor hierdie onderwerp praat, dan voel ek nou soos Moses wat op heilige grond staan en ek wil dit met groot deernis en groot respek hanteer. Dit is iets wat julle beleef het en Dina ek wil nou graag vir jou oorgee en begin met die enkele vraag: Vertel ons asseblief jou verhaal van mastektomie.

**Dina:** Baie dankie, Johan, dit is vir ons 'n voorreg om deel te wees van jou navorsing en ek glo ook dat die Here ons hierin gaan lei om regtig te vertel wat ons ervaar het en wat ek ervaar het. Om mee te begin, dit was in 1997 gewees, September, wat ek ervaar in my bors was daar iets nie reg gewees nie en ek was dokter toe en ek het self gekry en antibiotika en ek het gedink dit is iets kleins en dit gaan beter raak. Ons sou Desember weggegaan het met vakansie en November het ek nog steeds gevoel hier is iets nie reg nie en ek het 'n knop gevoel in my bors wat vir my 'n bietjie groter gevoel het en Dougie het vir my gesê, man, gaan weer dokter toe, gaan vind uit dat ons gerus kan wees oor hierdie ding wat jou pla.

En November was ek by die huisdokter en toe sy voel en kyk in die verslag toe ek die vorige keer by haar was, die grootte wat dit gegroei het, het sy my dadelik na die chirurg toe verwys. En ek kan nog onthou ons het die personeel afsluitingsfunksie gehad die Vrydagaand en die Donderdag het ek die dokter gaan sien, en die sekretaresse by die skool het my baie gerus gestel en gesê dis so 'n goeie dokter ek kan gerus wees. En met die gedagte van "ag, dit gaan seker weer 'n self en antibiotika wees wat ek gaan kry," is ek met groot gerustheid in my hart die volgende dag na die dokter toe en toe hy my klaar ondersoek het, sê hy hy wil my môre sny of Maandag. **Dit was vir my 'n verskriklike groot skok**, want hy het gesê dit lyk vir hom nie goed nie en omdat die knop so vinnig groter gegroei het, het hy gesê dit moet dadelik verwyder word.

## 2. BORSKANKER! DIE GROOT SKOK

'n Kankerdiagnose kom altyd as 'n skok, in Dina se woorde, "*n verskriklike groot skok.*" Gyllensköld (1982:71) beskryf dit as volg:

Both consciously and unconsciously, cancer is associated with death. Telling the patient the diagnosis often has violent and upsetting effects on her whole personality. The ability consciously to retain the knowledge of oneself as suffering from cancer and to make it merge with everything else which is inside one is a demanding adjustment. Even if a number of patients were partially prepared for the possibility of cancer, the definite knowledge was always something of a shock. Many authors discuss experiences of cancer diagnosis in terms of crisis.

Volgens dr. Susan Love (1991:238), 'n medikus, is skok die eerste reaksie wanneer 'n vrou hoor dat sy borskanker het. Veral as jy relatief jonk is en nog nooit 'n lewensbedreigende siekte gehad het nie, is dit moeilik om te glo dat jy iets so ernstig soos kanker het. Dit is dubbel so swaar om dit te glo omdat, in meeste gevalle, jou liggaam vir jou geen waarskuwing gegee het nie - geen pyn, koors of naarheid soos in baie ander siektes nie. Jy en jou dokter het hierdie pynlose klein knoppie ontdek, of jou roetine mammogram het iets verdag aangedui en die volgende wat jy hoor, is dat jy borskanker het. Die eerste ding wat enigeen dink wanneer sy met borskanker gediagnoseer word, is: "Gaan ek sterf?" Dit word vinnig opgevolg met: "Gaan ek my bors verloor?" Love (1991:238) sê dan verder: "Obviously, breast cancer is a disease with a major psychological impact. In fact, whenever you think you have a lump, or get a mammogram, or have a biopsy, you rehearse the psychological work of having breast cancer. Although ... most women *don't* die of breast cancer and most do *not* have to lose their breasts, these remain the major fears."

Shapiro et al. (2001:502) verwys na verskeie studies wat bevind het dat borskanker, die mees algemene tipe kanker onder Amerikaanse vrouens, "elicits greater distress than any other diagnoses, regardless of prognosis." Becvar (1996:84) skryf oor haar eie ervaring van borskanker

en sê: "Speaking of fears, I want you to know just how frightened I am. My diagnosis is likely to bring to mind every tragic breast cancer story I have ever heard. And the sense of urgency on the part of the doctors as well as all the well intended warnings that fill the news papers and TV just add fuel to the fire."

In gesprek met Gyllensköld (1982:88) vertel 'n vrou van haar eerste reaksie nadat sy gehoor het dat sy met borskanker gediagnoseer is: "Oh no, I don't know what to say. Oh, no, half a person was my first reaction. It must in any case be the worst thing that can happen to a woman ... It did come as a shock. Three weeks, oh ... *between hope and despair*" (My kursivering en beklemtoning).

Ireland (1993:30) sê: "The image of catastrophic disfigurement through the loss of a breast is often what is most feared as the inevitable consequence of having breast cancer. Ask a woman what she dreads most and many will answer 'breast cancer.' ... The very word mastectomy tends to strike fear into the bravest of hearts. ... Losing a breast is damaging to mind, body and emotions. Adjusting to it happening will require courage and willpower, and positive logical thinking of the highest order."

Vanaf die skokdiagnose en uiteindelik die realiteit van die mastektomie én daarna, swaai die pendulum tussen *hoop en wanhoop* (Aldredge-Clanton 1998a:3). Uiteindelik, deur 'n groeiproses waarin betekenis/sin gegee word aan die gebeure (Aldredge-Clanton 1998a:19) en die toekomsverhaal gerekonstrueer word (Aldredge-Clanton 1998a:41), kan *hoop* die *wanhoop* oorwin.



### 3. KANKER, KRISIS EN DIE TOEKOMSVERHAAL

In die aanhaling hierbo sê Gyllensköld (1982:71) dat die diagnose van kanker deur baie in terme van 'n krisis beskryf word. Dina gebruik ook hieronder die woorde: "As so 'n groot krisis 'n mens tref in jou lewe ... "

Daar is baie definisies van 'n krisis, maar hulle verwys almal na 'n ontwrigting van die menslike bestaan wat hoër angsvlakke skep as wat normaalweg ervaar word en wat ons in 'n staat van disekwilibrium bring. In die konteks van sosiaal-konstruksionistiese teorie, is 'n krisis 'n gebeurtenis wat 'n persoon se bestaande verwysingsraamwerk (vgl. 1.4) of wêreldbeeld bedreig. Een of ander objek, persoon, of verhouding wat besonder bydra tot 'n persoon se gekonstrueerde realiteit, is **verloor, verander of bedreig** (Lester 1995:44). Uit 'n narratiewe perspektief kan 'n krisis gedefinieer word "as a disruption in the flow of a person's core narrative, particularly the future story component" (Lester 1995:45). Lester (1995:43) sê ook:

Narrative theory confirms that the future dimension of temporality is structured into future stories. These future stories are integral to our identity because they make major contributions to our core narratives. Most important for a pastoral theology of hope, these future stories are the stage on which we play out the dramas of hope and despair. Not surprisingly, crises result from either real or perceived threats to the future dimensions of our core narratives.

Frank (1991:27) beskryf sy eie kankerdiagnose en sê: "What was it like to be told I had cancer? The future disappeared." Miller (1993:27) sê: "Several days, several hours, ago I had a future." Die toekoms is nie meer vanselfsprekend nie (Gyllensköld 1982:87). Hierdie "broken future stories" bedreig die proses van hoop (Lester 1995:57). Dit is asof die toekomsverhaal doodgaan.

'n Persoon wat met kanker gediagnoseer is ervaar 'n bestaanskrisis wanneer vrae oor betekenis, doel en waarde met groot dringendheid na die oppervlak kom (Aldredge-Clanton 1998a:12). Sy/haar hele menswees is betrokke. "The life-shattering experience of cancer reaches to a

person's whole body, mind and spirit. The physical, emotional, and spiritual crises are inseparable" (Aldredge-Clanton 1998a:18).

**Dina:** Aanvanklik was ek so deurmekaar in my kop en ek het nie besef wat is regtig aan die gebeur nie en ek het baie ontsteld my probeer bymekaarkry en ek is terug skool toe en daar my sake gereël met my klas en my kinders en ek het vir Dougie gebel en ek het toe besluit maar hoe gouer hoe beter en ek het die dokter laat weet dat Saterdag sal reg wees. Ek moes ook 'n vorm teken wat toestemming sou gee as dit nodig sou wees vir 'n mastektomie en daar het baie deur 'n mens se gemoed gegaan van "ja, ek teken die vorm, maar Here, ek weet dit sal nie nodig wees nie. Ek weet dat so iets sal my nie tref nie." **Ons is 'n groot familie, en ons het geen geskiedenis van borskanker nie.**

#### 4. 'N ONVERWAGSE DIAGNOSE

Dina het in 'n baie gesonde familie grootgeword, soos sy sê later beskryf (sien "Familie Agtergrondverhale"). Miller (1993:29), wat ook in 'n gesonde familie van agt kinders grootgeword het, sê "... and now that run of almost uninterrupted health and a shielding from adversity has extended into yet another generation. My siblings tell my wife and me that their children seem quite bewildered, stunned even, by this turn of events and barely know what to make of things. *An uncle gravely ill is almost fully outside their register of life.* (My kursivering en beklemtoning). Kanker was ook totaal buite Dina se verwysingsraamwerk (sien "Reflekerende Gesprek met Dina."). Miller (1993:29) sê verder: "I knew, as we all know, if we thought about it, and sometimes we did, the time was coming when the run would be over. Only I hadn't, I confessed, exactly pictured myself as the one to end it."

**Dina:** Die operasie het toe plaasgevind en ek kan baie goed onthou toe ek teruggekom het in die saal en ek wakker geword het, het Dougie my meegedeel hoe het dit gegaan en my meegedeel dat my bors verwyder is en daar is kwaadaardigheid. Ek het 'n ongelooflike kalm, rustigheid beleef, wat ek glo net die Here vir my kon gee daardie tyd. Vir my was dit 'n nuwe pad, 'n draai in my pad wat ek moes loop en **ek het dit aanvaar, heeltemal aanvaar.** Dit was vir my 'n pad wat ek saam met God, eintlik teenaan God, van toe af sou loop.

## 5. AANVAARDING EN HOOP

Volgens Shapiro et al. (2001:505) "maintaining a positive sense of control in the face of breast cancer was significantly related to adaptation at six-month follow-up." Hulle sê ook verder: "Acceptance (positive yielding) is a unique feature of control that is often overlooked in Western psychology, ... and yet, the literature demonstrates that acceptance is a crucial component in gaining an optimal sense of control ... women with breast cancer using a balanced mode of control including both assertiveness and acceptance showed the best psychosocial adjustment."

Bagby (1998:2) vra "How can healing or hope emerge after such cardinal losses? ... How do those who lose find hope in the absence of full recovery? ... How do people find healing and hope in the debris of major loss?" Hy sê dan alhoewel rou, bitterheid en frustrasie gewoonlik deel is van die pad na heling en hoop, "these survivors recorded those experiences as chapters in their journey toward a new sense of self that included peace of mind and acceptance of themselves *with* their loss." Persone wat hulle veranderde toestand aanvaar het, "seem to have found an acceptable new identity, a redefined center to their purpose." Hulle sien hulleself nie as slagoffers van 'n wrede noodlot nie, maar as "survivors of a near catastrophe" (Bagby 1998:3). Heling het ingetree wanneer hulle hulle verlies as onvermydelik aanvaar het, gekies het om te fokus op dít wat hulle oor het, en begin glo het "in their altered self as useful and worthwhile."

Die vermoë om 'n verlies as slegs 'n klein gedeelte van 'n mens se self-identiteit te ervaar, is deurslaggewend vir hierdie emosionele herstel. "***Hope is born in the emergence of this healing, as the griever learns to focus not on what she has lost - but what she has left.***" (My kursivering en beklemtoning). Emosionele genesing/heling is dan die vermoë om emosioneel te herstel van onomkeerbare verliese. 'n Keuse word gemaak om die fisiese gebeurtenis te oorwin "by taking charge emotionally of how life will be interpreted." ***Hoop word beleef in die lig van 'n positiewe interpretasie van die hede en die toekoms*** (Bagby 1998:4,5).

Bagby (1998:5) sluit sy bespreking oor "Physical loss and Hope" af met dié woorde:

Hope, in the aftermath of physical loss then, depends on a long journey of processing inner pain, and tenaciously rehearsing a positive personal attitude that lift the survivor's spirit above the physical loss. *The willingness to accept the present loss, imagine a positive self, and embrace a worthwhile future - all contribute to emotional healing and personal hope in the face of irreversible loss* (My kursivering en beklemtoning).

**Dina:** Ek het baie ondersteuning van my man gekry en my kinders, my familie en vriende wat vir my ontsettend baie beteken het. As so 'n groot krisis 'n mens tref in jou lewe, besef 'n mens wat beteken jou familie en vriende vir jou. Soveel gebede, soveel belangstelling, besoeke, blomme, het vir 'n mens soveel *krag* gegee en *moed, positiwiteit*. Ook my pa se woorde wat vir my gesê het: "My kind, weet jy, ek wil vir jou sê dat jy hoef nie eers te bid nie, want jy moet net rustig wees. Ons is genoeg wat vir jou sal dra en vir jou kan bid in hierdie tyd. Dis vir ons genoeg om te weet ons Hemelse Vader wéét ..." Hy het ook vir my Num. 6:24-26 gegee.

## 6. ONDERSTEUNING EN HOOP

*Hoop groei in verhoudings* (Lynch 1974:24; Fitzgerald 1979:12; Lester 1995:94) in 'n *sosiaal-konstruksionistiese proses*. Weingarten (2000:401), wat ook borskanker gehad het, was in gesprek met 'n vrou wie se borskanker versprei het na haar heup en skelet, en wat aan Weingarten gesê het: "I am hopeless. I have no hope." Weingarten (2000:402) se antwoord aan haar was: "Of course, you feel hopeless. It is not your job to feel hope. Rather, it is the responsibility of those who love you to *do hope* with you." Sy sê verder:

Hope is something we do with others. Hope is too important - its effects on body and soul too significant - to be left to individuals alone. Hope must be the responsibility of the community. Where this is so, there will be a sense of wonder, which has been called the abyss where radical amazement occurs. There is an abyss. Often. We can look across or we can look in. We can find ourselves in it or know others who are. When we

enter the abyss, when we see it, then radical amazement is ours. Ours.  
Together. With hope.

Hanna (1998:3) sê hoop is noodsaaklik omdat teenspoed 'n onvermydelike deel van die menslike bestaan is. Dit is die geloof dat oorlewing moontlik is en dat ons selfs oorlewing kan transendeer en floreer. Hoop kan beïnvloed word, geblus word, uitgenooi en aangemoedig word *deur interaksie met ander*. Dit is ook 'n vennoot van innerlike geestelike krag (“resilience”). “Resilience is the triumph over adversity. Ignited by hope, it is the flame of refinement that brings strength to prevail in the face of difficulty. Resilience is also the discovery of strength we did not know we had. As such, it becomes a catalyst for new hope to emerge.” So groei hoop en innerlike geestelike krag hand aan hand in 'n interaksionele proses met ander.

Verskeie studies toon aan dat vrouens met borskanker wat goeie sosiale ondersteuning ontvang, 'n langer verwagting van remissie en beter lewenskwaliteit geniet (Penninx et al. 1996:231; Weihs 1996:91; Shapiro et al. 2001:506).

Weihs (1996:90) sê “Secure relationships provide a platform upon which redefinition of self in response to breast cancer can occur. The integration of this unwelcome reality into a woman’s identity takes place within the intimate, communicative transactions of everyday life.” Dit is moeilik vir 'n vrou om haarself as waardevol en bemind (“lovable”) te sien indien geliefdes na aan haar nie op so 'n wyse reageer nie. Die behoeftes van die vrou wat borskanker het werp nuwe lig op verhoudings en die betekenis van verhoudings word geherdefinieër saam met die pasiënt se verstaan van haarself (Weihs 1996:91).

Intieme, liefdevolle verhoudings het kragtige genesende potensiaal (Aldredge-Clanton 1998a:93) en het die vermoë om hoop te produseer (Lester 1995:95). “Hope is closely allied with trust (or faith), and therefore with love. Without faith and love, hope is not firmly rooted; it gains its depth from its associates in the triad. It is “listening love” that evokes hope and

grounds it in the experience of human solidarity. *Hope grows in a network of human caring*’ (Fairchild 1980:58). (My kursivering en beklemtoning).

**Dina:** Ek het my kinders en veral my dogters, in hierdie tyd openlik betrek van die begin af. Toe ek ontslaan is uit die hospitaal uit, het ek vir hulle presies vertel wat gebeur het. Hulle het my gehelp met die wond, om dit skoon te maak en te verbind, en hulle het saam met my my herstel beleef.

**Johan:** Wat het dit vir jou beteken dat juis jou dogters jou wond vir jou kon help versorg?

**Dina:** Dit was vir my wonderlik. Dit was vir my wonderlik om hulle te kon hê. Ek het eintlik ryk gevoel, ek het eintlik nie alleen gevoel nie, ek het ... dit was vir my regtig 'n goeie ervaring dat hulle dit saam met my kon deurmaak.

**Johan:** En wat dink jy het dit aan die moeder-dogter band gedoen?

**Dina:** Nee, ek dink dit het dit net soveel stewiger gemaak. Ek dink dit het ons soveel nader aanmekaar gebring en hulle is ongelooflik sensitiewe, besorgde kinders. Ek dink ons het 'n diep verhouding, ek het 'n diep verhouding met altwee my dogters.

## 7. OPENHEID TEENOOR KINDERS

Love (1991:247) sê dis 'n moeilike vraag wat om vir jou kinders te vertel. Dit bly 'n individuele keuse, en daar is geen vaste reëls nie, maar dis verstandiger om eerlik met jou kinders te wees en om die “scary” woord “kanker” te gebruik. As hulle dit nie van jôú hoor nie, sal hulle 'n gesprek hoor wanneer jy dink dat hulle nie in die vertrek is nie, of 'n vriend of buurman sal per ongeluk iets sê. “And when they hear it that way, in the form of a terrible secret they were never supposed to know, it will be a lot more horrifying for them. By talking about it openly with them, you can demystify it.”

Love (1991:248) skryf ook verder: “Frightening as it can be for kids to know their mother has a life-threatening illness, if you’re honest and matter-of-fact with them, the chances are it won’t be too traumatizing.

Openheid en eerlikheid teenoor die kinders skep die geleentheid om ook vir hulle *die groei van hoop* te fasiliteer (Shurden 1998:6).

**Dina:** Ilze, een van my dogters, was nog altyd, voor die operasie, voordat daar iets met my gebeur het, altyd die besorgde een oor my, baie bang dat ek iets sou oorkom. Elke aand het ek ook saam met haar gaan bid voordat sy aan die slaap gaan raak, dan het sy ook gebid dat die Here my so moet bewaar en dat Hy my tog nie moet wegneem nie, vroeg in my lewe nie. Sy’s baie naby aan my, ‘n baie besorgde kind, en sy het ook in hierdie tyd ‘n baie mooi gedig geskryf oor my kanker – “Winde” – wat sy seker later ook met jou sal deel. En Luna weer aan die ander kant, hulle is ‘n tweeling wat elkeen sy eie unieke persoonlikheid het, Luna weer wat vir my ‘n baie groot steunpilaar was. Sy is weer die meer uitlewende persoonlikheid, sy’s vrolik en my altyd baie positief hou. Klein Dougie, so klein as wat hy is, hy is weer vir my my seun wat baie goed op sy eie aangaan, maar tog, in stilte, en wanneer ons saam kom bid, dan sal daai bewerige stemmetjie vir my vertel dat hy as seun ook baie meer en dieper ervaar as wat hy ooit wys.

My opvolgtoetse kan ek baie goed onthou. ‘n Dokter wat vir my baie beteken het, die radioloog (na die operasie het ek gegaan vir ‘n mammogram). Wat vir my ontsettend baie beteken het (‘n mens is baie onseker en jy het maar vrae in jou kop oor **hierdie ander bors:** is dit reg, gaan dit goed daar?).

In afwagting in die kamer totdat hy met jou kom praat, bid ‘n mens maar, en glo ek dat die Here sal onderneem. Toe hy terugkom, toe vra hy hoe gaan dit met my. Ek kon toe vir hom sê “Dokter, dit gaan goed met my.” En ‘n eenvoudige boodskap wat hy vir my gegee het en wat vir my baie beteken het – hy het vir my gevra hoe gaan dit hier (hy het so gewys na sy kop), hier bo. Toe sê ek dit gaan goed. Dit gaan regtig goed met my. Toe sê hy: “Onthou net, dis baie **belangrik dat ‘n mens hier bo positief moet bly en jou kop positief moet hou.**” En daai eenvoudige boodskap, menslikergewys, het vir my baie baie beteken vorentoe.

## 8. POSITIWITEIT

Dina se positiewe ingesteldheid het vir haar besonder baie beteken in die verwerking van die hele proses. Daar is beslis 'n wisselwerking en nou verband tussen positiwiteit en hoop. Haar positiwiteit het ook hoop gegenereer vir haar familie.

Dit beteken egter nie dat sy die proses minder traumaties beleef het as enige ander vrou nie. Die chemo was vir haar ook "'n onaangename ervaring" (p 87); die verlies van haar hare was "'n groot stopteken" in haar lewe (p 88); sy het ook die onsekerheid "oor hierdie ander bors" en opvolgvrese beleef (p 92); die verlies van haar bors was "terrible" (p 127) – ("Dit het vir my gevoel soos 'n gat wat in my liggaam gelaat is. Ek het ongebalanseerd gevoel. Ek het in my liggaam 'n groot verlies beleef"). Sy het gevoel sy "gaan nooit weer volkome vrou wees nie" (p 127). Haar positiwiteit het egter bygedra tot die wyse waarop sy die trauma verwerk het en sodoende 'n groei in haar lewe beleef het (p 99).

Positiwiteit beteken ook nie om onrealistiese verwagtinge ten opsigte van genesing te hê nie. Dina sê ook "veronderstel mens het nie gesond geword nie, gaan die *hoop* nie ophou nie, want hierdie *hoop* is nie net *hoop* om gesond te word nie, maar *hoop* baie wyer en groter, *hoop in Christus* word juis dán, dink ek, net sterker, inniger, hefter, sinvoller" (p 121). Dina se positiwiteit, gepaard met 'n realistiese benadering (p 107), was gewortel in haar *hoop in Christus*. As haar gesondheid nie sou terugkom nie, sou Hy nog altyd dáár wees vir haar!

Dit gebeur ongelukkig egter dat mense met kanker dikwels onder emosionele druk geplaas word om onder alle omstandighede positiewe denke te beoefen en te behou. Positiewe denke word as voorwaarde vir genesing gestel. Die gevolg is dat skuldgevoelens ontwikkel wanneer hulle toestand nie verbeter nie, of selfs versleg. Die fout moet dan in hulleself gesoek word. Dalk glo hulle nie reg nie, of dalk bid hulle nie reg nie. Enige sweem van negatiewe gedagtes beteken dan dat hulle self verantwoordelik is vir hulle toestand – dat hulle as't ware met negatiewe gedagtes en woorde die siekte "oor hulleself spreek."



Holland & Lewis (2000:13) noem dit “The Tyranny of Positive Thinking,” en Barraclough (2000:47) praat van die “Prison of Positive Thinking.” Vir die meeste pasiënte is kanker die moeilikste en vreesaanjaendste ondervinding wat hulle ooit beleef het. “All this hype claiming that if you don’t have a positive attitude and that if you get depressed you are making your tumor grow faster invalidates people’s natural and understandable reactions to a threat to their lives. That’s what I mean by the tyranny of positive thinking” (Holland & Lewis 2000:14). Hierdie mites en gelowe lei ook daartoe dat die persoon geblameer word dat hy/sy kanker gekry het (Holland & Lewis 2000:15).

Ons weet wel hoe houdings en emosies ons endokriene en immuun sisteme kan affekteer wanneer ons op stres reageer. Dit is egter nie duidelik of houdings en emosies in sigself ‘n interne proses kan verander om ‘n impak te maak op die groei van ‘n tumor of die liggaam se reaksie daarop nie. “We don’t know whether the blips in hormone and immune levels due to stress have any connection to cancer at all or, should there be any such connection, how it works” (Holland & Lewis 2000:19).

Daar word te veel foute en prematuur aannames gemaak op grond van onvolledige navorsing (Holland & Lewis 2000:19). Dit is gevaarlik om te veralgemeen oor houdings en die impak wat dit op kanker het sonder meer inligting. Die hedendaagse tirannie van positiewe denke viktimiseer soms mense. Elkeen moet die vryheid hê om sy/haar kanker te hanteer op dié wyse wat vir hom/haar werk. “If thinking positively works for you, well and good. If it doesn’t, use the coping style that’s natural to you and has worked in the past” (Holland & Lewis 2000:20; vgl. ook Barraclough 2000:47 “each individual has to cope with cancer in his or her own way”). Deur voor te gee dat dit goed gaan terwyl jy in werklikheid baie bang en ontsteld is, kan jou afsny van ander se hulp en ondersteuning. Angs en depressiewe gevoelens kan verlig word wanneer dit met die dokter bespreek word (Holland & Lewis 2000:20).

Barraclough (2000:48) vat dit goed saam: “It is misguided and naïve to expect all cancer patients to be consistently positive, without being allowed to express feelings of sadness or anger, or giving themselves time to absorb and adapt to their experience.” Om sleg te voel en bang te wees en dit ook te sê, beteken nie dat ‘n mens negatief en klein- of ongelowig is nie. Iemand met

kanker moet die vryheid en vrymoedigheid hê om sy/haar emosies te verwoord en uit te spreek. Die positiwiteit lê nie opgesluit in die gebruik van positiewe woorde nie, maar in die hoop wat 'n mens in die slegste omstandighede laat volhard en jou tragedie in 'n triomf laat verander.

**Dina:** In Januarie 1998 het my chemo begin by dr. C en baie onseker en het nie geweet hierdie onbekende pad wat vir 'n mens voorlê nie, hoe gaan jou liggaam reageer op hierdie behandeling wat 'n mens moet kry. **Baie twyfel ervaar, bang ervaar** en ook hier het die Here vir my gewys dat Hy met my is, elke oomblik van hierdie pad wat ek moet stap. En ook dr. C se boodskap met my eerste besoek daar het hy gesê “weet jy, ek wil vir jou sê dat as ons die Vader brood vra, sal Hy ons nie 'n klip gee nie.” En dit het my soveel gerustheid weer gegee in my hart, dat “Here, ek het vir jou alreeds so baie gevra, maar dat dit wat voorlê, sien ek kans voor. Dankie vir brood wat U vir my gaan gee.”

## 9. CHEMOVRESE – TERAPIE EN HOOP

Becvar (1996:84) skryf: “But perhaps more than the disease, I want you to know how much the treatment frightens me. I worry about what it will do to me, and once I know, I dread going back for more. Indeed, some women feel that chemotherapy is an unbearable experience that they would never go through again.”

Alhoewel Holland (2000:43) sê dat mense bekommerd is oor chemoterapie omdat hulle beelde het van twintig jaar gelede voordat daar medikasie was om naardheid, vomering en ander problematiese nuwe-effekte te beheer, het Dina dit as 'n onaangename ervaring beleef. In 'n volgende gesprek het Dina vertel van positiewe ervarings wat sy gehad het tydens die chemobehandeling. Dit word hier ingevoeg. Te midde van 'n fisiese uitputtende behandeling, was daar ook baie hoopvolle ervarings gewees:

Omgee en positief en krag kry was vir my 'n ervaring met elke chemosessie wat ek beleef het. Ek het, as ek nou daaraan terugdink, wil ek vir jou sê, kry ek sommer hoendervleis van lekkerte, want dit was so 'n positiewe tyd in my lewe. 'n Baie slegte en swaar tyd, maar tog ook 'n baie kontrasterende positiewe tyd wat ek beleef het daar. Daar was baie siek mense, daar was baie siekêr mense, maar nooit het ek daar 'n negatiewe tyd ervaar terwyl ons daar gesit het op daai lekker stoele en hierdie koeldrank wat ons drink nie, wat in ons are gepomp is. Daar het ons mekaar moed

kon inpraat en bemoedig, wat regtig pitkos was vir die tyd tot jy weer mekaar sien. Dit was regtig 'n geseënde tyd. Jy het hulle nooit rêrig hoor kla nie en daar was nogal oulike humor oor hare wat uitgeval het. Ons het sulke koue goed op ons koppe gehad wat sou keer vir die hare wat uitval. En nadat my hare uitgeval het en nog iemand se hare uitgeval het, dan sien jy die nuwes wat bykom wat chemo kry, wat dan maar ook hierdie koue goed opsit, dan het ons vir hulle gesê "kyk, ons het dit ook probeer, maar dit het nie gewerk nie, ons hoop dit werk vir julle." En dan later sien ons die haartjies word al minder, totdat hulle ook maar daai koue goed los. En daar was chemo-sessies ook, gesprektyd met God gewees, want jy het daar twee-en-'n-half na drie ure gesit, en jy het gesels met mense, en later het jy moeg geraak en net jou oë toegemaak. Dit was vir my ook baie keer gesprektyd en bidtyd en smeektyd met God gewees, smeektyd met dankseggingstyd. So dit was vir my ook, as ek dink aan positief en krag kry, ook dáár het ek dit regtig beleef.

**Dina:** Die chemo was 'n onaangename ervaring. Ek het na my tweede chemobehandeling 'n verskriklike griep aanval gekry en baie sleg gevoel en Februarie het **my hare begin uitval**.

## 10. HAARVERLIES

Frank (1991:93) beskryf sy haarverlies na chemoterapie en sê: "The loss of hair has to be mourned; it is another break with the younger self you no longer are." Hy sê verder dat hy nooit aan haarverlies gedink het as een van die lewe se groot probleme nie, maar om al sy hare met een slag te verloor was traumaties. Die betekenis van die verlies was egter 'n groter probleem: "Cancer made baldness into a stigma; I imagined others seeing me as a cancer "victim." Baldness was a reduction to the passivity of a victim, a patient, or a sufferer."

Richards & Palmer (1988:335) beskryf 'n aantal dinge wat vir haar (Richards) vernederend was toe sy kanker gehad het en sê dan dat die verlies van haar hare vir haar die grootste vernedering was. "It is common for women to report a sense of devastation and powerlessness as emotional reactions to the physical loss of hair. Many women initially grieve hair loss more than the loss of a breast because it is so exposed, whereas breast loss can be kept hidden at least from the public eye" (Henderson 1996:214; vgl. ook Aldredge-Clanton 1998:16; Kneece 2001:80,81).

Alhoewel Holland (2000:117) die haarverlies as "an assault on femininity" beskryf en ook sê dat dit 'n mens se selfvertroue kan beïnvloed (Holland 2000:93), sê sy ook dat dit makliker

word, of ten minste hanteerbaar, as jy jou oog op die bal hou “in terms of the trade-off between short-term side effects and the possibility of long-term benefit and survival” (Holland 2000:73).

In die opvolggesprek waarna in paragraaf 9 verwys is, het Dina verder uitgebrei oor die verlies van haar hare:

**Johan:** Dis vir my interessant, as ek dink aan ons eerste gesprek. Toe jy oor jou hare gepraat het, het jy baie hartseer geword en was daar tranes oor jou wange, en as jy nou gesels oor die ervaring met die chemo en jou hare wat uitgeval het, kon jy tog ook weer begin lag.

**Dina:** (*Laggend*) Ja, ja-nee, verseker.

**Johan:** Alhoewel dit ook maar 'n lag met 'n traan is.

**Dina:** Ja, ja, ja-nee.

**Dougie:** Die hare het darem weer uitgegroeï, en sterker. Sy sê haar hare is sterker.

**Dina:** Ja-nee. Dit was 'n swaar tyd. Ja, dit was nogal 'n ding om te ervaar. Maar, gelukkig, 'n vriendin van my sê altyd niks het gekom om te bly nie. So, die hare het weer begin groei.

**Johan:** Sou jy sê dat die verlies van hare ook iets te doen het met jou vrouwees?

**Dina:** Ja, verseker. Wel, vir my, ja, definitief. Nog altyd ... my hare moet netjies wees. Dis deel van my, dis deel van my aantrek.

**Johan:** Deel van Dina.

**Dina:** Ja. En, ja, joe, en selfs my werk ook ... ek het net besluit, ek het besef, joe, ek kan nie sonder hare gaan skoolhou nie. Ek meen, dis vir my ... ek kan my nie self voor 'n klas sien nie, ek kan my nie self tussen kinders sien sonder hare nie. Ag, en ek het al gedink daaraan, sou ek nie 'n pruik dra nie, sou die kinders dalk in die begin nou gedink het, haai dis nou vreeslik snaaks, maar 'n kind se aanvaarding is ook so onmiddellik, so mens wonder darem ook hoe sou dit gewees het, maar vir my was dit tog belangrik. Ja, dit was 'n groot verlies in my lewe vir 'n paar maande, ja.

**Johan:** En jy het ook dáár uitgestyg.

**Dina:** Ja, gelukkig, ja.

**Dina:** Ek het nog steeds skool gehou. Die skoolhoof was baie tegemoetkomend, vir my verlov toegestaan. En toe my hare een Sondagoggend uitval, ek het my vingers so deur my hare getrek, en ek kon nie glo wat ek in my hande sien nie en besef, maar, hier is nou 'n groot stopteken in my lewe, veral wat my werk aanbetref. Ek sien nie kans om aan te gaan met wat ek doen nie, sonder hare nie. Vir my was my hare nog altyd belangrik. Dit was vir my ... my hare moet reg wees. En ek het na ons skoolhoof toe gegaan en vir hom gesê: “Meneer, hier is 'n groot stop in my lewe. Ek sien nie kans om verder te gaan nie.” Hy is 'n groot mentor in my lewe, ek ken hom baie jare al en hy het net vir my gesê: “Weet jy, ek ken jou lank genoeg om te weet dat jy hierdeur ook sal gaan. Dit gaan nie vir jou 'n stop wees nie, ek weet jy sal dit kan maak.” Dit het vir my weer moed gegee, en besluit, ja, goed, ek moet nou 'n plan maak, ek moet 'n pruik kry, want sonder hare sien ek nie kans om te beweeg in my klas en die skool en die samelewing nie.

Ek het toe 'n pruik gekry, want ek glo ook die Here het daar vir my wonderlik voorsien. Die vriendin van my wat my hare versorg het – ek het na haar toe gegaan en gesê ek het hierdie probleem. Sy het gesê sy weet van iemand in Kempton Park wat pruike aanhou. ReINETTE het saam met my gegaan die dag toe ons na my hare moes gaan kyk het. Ek het vir die vrou oor die telefoon mooi beskryf hoe my hare lyk en toe ons die dag kom daar by haar ('n baie interessante mens), kon jy kies en keur daar – swart, en, amper wil ek sê groen, krul en steil hare, en sy het haar hande so oor al die boksies beweeg, en een uitgetrek en die hare wat sy daar uitgehaal het, was die hare wat ek gedra het vir agt maande. Toe ek die hare op my kop sit en ek vir ReINETTE vra: “Jy weet, jy ken my hare,” het sy gesê: “Weet jy, hier waar ek staan is ek hoendervleis, want dit is jy.” Sy sal dit vir my reg sny. Die hare, die haarkleur ... dit is ek. Met 'n lied in my hart het ons teruggery die dag en ek het kans gesien weer om aan te gaan. ReINETTE het my hare mooi vir my reggesny.

Die dag toe my hare te min was, het ek die pruik begin opsit, en dit was ongelooflik. Baie mense het nie eers agtergekom dat ek 'n pruik gedra het nie. Ek het die skoolfoto's wat geneem is die jaar vooraf, het ek sekere klere aangehad en toe met my pruik het ek weer dieselfde klere

aangetrek, en vandag as jy die twee foto's teen mekaar hou, kan jy amper nie eers die verskil sien nie. Ek glo ook dat die Here daar so in detail geweet het, hoe belangrik dit vir 'n mens is (en 'n mens se hare op jou kop, ek het dit ... 'n mens besef baie dinge as jy dit verloor het en hoe belangrik dit in jou lewe is), dat Hy ook daar so goed kon voorsien het en dat ek daai pruik kon dra vir agt maande en kon aanhou skoolhou. Kinders is wonderlike goed. Hulle kan baie gou 'n andersheid opmerk aan jou. En in daai tyd het nie een kind ooit vir my gevra: “Juffrou, juffrou se hare lyk snaaks,” of “maar dit lyk dan nie soos juffrou se hare nie.” Nie eenkeer het dit gebeur nie. Ek het met selfvertroue elke dag skool toe gegaan en my werk gedoen, en met hulle gewerk.

Ook wat vir my wonderlik was, is vriendinne wat my chemo toe gevat het en een vriendin wat ook in daai tyd vir my 'n blymaakboek gegee het. Dit is hierdie boekie wat ek hier het. Sy het gesê: “Hierdie boek moet jy eintlik elke dag iets in skryf, moenie 'n dag oorslaan nie.” (Maar dit is nie altyd moontlik nie). Maar hier is kosbaarhede, hier is gesprekke met God, ek met Hom en Hy uit die Woord uit, wat my gedra het in hierdie tyd. (Ek het 'n ander boek ook wat ek verloor het, hierin is ook kosbaarhede ... 'n boek wat ek gekry het vir dit wat ek moes deurgaan.) Sy het hier voorin geskryf vir my: “Ons sal nooit by die dagbreek uitkom, tensy ons gewillig is om die pad van die nag te bewandel nie.” Ek sal netnou weer oor my blymaakboek praat.

Augustusmaand het ek bestraling gekry. Dertig bestralings, van Maandag tot Vrydag. Dit het my verskriklik moeg gemaak. Ek het ses weke elke dag Unitas toe gery en skoolgehou. As ek dit oor kon kry, dan dink ek dat ek liever by die huis wou bly. Dit het my baie uitgeput. Na die bestraling, toe alles verby was, was mens baie verlig en bly vir lang behandelings, uitputtende behandelings, waar mens baie dae sleg gevoel het en dit was vir enigiemand ... **Elke snaakse pyng gevoel het 'n mens laat wonder, dit het 'n worsteling in jou kop veroorsaak**, is ek klaar, wat lê vir my nog voor. En na dit, na elke opvolg (dit was eers drie maande uit mekaar uit, toe vier maande, ek is nou by ses maande), is 'n mens elke keer so verlig en dankbaar as die bloedtoetse teruggekom het, en dit was positief gewees. En ek gee aan die Here al die eer, aan ons Hemelse Vader, vir, regtig, gebede wat Hy verhoor het, versugtinge wat ons na Hom toe kon bring, voor Hom kon lê.

## 11. OPVOLGVRESE / VREES VIR HERVATTING VAN DIE KANKER

Vanweë die aard van kanker, met die moontlikheid van hervatting en verspreiding, gebruik dokters nie die woord “genees” totdat ‘n persoon met kanker lank genoeg in remissie was dat hulle met redelike sekerheid kan sê dat die kanker heeltemal vernietig is nie. Iemand wat as “genees” beskou kan word, het dieselfde lewensverwagting as ander persone van dieselfde ouderdom en geslag wat nooit kanker gehad het nie. Dit beteken nie dat hy/sy nooit weer kanker sal kry nie. “It means that he or she is *no more likely* to get or die from it than anyone else in the particular statistical group” (Strauss 1988:16).

Die meeste kankerpatiënte is bekommerd oor ‘n hervatting van die kanker. Becvar (1996:86) sê dat sy elke keer bekommerd was wanneer sy begin siek voel het, of ‘n simptome ervaar het, hoe gering ookal. “Going for checkups is often a nerve-wracking experience” (Becvar 1996:86). Volgens Gyllensköld (1982:144) se navorsing is hierdie vrees veral geassosieër met die ander bors, soos Dina ook hierbo verwys na “vrae in jou kop oor hierdie ander bors.” “The fear that cancer could strike again, apparently at random, at any time and in any organ, may be a potent source of anxiety even for those who appear to have been cured” (Barraclough 2000:39). Dertien jaar na haar borskanker ervaring het ‘n vrou nog teenoor Aldredge-Clanton (1998:56) haar vrees uitgespreek vir die hervatting van die kanker, alhoewel dit Love (1991:245) se ervaring is dat hierdie fase gewoonlik twee tot drie jaar duur, totdat ‘n persoon genoeg onskuldige hoofpyne en kneusplekke gehad het, genoeg bevestigende opvolgtoetse en bloedtoetse, om haar liggaam weer te begin vertrou.

Dit is normal vir mense om ‘n vrees vir hervatting van die kanker te beleef. Vir mense wat nie hierdie angstigtheid beleef nie, bestaan die gevaar dat hulle nie rekening hou met die realiteit van ‘n borskanker diagnose nie (Kneece 2001:94). Hierdie realiteit hoef egter nie mense se lewens te beheer nie. Alhoewel ‘n mens se lewe nooit weer ten volle dieselfde sal wees nie, sal jy ophou om in terme van jou kanker te lewe. Die vrese en herinneringe sal van tyd tot tyd terugkom – miskien met die jaarlikse opvolgbesoeke, miskien met die herdenking van die diagnose, miskien wanneer ‘n vriendin ‘n hervatting gehad het. “But they’ll be part of your life, not the center of it” (Love 1991:245).

**Dina:** Ek kan onthou een Sondag, toe ek by die huis my pruik afgehaal het, toe my hare so uitgeval het, wou ek nie kerk toe gaan nie, het ek vir Dougie gesê: “Gaan julle kerk toe, ek wil net rustig hier wees, met myself. Ek het so met God gepraat. Ek was moeg vir die behandeling, ek was moeg vir dít wat mens moes deurgaan. “Hoekom ek? Hoekom het dit met my gebeur? My kinders is nog jonk.” Die predikant wat gepreek het die oggend, het gepraat oor Jesus Christus wat ons Verlosser is en ek dink dit sal nog my lewe lank by my bly. Dit is daar vir my. Ek moes seker die oggend by die huis gebly het om na die boodskap te luister, want hy het gesê dat Jesus ons Verlosser is, maar Jesus is ons ware Verlosser, en dat Jesus ons éinigste Verlosser is, maar dat Hy ook die volmaakte Verlosser is. En dáárdie oggend het ek ook ‘n volmáákte vrede ervaar om te weet Hy is die Verlosser, die ware Verlosser, Hy is die éinigste Verlosser, en Hy is die volmaakte Verlosser van pyn en lyding en siekte en hartseer wat ons beleef hier op aarde.

Maar ook in die skool het ek ryke ervarings beleef in my klas. My Godsdienstermines was na dít wat ek deurgemaak het, soveel sinvoller, soveel ryker, en ek wil graag met jou deel die een dag – ek het ‘n wonderlike klas gehad- die ouers het soveel ondersteuning gebied en gebel en navrae gedoen oor hoe dit gaan – en dit was hierdie tyd Kerstyd gewees en ek het gepraat oor Jesus se geboorte. Daar was ‘n swart dogtertjie in my klas, Nsako, wel te tale, verstaan goed Afrikaans, praat pragtig Afrikaans en ons het gepraat oor geskenke, wat beteken dit vir jou, die geskenke wat hulle kry en Nsako se hand het opgegaan – sy het vir my gevra: “Juffrou, dit, juffrou, die geskenke wat Jesus gekry het, het Hy dit regtig kon geniet en gebruik?” En ek het haar so gekyk, ek het gewonder: “Joe, ek het nog nooit so daarvoor gedink nie” en ek het vir haar gesê: “Weet jy, ek dink sy mamma het dit seker vir Hom gebêre tot Hy groot genoeg is en dit vir Hom gewys en vertel dat die wyse manne dit na Hom toe gebring het. Maar die aand het ek gedink oor hierdie kind se vraag en dit was vir my soos iets wat oopgebreek het, wat vir my duidelik geword het, wat ek nog nooit oor gedink het nie. Die volgende dag toe ons weer daar sit en ek met hulle sit en gesels, toe sê ek vir hulle ek het daarvoor gedink. “Ek dink net, as ek vir julle ‘n stukkie goud kon gee, wat sou julle met hom doen? Wat sou die stukkie goud beteken het?” En ek het hulle gelos dat hulle met mekaar eers ‘n bietjie praat en ek het vir hulle gevra en hulle het geantwoord: “Nee, joe, dis baie kosbaar.” Party het gesê hulle sal dit in die kluis wegsit, een het gesê sy sal dit ook goed wegsteek en dit toemaak, bewaar, want dis baie kosbaar. Een seuntjie het gesê hy sou dit verkoop het en die geld gebruik het. Toe sê ek vir hulle: “Weet julle, hierdie



goud wat Jesus gekry het, dink ek, is soos God in ons lewe. God is vir ons soos goud. Hy's vir ons die kosbaarste besitting van ons lewe. En God is daar, elke oomblik, van ons lewe, Hy's beskikbaar, Hy's daar. Dit is Jesus se geskenk wat Hy gekry het – daai goud is soos God vir ons in ons lewe en dat daai stuk goud is ons ook in God se hand, want Hy sê vir ons niemand kan jou uit sy hand ruk nie. Ons is net so kosbaar vir God, as wat Hy vir ons is. Dit is ons goud in ons lewe. En ek het vir hulle gevra of hulle al seergekry het. “Het jy al seergekry dat jy geval het met jou fiets, of gestruik het, wat doen jy dan?” Hulle het gesê nee, hulle het gewoonlik na hulle ma toe gegaan, dan het mamma hulle getroos en daar was altyd ‘n pleistertjie of salf wat sy aangesmeer het. In die grootste seer was sy altyd daar om te troos en dit sagter te maak. Toe sê ek vir hulle die mirre wat ons van lees is een van Jesus se geskenke en as ek die mirre kan vergelyk, dan vergelyk ek dit met Jesus wat soos salf is wat ons vandag kan gebruik, soos salf wat op ons wonde gesmeer kan word – Jesus wat vir ons gesterf het aan die kruis, wat vir alles betaal het in ons lewe. Ons kry nog seer, die seer gaan nie ophou nie, maar daar's ‘n Jesus waarnatoe ons kan gaan, en Hy het vir ons salf om aan ons seer plekke te smeer – en in die Bybel wat staan ook deur sy wonde het daar vir ons redding, genesing, gekom. Toe sê ek vir hulle, maar die geskenke wat Jesus gebruik het, die goud, en die mirre, gebruik elkeen van ons vandag nog. Dit is geskenke wat net nooit opgehou het nie. En ek het vir hulle gevra wie van hulle het al wierook beleef. Hoe werk wierook? En ons het wierook in die klas gebrand en ek dit vir hulle probeer prakties wys. Wierook kan ‘n mens nie altyd sien nie, as ‘n mens hom doodgeblaas het dat die geur in die klas versprei, en hulle moes hulle handjies opsteek as hulle dit geruik het in die klas. Toe het ek vir hulle gesê ek dink die wierook kan soos die Heilige Gees werk. Ons sien Hom nie, maar ons ruik en ons voel Hom. Hy lei ons, en Hy bemoedig ons, en Hy kan vir ons krag gee, en leiding gee. En ons lewe behoort ons ook te rig soos wierook – die heerlike geur van Christus moet in ons lewe teenwoordig wees, dit versprei en bereik .... Elkeen van ons kan ‘n wierokie wees wat dit iewers versprei. Maar ook so die Heilige Gees vir óns ‘n wierook wat jy kan voel en vir niemand kan beskryf hoe jy Hom ervaar nie.

Dit was vir my so ‘n oopbreek van die Woord, wat ek daai tyd ervaar het, dat: “Dankie, Here, vir drie geskenke wat vandag so fisies vatbaar in my lewe kon wees. **Dis so asof ek hierdie goud, en hierdie wierook, en die mirre, prakties kon toepas in my lewe, toe.** Dankie dat u geskenke nooit opgehou het nie, dat dit deel is van ons lewe elke dag.” En ook nadat die wyse manne die

geskenke vir Jesus gebring het, het hulle gekniel, en hulde en eer aan Jesus kom bewys, en dit is eintlik wat ons doel is hier op aarde, is om tot eer van God te lewe, om hulde en eer aan Jesus te bring. En dit is wat ek wil doen, as ek terugdink, dis baie makliker nou al, want tyd genees wonde, maar wil ek regtig aan Hom al die eer bring vir dít wat ek kon ervaar het.

## **12. DIE VERHAAL VAN GOUD, WIEROOK EN MIRRE**

Dina se verhaal van die goud, wierook en mirre, is ‘n kosbare voorbeeld van die versmelting van V(v)erhale (Veltkamp) en H(h)orisonne (Gerkin) soos beskryf onder die “Narratiewe Hermeneutiese Pastoraat” (p 14-16). Hierdie versmelting vind plaas wanneer ‘n mens se verhaal in verband gebring word met God se Verhaal, en dié Verhaal ook jou eie verhaal word. Hoop groei waar die V(v)erhale een word en die H(h)orisonne versmelt en ‘n mens se verhaal deel word van DIE VERHAAL VAN HOOP (vgl. p 70). Dit is die insluiting van die “hopeful sacred story” in mense se daaglikse konfrontasies met krisisse, tragedies, probleme, en ander lewensomstandighede (Lester 1995:149). Hierdie “sacred stories” wat God se liefde en sorg beklemtoon, het ‘n kragtige potensiaal om mense van wanhoop tot hoop te lei (Aldredge-Clanton 1998a:vii).

Mense met kanker probeer om hulle huidige ondervinding deur middel van storievertelling in hulle lewensverhale te integreer in ‘n poging om hoop vir die toekoms te vind (Aldredge-Clanton 1998a:42). In die Narratiewe Pastorale Teologie word ten opsigte van storievertelling nie gevra of die toepassing van byvoorbeeld die goud, wierook en mirre, eksegeties/teologies korrek is nie. Dit is háár verhaal. Dit is die versmelting van háár verhaal met God se Verhaal. Dit is die insluiting van die “hopeful sacred story” in háár tragedie wat gehelp het om haar tragedie in ‘n triomf te transformeer. “As they reflect on the meaning of their lives in the midst of a life-threatening illness, their own experiences with God may take on greater value than religious doctrines and institutions” (Aldredge-Clanton 1998a:45). Ek is dit ook eens met Lester (1995:93) dat ons mense se taal en simbole moet respekteer, selfs al praat hulle van “the pearly gates.” Hoé elke persoon sy/haar verhaal versmelt met dié Verhaal, hoé elkeen die “sacred story” in sy/haar verhaal insluit, moet altyd gerespekteer word, want dit ís uiteindelik sy/haar eie “sacred story.” Die pastorale terapeut moet egter wel oor eksegetiese vaardighede beskik om dié elemente in

mense se verhale te onderskei “that contribute to distress and disease and those that contribute to hope and wholeness” (Aldredge-Clanton:1998a:53). Lester (1995:93) sê ook: “If the story is forgotten, inadequate, or dissatisfying, we offer to remind, fill out, or change the story as communicated through ritual, scripture, and storytelling.”

Verhale uit die verlede en toekomsverhale smelt dikwels saam in diens van hoop (Aldredge-Clanton 1998a:44). Bybelse verhale verskaf dikwels die middel vir die versmelting van verlede, hede en toekoms (Aldredge-Clanton 1998a:45). “Stories from scripture and from other sources help people see design at the foundation of life in general and of their lives in particular. Joining their stories with other sacred stories can reveal that there is purpose at the heart of the universe and that they are not alone. *Hope rekindles as people with cancer make new discoveries about themselves through these stories*” (Aldredge-Clanton 1998a:53,54). (My kursivering en beklemtoning).

**Dina:** As ek moet oor kies, dan kies ek weer dieselfde pad, want **die geestelike ervaring, die geestelike groei, is onvergelykbaar – dit wat ek in my verhouding met God kon beleef.** Ons praat baie maklik oor geloof, om te glo, maar wanneer ‘n mens dit prakties aan jou lyf voel, besef jy dan eers hoe ‘n wonderlike voorreg het ek beleef om dit te moes deurmaak.

### **13. GEESTELIKE GROEI – DIE TRANSFORMASIE VAN GELOOFSNARRATIEWE**

Die diagnose van kanker is sekerlik nie iets waaroor ‘n mens bly is nie, maar baie mense met kanker het al hulle waardering uitgespreek vir die winste wat hulle deur die ervaring ontvang het. Kanker kan ‘n geleentheid word vir mense om hulle geestelike ervaring te her-evalueer terwyl hulle worstel met vrae oor siekte en gesondheid, skuld en genade, wanhoop en hoop, dood en lewe. Baie mense beskryf hulle kanker ervaring as die weg tot ‘n geheel nuwe lewe (Aldredge-Clanton 1998a:19). “I determined to allow the divine Potter to use this unwanted cancer for His glory and my growth. I needed to learn submission to His moulding hand in all of the unpleasant daily details associated with the tests and treatments” (Packo 1991:45,46). Verwysend na die “ten goede” van Rom. 8:28, en die gelykvormigheid aan die beeld van Christus in Rom. 8:29, sê Packo (1991:148) dat kanker ‘n brug kan word wat ons na Christusgelykvormigheid kan lei.

Elke krisis is 'n geleentheid vir 'n persoon om meer te leer oor sy of haar geloofsperspektief, insluitend die potensiaal om 'n dieper begrip te ontwikkel vir die "sacred story". "The sacred story represents a progressive narrative ... This progressive, hopeful sacred story has the power to overcome a dysfunctional, regressive story and *bring transformation into a person's faith narrative*. (My kursivering en beklemtoning). The future is opened and a person's horizons are expanded. The God who calls us into an open-ended future, who grants grace for the present moment and energy for the journey, is 'discovered'" (Lester 1995:152). Geestelike groei kan dus in narratiewe sin getipeer word as *die transformasie van geloofsnarratiewe*. In hierdie transformasieproses word 'n mens se verhouding met God op 'n nuwe manier beleef, die horisonne verruim, en 'n hoopvolle, dinamiese, toekomsverhaal ontwikkel waarby die "hopeful sacred story" geïnkorporeer is.

Tydens die reeds genoemde konferensie oor "Hope As A Dynamic For Healing" (p 3), het Shurden (1998:1) 'n referaat gelewer oor "The Dynamic of Hope in Families." Die dinamiek van hoop kan nie maklik verduidelik word nie. Die gebruik van beelde is meer gepas. Hoop is soos saad wat as 'n jong saailing deur die harde, vasgepakte aardkors breek. Hoop is 'n reisiger wat met 'n skaars sigbare pad deur 'n digte woud stap. Hoop is 'n kunstenaar wat worstel met 'n skildery wat in wording is. Hoop is 'n eenjarige kleuter wat 'n tentatiewe tree gee, val, opstaan, en nog 'n paar treë gee. Hoop behels altyd stryd. Dit is nie 'n statiese staat van wag vir iets om te gebeur, vir iemand anders om die situasie te verander nie. Hoop is dinamies, dit skep verandering. Alhoewel ons elkeen 'n eie beeld van hoop het, is die gemeenskaplike draad wat deur al die beelde loop, groei (Shurden 1998:1).

Hoop en groei komplimenteer mekaar. Hoop skep verandering in die geestelike ervaring, en in hierdie verandering, in hierdie transformasie van die geloofsnarratiewe, word die "broken future stories" (Lester 1995:57) vervang met die toekomsgerigte "hopeful sacred story," en groei die hoop.

**Dina:** En dan gaan ek net gesels, Johan, oor my blymaakboek, wat ek hier geskryf het, en wat ek ervaar het. Ek gaan dit lees. Wat ek hier geskryf het, is regtig, dit wat God vir my gebring het

deur mense, deur my lees in die Woord ook. Dis wonderlik om in die Bybel te lees en God so te kan ervaar dat Hy met jou kan praat, werklik kan praat, dat ek ook kan vra en dat Hy my kan antwoord.

Dis half hier amper aan die einde van my chemo in 1998, staan daar in Ps. 37 “moet jou nie ontstel, vertrou liever op die Here,” moet jou nie ontstel oor wat gaan nou gebeur na die chemo nie, “en doen wat goed is, en werk rustig voort.” Niks het opgehou nie, niks het gaan stilstaan nie, die lewe het eenvoudig aangegaan en ek kon rustig voortgaan. Namate jy ontdek dat jy die dinge begin regkry wat jy vroeër gedink het onmoontlik is, ontdek jy dat nie jy is wat dit doen nie, maar Christus wat in en deur jou werk. So word jy instrument in sy hande, en kom jou Godgegewe vermoëns waarlik tot hulle reg. In Ef. 3:20, 21 “aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe.”

En toe ons by vriende was in Steelpoort het ek by haar hierdie stukkie gekry: “Mag Hy wat die reën en die sonskyn gee, vandag met ‘n glimlag afkyk na jou. Mag Hy jou seën en na aan jou wees, jou koester en met sy liefde omvou.”

Toe my bestraling oor drie dae sou begin, het ek hierdie stukkie gekry: “Ons hoef nie in depressie dubbel te vou of te knak onder ons teëspoede nie. God is nog daar, Hy het jou nie verwerp nie. Sy liefde bestraal ook jou lewe.” En dít het vir my soveel moed gegee vir my bestraling, want ek weet sy bestraling van liefde is gedurig op my, dat ek daai bestraling van masjiene en menslike goed ... ek sien kans daarvoor. As jy dit opnuut besef, sal jy opnuut ontdek dat geloof in God ‘n praktiese proposisie vir jou lewe is, die Heilige God, jou Redder. My eerste bestraling het ek gekry die veertiende Julie.

**Ek het besluit ek kan nie gister verander nie, ek kan net die beste van vandag maak, en hoopvol vorentoe kyk.** Dit is hoog tyd dat jy by jou mislukkinge verby kyk en die lewe ontdek, wat joune kan wees, deur die krag van die inwonende Christus. Dit sal ‘n nuwe kwaliteit aan jou bestaan gee, dan lewe jy sy glorie, en word jy ‘n waardige draer van God se liefde en krag. “Maar in ál hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet” (Rom. 8:37).

#### 14. KEUSES EN HOOP

Een van die grootste wonders in die lewe, skryf Packo (1991:7), is die krag om te kies (“the power of choice”). God het ons nie as robotte gemaak wat geprogrammeer is om met die druk van ‘n rekenaarknoppe te beweeg nie. Hy het ons na sy beeld geskape en aan ons die kreatiewe vermoë gegee om keuses te maak. Sy goddelike bedoeling met ons is om te kies om volledig met Hom saam te werk. Hy het ons die vryheid gegee om te bepaal hoe ons wil reageer op die kankerkrisis. Ons het die keuse om heel mense te word in die kankerkrisis (Packo 1991:16). “Though I did not choose cancer, I choose to creatively cope with cancer. For I know that God commands me to be strong and courageous. He promises me that I can be even more than a conquerer through Him who loves me. I choose this promise to give me the courage to face the world of cancer” (Packo 1991:18). Sommige vrouens wat borskanker gehad het, kan mettertyd besef dat daar niks is wat hulle kan verander aan wat gebeur het nie en dat hulle selfs in staat is om iets positief in die ervaring te vind (Tarkan 1999:182). Elkeen het steeds die vryheid van keuse hóé sy haar borskanker en mastektomie gaan hanteer. Dit is in hierdie keusevryheid wat die potensiaal opgesluit lê om ‘n persoonlike tragedie te transformeer in ‘n triomf, “to turn one’s predicament into a human achievement” (Frankl 1984:135).

Wanneer mense geleidelik ontdek dat hulle *kan* verander en groei, neem hulle hoop en self-agting ook toe. “Human growth is maximized through decision, action, and self-discipline” (Clinebell 1979:49). Hoop is egter nie afhanklik daarvan of ‘n mens onbeperkte keuses het nie, maar dat ‘n mens ‘n verskeidenheid geleenthede het wat voldoende is dat ons onself ervaar as keusemakende wesens. In hierdie sin is outonomie, die vermoë om keuses vir onself te maak, beslissend vir die ontwikkeling van ‘n hoopvolle gees (Capps 1995:50).

**Dina:** Die vierde Augustus was vyftien bestralings verby, my vel het baie goed gehou. Ek het gevoel my keel is baie gevoelig as ek sluk, maar dit het baie goed gegaan en ek was dankbaar dat ons in die helfte kon trek. Gal. 5:25 het vir my moed gegee: “Ons lewe deur die Gees, en laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.” ‘n Mens oorwin nie deur eie krag nie (dit staan in 1 Sam. 2:9). “Maar Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.”

My vriendin het 'n stukkie geskryf wat vir my baie beteken het, ook: “Met die sleg en die seer van die verlede moet ons netjies werk. As ons dit te gou wil wegbêre, bly dit so by ons. As ons dit vertroetel, vergiftig dit ons lewe. As ons skoonmaak, groet, en agterlaat, sodat ons nét saam met God verder stap, dis die geheim van ‘n ligte lewe.” En dan het God baie keer, nie gewaarsku nie, maar vir my ook gesê: “Nee, kom, dit is wat Ek van jou verwag in hierdie gedeelte: Iemand wat die hand aan die ploeg slaan, en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir God se koninkryk nie.” Dit het vir my ook help vorentoe kyk, en moed gegee. Dit wat verby is, kan ons nie verander nie, “maar, Here, U sorg vir my, my lewe is in U. My oë bly hoopvol op God gevestig, Hy sal my ook hierdeur lei.”

**Die Engelse woordjie “trust” het ook vir my baie beteken:** God voor my, God agter my, en Jesus voor my. En dan is “trust” geskryf met die “t” as ‘n kruisvorm, en die laaste “t” ook in ‘n kruisvorm. Die “rus” in die middel, wat dan as “trust” geskryf is, rus in aanhalingstekens, druk die ware rus vir ‘n mens uit wat ‘n mens nodig het in hierdie onstuimige tye wat ‘n mens beleef in jou kop.

## 15. VERTROUEN EN HOOP

Capps (1995:98-136) beskryf die drie hoof bedreigings van hoop as *wanhoop, apatie en skaamte*, en die drie hoof bondgenote van hoop as *vertroue, geduld en beskeidenheid* (Capps 1995:137-162). Die mees algemene betekenis van vertroue is ‘n hoopvolle verwagting, antisipasie, of hoop vir die toekoms. Daar is dus ‘n verband tussen vertroue en hoop. Ander, meer spesifieke betekenis van vertroue, werp meer lig op hierdie verhouding. Een daarvan is dat vertroue ‘n vaste geloof (“firm belief or confidence”) is in die eerlikheid, integriteit, verhouding, of regverdigheid van ‘n ander persoon of ding (Capps 1995:138). Vertroue is om te weet dat daar op iemand staat gemaak kan word, dat ongeag die omstandighede, die ander ons nie in die steek sal laat nie (Capps 1995:139). Vertroue behels die stilwyende, onbevraagtekende geloof in die betroubaarheid van iemand anders (Capps 1995:140). Vertroue is ‘n noodsaaklike voorwaarde vir hoop, juis omdat dit ons vrese relativeer en ons in staat stel om onself in ‘n onseker toekoms in te waag (Capps 1995:145). Wanneer ons onself aan God toevertrou, is ons in staat om die vrese en verskrikking vir die lewe met gemoedsrus en moed te stil (Capps 1995:143). Hy is die

“reliable Other” (Capps 1995:162) in *Wie ons vertrou en hoop gevestig is*. “Religion counsels us to trust in Being and to entrust ourselves and that which we value to God. *From such trust, hope is born*” (Capps 1995:147). (My beklemtoning en kursivering).

Nadat Capps (1995:161) die drie bondgenote van hoop bespreek het, vat hy dit saam:

The three strong allies of hope are trust, patience, and modesty. It is tempting to add, “And the greatest of these is trust,” for without trust, we would not dare hope at all. Yet, more important than prioritizing these allies of hope is recognition of the fact that they are mutually supportive. Because we trust, we are able to exercise greater patience. Because our attitude is one of modesty, we are conscious of the necessity of trust. These, then, are not discrete virtues, but are a system of dispositions that support and enhance one another. Most importantly, the three of them together assume a life of their own and sustain the hopeful self even as specific hopes may go unrealized.

Lester (1995:62) beskryf die woord *hoop* teologies as ‘n persoon se vertrouende antisipasie van die toekoms, gebaseer op ‘n verstaan van ‘n God wat betroubaar is en wat ons ‘n oop (“open-ended”) toekoms in roep. Hierdie God hou beloftes van verlossing, bevryding, en saligheid. Die hoop proses vind natuurlik plaas deur narratiewe strukturering. Ons ontwikkel voortdurend toekomsverhale wat ons antisipasie van die toekoms uitdruk en daarom, ons hoop (Lester 1995:63).

In wat hy self ‘n oorvereenvoudiging noem ter wille van meer konkrete denke, stel Lester (1995:63) twee kategorieë van hoop voor: “finite hope” en “transfinite hope.” Die “**finite hope**” gaan oor “finite objects, desires and processes” (Lester 1995:63). Ons vorm toekomsverhale oor byvoorbeeld salarisverhogings, aanvaarding in ‘n spesifieke skool, ‘n goeie gradering, om ‘n wedstryd te wen, ensovoorts. Met “**transfinite hope**” beskryf hy hoop wat geplaas is in subjekte en prosesse wat fisiologiese waarneming en die materiële wêreld te bowe gaan. Dit gaan ook oor “transfinite” idees en konsepte (Lester 1995:64). “The deepest level of hope is an open-ended, trusting stance toward existence that perceives a future horizon that transcends the finite hopes



expressed in our specific objectives” (Lester 1995:65). Hierdie hoop word belê in bronne wat die menslike toestand transendeer. So ‘n betekenisvolle hoop moet diep wortels hê en gekommunikeer word deur heilige verhale (“sacred stories”) (Lester:1995:65).

Ten diepste is die fondament van die Joods-Christelike tradisie gewortel in die karakter van God, die Skepper en Verlosser van die heelal. Die verbond het God se karakter aan die Hebreeuse mense geopenbaar, en hulle persepsies is bevestig deur God se magtige daade, soos die uittoeg. Die volgelinge van Jesus het ‘n verdere openbaring oor die aard van God ontvang. Hulle hoop is gebou op die karakter van God soos geopenbaar in die lewe, dood, en opstanding van die skryner van Nasaret. Wat is die karakter van God? Dit gaan oor sy liefde wat geopenbaar is in Jesus Christus. Hierdie God wat ons meer liefhet as wat ons onself kan voorstel, is betroubaar (“trustworthy”) en hou sy beloftes. Hy het ons lief ten spyte van ons voortgesette onvermoë en/of onwilligheid om met gepaste vertroue, gehoorsaamheid en betroubaarheid te reageer. Ons hoop is in ons verhouding met hierdie betroubare God wie se karakter gekenmerk word deur ‘n betroubare, standvastige liefde vir ons. “Hope is our creaturely response to the Creator upon whom we cannot make demands” (Lester 1995:66). Omdat hierdie hoop uit ons ervaring van God se liefde groei, omdat dit gebore is uit hierdie vertrouende verhouding, het ons nie nodig om na spesifieke dinge en konkrete versekerings te soek nie. “Our security is in the relationship and not the particular events. Trusting in the character of God frees us from investing our deepest hope in specific objects, events, or processes” (Lester:1995:66).

Wanneer daar wel “sacred stories” uit die verlede herroep word oor hoe God in verskillende situasies voorsien het, groei daar hoop vir die toekomsverhaal uit die vertroue dat Hy ook net so in die toekoms sal voorsien (Aldredge-Clanton 1998a:115). Vanuit God se “unique outcomes” (vgl. p 6), word die noodverhaal herskryf na ‘n verbeelde toekomsverhaal (vgl. p 7) wat saamsmelt met **DIE VERHAAL VAN HOOP** (vgl. p 16).

**Dina:** “Vir elke opdraende is daar gelukkig ‘n afdraende. Om blind te wees is erg, maar om te kan sien en nie te sien nie, is baie erger,” het Helen Keller gesê. “As jy niks oor het om te sê nie, sê dit, dis ook soms nodig.” “Geld kan vir jou ‘n redelike goeie hond koop, maar nie die swaai

van sy stert nie.” Daar is baie dinge wat vir ‘n mens belangrik is, maar dis nie die belangrikste in die lewe nie.

Ek het ‘n baie kosbare stukkie geles aan die begin van 1999: “Ek het gevra vir ‘n vars bos blomme, toe kry ek ‘n kaktus met honderde fyn dorinkies; ek het gevra vir vrolike vlinders, toe kry ek ‘n klomp aaklige ruspes; ek was teleurgesteld, ek was kwaad, ek het myself bejammer. En toe skielik, na baie dae, toe sien ek my kaktus blom, pragtig; en toe ek weer kyk, het die ruspes verander in vrolike vlinders. Toe het ek iets begin verstaan van God se vreemde, wonderlike, liefde.”

“Niks wat die moeite werd is, gebeur sonder moeite nie. Pyn is nodig vir alle vorme van groei. ‘n Reis van ‘n duisend myl begin met die eerste tree.”

**En dan is humor ook vir my belangrik.** “Humor is die erns wat agter die skerts skuil.” “Die waarheid voor mense is persoonlikheid, die waarheid voor God is integriteit.” “As die lewe jou platslaan en dit sal, staan op. As dit jou weer op jou knieë dwing en dit sal, bly daar, dit is die beste posisie om te bid.”

## 16. HUMOR EN HOOP

Hoop word in onself en ander gestimuleer wanneer ons in staat is om vir onself en mét ander te lag, te midde van hartseer omstandighede (Clinebell 1998:8). Hoe ernstiger ‘n probleem, hoe belangriker en meer hoopwekkend is ‘n sin vir humor wanneer ons op omstandighede reageer (Clinebell 1998:26). Die bewustheid van die onvermydelike verliese en tragedies van die lewe word tot ‘n sekere mate getransformeer deur innerlike lag (Clinebell 1979:52).

Frankl (1984:63), wat met sy konsentrasiekamp ervarings sekerlik menslik gesproke baie min gehad het om oor te lag, sê egter humor was een van die wapens van die gees vir selfbehoud. Hy sê dit is welbekend dat humor, meer as enigiets anders in die menslike mondering, afstand kan skep en die vermoë het om bo enige situasie uit te styg, al is dit net vir ‘n paar sekondes. “The attempt to develop a sense of humor and to see things in a humorous light is some kind of trick

learned while mastering the art of living. Yet it is possible to practice the art of living even in a concentration camp, although suffering is omnipresent” (Frankl 1984:64).

Vir Zuckweiler (1998:249) is die terugkeer van ‘n sin vir humor een van die sekerste tekens van ‘n gesonde herstel. Om borskanker en ‘n mastektomie te ondergaan is ‘n dodelik ernstige saak. Die meeste vind min om oor te lag in die vroeë fases, want hulle skok en vrees laat hulle op hulleself en hulle selfbehoud fokus. Mettertyd kry hulle weer perspektief en kry hulle dit weer reg om te lag. Eventueel is hulle selfs in staat om oor die siekte en die veranderings wat die chirurgie aangebring het, te lag. Dit is welbekend dat lag ‘n groot geneser is. Dit is ook ‘n wesenlike deel van die lewe. “Once I was able to find the humor in the little mishaps I encountered after my last surgery I knew that I was truly on the mend” (Zuckweiler 1998:249).

Humor is ‘n kragtige bondgenoot in die stryd, skryf Walker (2000:123) oor haar eie mastektomie ervaring. “It helped us through the really tough times to come.” Volgens haar het meer en meer wetenskaplike studies die afgelope paar dekades getoon dat humor waaksaamheid verhoog, die immuunstelsel stimuleer en selfs pyn verminder. Vandag gee tallose dokters, verpleegsters en psigiaters seminare en aanbiedinge oor die terapeutiese voordele van humor (Walker 2000:143). Stevenson (1985:419) het gewens dat sy één humoristiese word-gesond kaartjie tussen al die ander met harte en blomme kon ontvang!

Becvar (1996:85) beskryf dit op ‘n treffende wyse:

As part and parcel of this process, please remember that humor and fun are extremely important. So I want you to know that I would like you to do amusing things, or shower me with silly gifts, or provide me with funny videos to watch, or tell me dirty jokes, or sing me songs that make me laugh so hard it hurts. I know that good health for both of us is facilitated by a positive atmosphere, and your help in this area would be greatly appreciated.

*Sedert my vrou se mastektomie het ons etlike humoristiese situasies teëgekóm:*

- *‘n Onkoloog vertel dat een van sy pasiënte een aand voor sy gaan bad het, haar prostese op die bed gesit het en vir haar man gesê het om solank daarmee te speel.*
- *Die presidente van Reik-na-Herstel vertel dat tydens ‘n internasionale kongres een van die vrouens voorgestel het dat hulle ‘n “striptease” hou, en bygevoeg: “Só iets het die wêreld nog nóóit gesien nie!”*
- *Iemand vertel dat sy gehoor het van ‘n strand iewers oorsee waar vrouens “topless” kan “tan”, maar hulle moet per “boob” betaal. Sy sê toe sy dink sy moet daar gaan vakansie hou, want dit gaan ‘n “bargain” wees – halfprys!*
- *Nà ‘n rekonstruksie operasie het ‘n man na sy vrou se “perma tubes” verwys.*

**Dina:** En dan is dit vir my wonderlik net, ons het altyd as kinders “Die liefde van Jesus is wonderbaar” in my huisgodsdienst daar gesing, wat vir my baie baie beteken het. En ek weet net dat God ons gesin bind met ‘n band van liefde wat onbreekbaar is. Die duiwel kan kom met soveel aanslae as wat hy wil, maar dit is ‘n onbreekbare band. God se liefde omsluit ons vir ewig en altyd. Dit is te ver, te hoog, te diep, te wyd, vir ons menslike verstand. “Dankie, Here.”

“If you see someone without a smile, give him one of your’s” het ek hier geskryf. Alles wat ek doen, doen ek tot eer van die Here. “Geloof sien die onsienlike, glo die ongelooflike en ontvang die onmoontlike.” “Die hart wat weet dat daar al baie mooi dae agter op die pad was, kry weer krag vir die lang pad vorentoe.” “Dit is ‘n onontbeerlike lewensvriend by wie ‘n mens opreg kan wees, en hy net so teenoor jou.” En daar wil ek vir die Here dankie sê vir ‘n lewensmaat, vir Dougie, in al hierdie tyd wat hy as man, met soveel sorg, en soveel liefde, vir my beteken het en vir my gewys het.

“Want Hy sal volbring wat oor ons besluit is.” So staan dit in Job 23:14. Ons is oud genoeg om te weet dat ‘n mens baie banger is vir die waarheid wat verswyg word, as vir dié deel daarvan wat jy hoor. Die liefde is ‘n bekommerde wat nooit slaap nie.

**Johan:** Dina, baie dankie vir sover. Ek wonder, Dougie, wil jy dalk op hierdie stadium reageer op dit wat Dina vir ons gegee het tot hiertoe?

**Dougie:** Johan, ja, dankie vir die geleentheid. Dit was, soos Dina gesê het, 'n besondere tyd gewees in ons lewe en in ons huwelik. En alles wat ons deurgaans met die kinders, was nie so maklik nie. Ek kan net sê hoe ek dit aan my lyf gevoel het. Nadat ons aanvanklik die boodskap gekry het, ja, was dit 'n groot skok gewees. Die eerste wat deur 'n mens se gedagte gaan, is "hoe ernstig is dit, wat gaan gebeur?" Ons moet dink en planne maak vir die dinge wat voorlê, jy weet, wat gaan gebeur? Wat gaan ons maak? Wat gaan met my vrou gebeur?

**Johan:** *Ja, dit is soos die dag toe Jacomien haar operasie gehad het, bel 'n ou skoolvriend van my, hy's 'n skoolhoof op Pietersburg. Sy vrou het toe net ses maande vantevore ook 'n mastektomie gehad. Sy woorde was: "Dit is asof jy die dood in die oë kyk." Dit gee miskien iets weer van wat met jou gebeur.*

## 17. OM DIE DOOD IN DIE OË TE KYK

'n Vrou se borskanker affekteer nie net die vrou nie. Dit het ook 'n sterk impak op die man wat haar liefhet. Walker (2000:115) reken dat dié ervaring in sommige opsigte vir hom baie swaarder is, deels omdat hy so magteloos voel. "Men are great 'fixers.' But this is something they can't fix. What they can do – hopefully – is love, support, and reassure you. And tell you you're beautiful. That's a biggie" (Walker 2000:115).

Die vrees vir die dood van jou geliefde as gevolg van kanker oorskadu gewoonlik by verre die moontlike verlies van 'n bors (Berger & Bostwick 1984:133). Dit voel soos 'n outomatiese doodvonnis (Kneece 2001:5), iets waarvoor mans min ondersteuning kry (Carter et al. 1992:301). Dit is belangrik om 'n ondersteuningstelsel te hê. "Recognizing your pain as normal and taking steps to have your own needs met is important" (Kneece 2001:5).

Mans reageer gewoonlik op die kankerdiagnose met skok, ongeloof, vrees, depressie en woede, en voel dikwels oorweldig en in beslag geneem deur die situasie (Hilton et al. 2000:444). *Ek kan*

*my vereenselwig met Wilson & Morse (1991:6) se beskrywing van die man se emosionele beleving:*

The presence of cancer forced husbands to acknowledge their own terror, despair, and sadness while continuing to “cover up” their own response of horror to the situation. The wife’s hospitalization further reinforced the reality of a life-threatening situation. It was during quiet times, such as driving to and from the hospital, that husbands expressed their grief by crying privately. They also described feelings of powerlessness: “There was nothing you could do about it,” and a sense of feeling lost and unbalanced which resulted in a lack of direction.

**Dougie:** Ja, ‘n ou wil nie net die slegste sien nie, **maar op daai stadium moet jy realisties wees**, jy moet sê “Ja, ons staan voor hierdie kruispad, ons glo dit gaan beter, maar ja, ons moet ook aan die realiteit dink, wat kán gebeur.”

## **18. REALISME EN HOOP**

Hoop en realisme sluit mekaar nie uit nie. Nadat Moltmann (1967:24) die oormoed van die vroeë negentiende eeuse idealisme in Duitsland en die wanhoop van die middel twintigste eeuse eksistensialiste bespreek het, maak hy die konklusie dat daar nie in oormoed óf in wanhoop die mag lê om lewe te vernuwe nie, maar alleenlik in die hoop wat blywend en seker is. Slegs hoop kan “realisties” genoem word, omdat net hoop die moontlikhede ernstig neem waarmee alle realiteit bedreig word (Moltmann 1967:25).

Fitzgerald (1979:32) kontrasteer “magic hope” (vergelyk hieronder Lester se fantasie en illusie) met “realistic hope”. Realistiese hoop is gebaseer op ‘n poging om die konkrete toestande van die lewe te verstaan, om ‘n mens se rol daarin raak te sien en om toepaslike, deurdagte aksie te probeer neem. Vals hoop, skryf Simmons (1998:3), is wensdenkery of dagdromery op ‘n manier wat die realiteit ontken. “It is a way of construing the alternatives open to a person in a way that denies or refuses to assess entirely predictable but unpleasant outcomes.”

Hoop is in realiteit gewortel. Mense wat hoop het nie nodig om die feite te ontduik of om die objektiewe data te verduister nie. Hoop funksioneer *nie* as 'n opium wat mense die realiteit laat ontken nie. Intendeel, hoop verskaf die moed om enige chaos of trauma in die oë te kyk. Hoop probeer nie om die pyn van ons beperkte bestaan te vermy nie en is ook nie naïef met betrekking tot lyding nie (Lester 1995:85). Hoop staan teenoor fantasie en illusie, wat as disfunksionele toekomsverhale/vals verhale tot vals hoop lei. Ware verhale is gewortel in realiteit en bied funksionele toekomsverhale wat vol hoop is (Lester 1995:86). Clinebell (1998:3) beskryf dit as gesonde, realiteit gebaseerde hoop wat die sleutel is waarmee die deur ontsluit word om 'n beter toekoms in te gaan. Hierdie realiteit gebaseerde hoop "is an essential dynamic in facilitating both healing and growth in wholeness" (Clinebell 1998:2).

Pastorale sorg help mense om te evalueer hoe hulle toekomsverhale binne hulle kern narratiewe ("core narratives") met die realiteit verbind is. Funksionele hoop is nie 'n resultaat van die najaag van pypdrome of die verabsoluttering van een deel van die realiteit nie. Die persoon moet in staat gestel word om die realiteit van enige gegewe situasie in die oë te kyk, en uitgedaag word om nuwe, hersiene toekomsverhale van daardie punt af te begin bou. Om in kontak te bly met die realiteit beteken om 'n mens se vryheid te aanvaar om projeksies in die toekoms te maak en om jou eie toekomsverhale te skep (Lester 1995:88).

Holland & Lewis (2000:163) sê "At the center of all pastoral counseling is the effort to help marshal hope in facing suffering and an uncertain future... Hope, to be authentic, must be based on reality, taking into account the obvious meaning of a tragic or life-threatening event, but then it seeks other perspectives that people welcome, for example, finding meaning in 'transcendent hope'."

Die dinamiek van hoop bring groei vanaf illusie, deur disillusie, na realisme (Shurden 1998:11). Hoop en realisme is dus in voortdurende interaksie met mekaar. Hoop is in realiteit gewortel (Lester), maar hoop laat groei 'n mens ook weer tot aanvaarding van die realiteit (Shurden).

Die simbool van die kruis van Jesus Christus bevestig dat lyding ‘n realiteit is van die menslike bestaan. Maar die kruis herinner ons ook aan ‘n ánder realiteit: God met ons. “God is present with us in our deepest suffering, understanding and sharing our pain” (Lester 1995:87).

**Dougie:** Die kinders het maar deur die genade en deur gebed rustigheid gekry en vertroosting, en geweet dat dít wat móét gebeur, moet gebeur, die Here sal nie ons pak swaarder maak as wat ons kan dra nie. Ons moet vasstaan in die geloof. Ja, dit was ‘n skok gewees, veral die volgende dag, binne ‘n dag of wat moes sy in die hospitaal opgeneem word. Ek kan goed onthou die oggend wat Dina se ma vir my gesê het (sy het gebel), ek moet haar dadelik bel as sy uit die saal uitkom. Ek het daar gesit en wag, ‘n halfuur, ‘n uur, en so het die tyd verbygegaan, dan dink ‘n mens baie. Dit was lank gewees, toe weet ek dit was nie net die knop wat hulle verwyder het nie. Toe besef ek toe dit so lank gevat het, die probleem was dat hulle moes ‘n mastektomie doen. En, ja, ek dink wat ook vir my ‘n ondersteuning in dié tyd was, was my vrou se sterk geloof. Deur alles deur was sy baie sterk gewees en ek dink ook die feit dat ons kinders, jy weet, ook op daai stadium ons ondersteun het. Dit het vir my baie beteken. Ons familie, ons ouers, het ons ondersteun. Maar ja, ‘n mens het maar ‘n bekommernis heelyd gehad en gewonder wat gaan gebeur. Soos Dina gevorder het, het ek ook berusting daarin gekry en besef dat, dit is die pad wat ons moet loop. En dit is ook ‘n suiweringsproses, dit was ‘n proses in my eie lewe, dat die Here vir my wil sê: “kyk, Ek het jou op hierdie kruispad gesit om sekere dinge in jóú lewe ook aan te spreek, en reg te maak.”

**Ek is bly ek kon my vrou ondersteun,** soos ek gesê het, ‘n mens besef nie altyd, maar ja, ek is dankbaar daarvoor dat die Here my die kans gegun het om dit te kan doen, en ook die vermoë gegee het op daai stadium om haar te kan ondersteun.

## **19. EGGENOOT ONDERSTEUNING EN HOOP**

In paragraaf 6 is aandag gegee aan “Ondersteuning en Hoop” en is aangedui dat hoop in verhoudings groei. Hoop groei in ‘n netwerk van menslike sorg (Fairchild 1980:58). Hierdie paragraaf (19) handel spesifiek oor die primêre ondersteuner en versorger, die eggenoot. Waar



Kneece (2001:2) die term “support partner” gebruik wanneer sy na die eggenoot verwys, sal ek die term “eggenoot” gebruik .

Die eggenoot is die een wat die vrugbare atmosfeer voorsien vir sorg, wat ondersteun met die insameling van inligting, wat hoop kweek en sy maat verseker van sy verbintenis (“commitment”) vir die duur van die krisis. Die rol van die eggenoot is net so belangrik as enige medikasie wat die vrou sal ontvang. Sy ondersteuning kan die verskil maak in haar fisiese en emosionele herstel (Kneece 2001:2). Ondersteuning is ‘n buffer teen stres, en ‘n baie belangrike faktor gedurende ‘n krisis (Kneece 2001:4). *“Support Partners build bridges of hope and reassurance when others are vulnerable, exposed and self-conscious”* (Kneece 2001:8).

Die diagnose van borskanker bevestig dikwels ‘n vrou se grootste vrees, en gaan gepaard met emosionele ontsteltenis. Sy is gekonfronteer met ‘n reeks moontlike verliese en bedreigings (Kneece 2001:9):

- \* verlies of verandering van ‘n bors
- \* verlies van haar vorige vroulike beeld
- \* bedreiging van haar seksualiteit en aantreklikheid vir haar eggenoot
- \* bedreiging van haar self-agting as gevolg van die diagnose of chirurgie
- \* verlies van haar vermoë om haar funksionele rol in die familie en/of werkplek gedurende chirurgie of behandelings te behou
- \* bedreiging van haar lewe

Vir ‘n kort tydjie na die diagnose verkeer die vrou dikwels in ‘n toestand van skok en gevoelloosheid terwyl sy deur al hierdie bedreigings en potensiële verliese werk. Terselfdertyd moet sy vinnige, kritiese besluite neem – besluite wat ‘n basiese kennis van die siekte en haar behandelings-opsies verg. Dit laat haar gewoonlik met angsgewoelens, oorweldig, en met ‘n gevoel van uiterste beheerverlies. Die eggenoot kan in ‘n groot mate help deur haar emosionele toestand te verstaan en haar by te staan op ‘n wyse wat pas by haar persoonlikheid en begeertes (Kneece 2001:10).

In ‘n paragraaf, “**What most women want,**” skryf Kneece (2001:11) as volg:

When initially diagnosed, women have said that what they needed most at this emotionally distressing time was **not elaborate words or deeds**, but reassurance that their loved one would **be with them throughout the ordeal**. Her greatest need seems to be your **silent presence and assurance that you will be with her through this trial**. Words don’t seem to be as important and are often unheard, but your close presence is remembered and appreciated. Try to give her room to grieve in the way she feels necessary without being judgmental. **Don’t try to tell her what to do unless she asks**. Assure her of your continued commitment to the relationship.

‘n Eggenoot skryf aan Kneece (2001:9) dat sy vrou later aan hom gesê het dat een van die beste dinge wat hy gedurende daardie eerste paar dae gedoen het, was om saam met haar te huil. Dít het vir haar gesê dat hy saam met haar hierin is – sy is nie alleen nie. Hy sê ook om na haar vrese en haar hoop te luister en om haar trane te deel, is wat sy die meeste wou gehad het (Kneece 2001:59). Trane het ‘n taal van hulle eie en sê dikwels wat ons nie kan verbaliseer nie (Kneece 2001:60).

Alhoewel die eggenoot se teenwoordigheid aanvanklik, soos hierbo beskryf, belangriker is as woorde, is dit belangrik om mettertyd oor die kanker te kommunikeer. Baie mans en vrouens vind dit moeilik om na ‘n mastektomie daarvoor te kommunikeer, omdat elkeen bang is om die ander se gevoelens seer te maak. Emosionele onttrekking kan dan plaasvind, wat as verwerping of onttrekking van liefde beleef kan word en eventueel tot woede en depressie kan lei. Een pasiënt het gesê om haar bors te verloor was nie naastenby so swaar as om haar maat emosioneel te verloor nie. “Don’t push or force the issue but realize that not talking about cancer may be as dangerous to a relationship as cancer is to the physical body” (Kneece:60).

**Dougie:** Dit was vir my 'n moeilike tyd gewees, baie dae baie hartseer ook gewees, as 'n mens dink, jy kyk om jou wat gebeur, na ander mense wat in soortgelyke situasies is, ander tipe siektes, en wat kanker het en, jy weet, wat die uiteinde van daai siektes is ... dit bly altyd in 'n ou se agterkop, dit steek maar daar vas. Maar, ons het geglo, en ons het aanmekaar gebid daarvoor dat die Here haar sal gesond maak. Maar ons het óók, ek dink dis belangrik om te sê, gebid nie wat óns wil nie, maar aan die einde van die dag wat die Here wil. Ons wil, ons wil altyd die beste hê, ons wil altyd gesond wees, ons wil gelukkig wees. Hy bring jou by 'n kruispad, wat miskien nie altyd maklik vir jou is nie, en vra baie opofferings van jou kant, maar ja, wat aan die einde van die dag die beste vir ons, en die beste vir jou is, en wat dan die beste in jou gaan uitbring. Dit was 'n moeilike tyd vir ons, ja.

Ek het in daai tyd baie vir Dina jammer gevoel, vir haar jammer gekry, ek het gesien sy het swaar gekry, vernaam met die behandeling. Die behandeling was werklik dramaties gewees vir haar. 'n Ou kan sien dit het haar liggaam afgetakel, maar steeds het ons geglo dis die regte ding, dis maar die pad wat ons moet loop. Dis een van die kruispaaië wat die Here op ons pad gebring het en wat ons moet vat en ons moet die leisels sterk vashou. Dis, dis belangrik dat 'n mens moet sterk vashou, veral met die kinders het ons altyd gesels, ons bid saam met hulle. Die Here sal voorsien, die Here het ons hierin gebring. Ons glo dis die pad wat ons moet loop. **Ons gaan leer hieruit**, ons gaan beter mense uitkom, ons gaan sterker in die geloof uitkom anderkant en **ons gaan weet wat die doel van die lewe ook is, die lewe het 'n spesifieke doel**, dat ons is hier vir mekaar, ons is nie net 'n klomp wat bymekaar gesit is nie, ons is met 'n doel bymekaar, om mekaar te ondersteun en te onderskraag, om vir mekaar lief te wees, en liefde teenoor mekaar te betoon.

## 20. LEWENSDOEL EN HOOP

Dougie se opmerking hierbo bring ons by Frank (1998:203) se *quest story*, die soeke na betekenis en lewenslesse, wat reeds vroeër bespreek is onder “Siekteverhale/-Narratiewe” (p68). ‘n Lewensvatbare geloofsstelsel met betrekking tot die doel van bestaan help om ‘n fondament van betekenis en hoop vir ‘n persoon se lewe te voorsien. Die oortuiging dat ‘n mens se bestaan ‘n doel het, ten spyte van die onvermydelike tragedies van die lewe, rus mens toe om meer voluit te lewe te midde van daardie tragedies. “Hope in a meaningful future is a central motivation for

growth. But to be sustained hope must be grounded in what the individual perceives as real. A sense that life has a larger spiritual meaning keeps hope alive in what would otherwise be a hopeless situation” (Clinebell 1979:116). Daar is niks in die lewe wat ‘n mens só effektief help om selfs in die slegste omstandighede te oorleef nie, as die wete dat daar sin in ‘n mens se lewe is (Frankl 1984:126). Op ‘n manier hou lyding op om lyding te wees op die oomblik wat dit sin vind (Frankl 1984:135). Wanneer ons bewus word daarvan dat ons nie nodig het om van ons pyne te ontsnap nie, maar dat ons dit kan mobiliseer in ‘n soeke na lewe, word daardie pyne getransformeer van uitdrukkings van wanhoop na tekens van hoop (Nouwen 1999:93).

‘n Lewebedreigende siekte soos kanker kan by mense die begeerte wek om die waarheid te ontdek oor wie hulle werklik is en waaroor dit in die lewe gaan. Kanker kan ‘n katalisator vir mense wees om ontslae te raak van gemaklike illusies en bewus te word van hulle werklike waardes. Mense wat kanker het ontdek dikwels dat baie dinge wat hulle vroeër gedink het belangrik is, nie blywende waarde het nie (Aldredge-Clanton 1998a:20). Packo (1991:152) plaas dit in teologiese perspektief as hy sê “It is a well documented fact that a person can much more easily bear up under suffering if he or she can find meaning in it. Seeing suffering from God’s viewpoint brings meaning, hope and encouragement. When we come to the place where we see cancer as a means of receiving spiritual good, we can better cope with the stresses it forces upon us.”

**Dougie:** Ons het daardeur gekom, ons het moeilike tye gehad en ja, ons het positief gebly, ons het geweet elke keer as sy moes gaan vir toetse, dan is daar maar 'n kol op 'n ou se maag, wat gaan aan en wat is die uitslag, maar ons was baie gelukkig gewees, dit het sover so goed gegaan.

**Johan:** Ja, baie dankie, Dougie. Dina, ek sien jy het weer so deur die boekie geblaai, is daar iets spesiaal wat jy met ons wil deel?

**Dina:** Ja, weet jy, Johan, die lewe het aangegaan en soos 'n mens aangegaan het, het daar ook sekere dinge gebeur wat dit vir 'n mens verstaanbaar, meer verstaanbaar gemaak het hoekom moes ek hierdie pad geloop het wat ek geloop het, want my skoonsus, wat ek baie lief is voor, het in '99, Oktober, 'n dubbele mastektomie ondergaan en hulle is baie naby aan ons. Hulle het nie

kinders nie en ons kinders is eintlik soos hulle eie kinders en dit was vir ons 'n groot skok gewees, ook, toe Daleen dit moes ondergaan, ook vir my kinders, was vir hulle ook nie lekker om wéér so 'n ervaring te kon beleef nie en ook vir Ilse wat die sensitiewe naby besorgde een was, was dit moeilik om te hanteer, besef ek na 'n klomp maande nou baie goed. En deur die Here se krag en deur die Here se liefde, wat ek vir haar kon bystaan en vir haar kon moed inpraat. Sy het toe besluit op 'n dubbele mastektomie, dan sou sy geen verdere behandeling nodig hê nie, dan sny hulle alles weg en ek kon ook vir haar 'n versie gee wat vir my ontsettend baie beteken het: In Ps. 131 staan daar "Ek maak my nie besorg oor groot en verhewe dinge bokant my vermoë nie. God het vir my rus en kalmte gegee." En dit is die wonderlikste vers as so 'n groot krisis in jou lewe voor jou kom staan, om te weet ek kan dit nét so vir God gee, eenhonderd persent gee. En alles het baie goed afgeloop vir haar, waarvoor ons vir die Here baie baie dankbaar is. Ook my broer het 'n krisis beleef en in Ef. 1: 18 het die Here gesê maar ek bid dat julle geestesoe so sal verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou en watter rykdom daar in die heerlike erfenis is wat Hy vir die gelowiges bestem het. **Hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.**

**Johan:** Dit bring ons weer by die verhaal van die hoop, né. Dat God julle oë sal open om te sien hoe groot daai hoop is.

**Dina:** Ja. **Hierdie selfde kragtige werking van sy mag, soos wat Jesus opgewek is uit die dode, is tot ons beskikking,** Hy wat sit aan die regterhand van God, bo alles verhef. Die Here sê, maar weet jy, daai krag is tot jou beskikking. Dit maak my sommer hartseer gelukkig om dit te besef.

## **21. OPSTANDING EN HOOP**

Die Christelike Hoop is gewortel in die opstanding van Jesus Christus. Dieselfde krag waarmee God Jesus uit die dood opgewek het, is ook deur die Heilige Gees werksaam in die gelowige. Die Heilige Gees pas hierdie goddelike krag toe in die gelowige se lewe. Die krag van die Heilige Gees is niks anders nie as die toepassing van die opstandingskrag van Jesus. Hiérin is die hoop gesetel: daar is 'n geestelike, goddelike krag waarin die gelowige lewe, die krag waarmee die

dood oorwin is, die krag waarmee lewe verkry is. Dit is deur die toepassing van hiërdie krag dat die Heilige Gees die wedergeboorte in 'n mens bewerkstellig en daardeur die vermoë aan die mens gee om op God te hoop.

Die Christelike Hoop is nie net gerig op die hiernamaals nie, maar is ook gerig op en word geleef in, die hiernoumaals. Hoop gaan oor 'n lewe wat in hierdie krag gelewe word; dit gaan oor 'n onwrikbare vashou in die geloof dat hiërdie krag altyd beskikbaar sal wees, ongeag die omstandighede; dit gaan oor die sekerheid dat hierdie krag mens in staat stel om die moeilikste omstandighede en trauma's te hanteer en te bowe te kom en in Christus meer as oorwinnaar te wees. Hierdie hoop, die lewe in hiërdie krag, bly lewe, selfs al sou omstandighede nie verander nie. Hierdie hoop is die boustof van 'n hoopvolle toekomsverhaal. Dit is onaantasbaar en onsterflik.

Ons hoop nie op hoop nie, sê Newman (1998:10), ons hoop op God en sy opstandingskrag. Hoop wat lyding verdra is nie 'n spel, of bringimnastiek nie. Dit is nie 'n oefening in positiewe denke of visualisering nie. Ware hoop, in sy kern, is 'n toewyding (“commitment”) aan die God van die Skrifte. Dit is 'n robuuste hoop wat gegrond is in die kruis en opstanding as die groot voorafskaduwing van alles wat God beoog om te doen. “Hope comes from God and is anchored by the Resurrection. In fact, the Resurrection configures our hope – it breaths the breath of life into our hopeless souls. We hope in God and his power (Newman 1998:10). Hoop vier die opstanding as 'n demonstrasie dat God die magte van die bese dodelik gewond het (Newman 1998:11).

Die Christelike hoop is opstandingshoop (Moltmann 1967:18). Waar die grense wat die einde van alle menslike hoop aandui deurbreek word in die opstanding van die gekruisigde, daar kan en moet geloof uitmond in hoop (Moltmann 1967:20).

**Dina:** Die tyd het aangestap en 'n mens groei dan ook weer. Ja, ek sien kans weer vir 'n naald en 'n mes, dat daar aan my gesny word, want op 'n stadium is 'n mens moeg daarvoor en jy wil net klaarmaak. En ek het toe besluit op rekonstruksie en het ek baie gebid daarvoor dat ek ook by die regte dokter sou kom en die regte behandeling sou kry. In Gen 28 staan daar "Ek is by jou en Ek

sal jou beskerm waar jy ook mag gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het." En dit het vir my soveel rus en kalmte gegee ook vir my rekonstruksie, dan dit te doen en daarmee aan te gaan. En ook 'n baie spesiale vriendin, wat vir my gesê het: "Weet jy, ons bid vir jou operasie, maar ons bid ook vir die dokter se handewerk, wat met jou moet werk, dat God ook daai hande sal seën." En dit het vir my baie beteken.

In Jes. 58 het Hy gesê: "Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooide, jy sal gou herstel. Hy wat jou red sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom. Dan sal jy roep en Hy sal sê: Hier is Ek!" Hierdie gedeelte het my pa ook vir my gegee en dit het vir my baie beteken. In my lewe is my pa ook 'n baie groot geestelike mentor en kan ek en hy baie geestelik deel met mekaar, wat vir my baie kosbaar is. Altyd as hulle verjaar, sê ek vir hulle dit is wonderlik, hulle liefde en hulle sorg, maar, hulle moet net een ding onthou, hulle gebede het ons altyd nodig, dit beteken vir ons baie. Jes. 59: "Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie." Dit was vir my so 'n bemoedigende ... God se tyd is wonderlik. God is... nie een enkele oomblik is sy tydsberekening uit nie. En om te weet: God se liefde is nooit vir ons klaar nie, dis vir ons vir ewig daar. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat ál my siekte genees, wat my red van die graf, en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet en my die jeugdige krag van 'n arend skenk.

Dan, baie belangrik, wat ek ook besef, ek het 'n boek gelees wat my ma gegee het, baie jare terug, en toe ek hom in hierdie tyd lees, het dit vir my so 'n wonderlike teken ... Die titel van die boek is "What you say, is what you get." Elkeen wat sê (in Markus staan dit, 11:23), elkeen wat sê en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê gebeur, vir hom sal dit gebeur. En ek dink dít is wat die Here wil hê. Ons vra vir Hom baie dinge en om dit eenhonderd persent vir Hom te los en te glo dat Hy voorsien. Hy het ons lyding op Hom geneem en ons siektes het Hy gedra.

En dan het ek gelees, wat vir my dit so 'n lekker volstop gemaak het: "The Bible says, I believe, and that settles it." Dit is vir my so wonderlik gewees, as ons by daardie "settle" kan uitkom.

**Johan:** Dis vir my wonderlik, die beeld waarna jy ook verwys het, van die arend, as ek dink aan, hier is 'n verhaal van 'n vrou wat soos die arend uitgestyg het, iemand wat deur 'n groot lewenskrisis gegaan het, maar wat deur die genade van die Here weer opgestyg het.

**Dina:** Ja, dit is nie menslik moontlik nie. Ek weet nie wat doen 'n mens sonder die Here nie. Regtig, daai: "Here, maar ek het geen krag in my nie, my vertrouwe is eenhonderd persent op U." Dan wil ek net sê, uit die diepte van my hart, bring ek aan God al die eer toe. En dit wat gebeur het ... sien ek uit na dít wat voorlê.

In Pred. 3 staan daar: "Ek het gesien dat God aan die mens 'n taak gegee het om hom mee besig te hou. God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie. Ek het tot die insig gekom dat daar vir die mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet...ook dit is 'n gawe van God."

**Johan:** Dina, baie dankie. Dit is vir my wonderlik hoe dat julle hele verhaal uiteindelik een groot getuienis word van God se liefde en van sy genade. Ek het so lekker geluister na jou, ek wens jy kon die hele aand aanhou praat. Maar die manier waarop jy dit reggekry het om jou verhaal en God se Verhaal bymekaar te bring, dat dit uiteindelik een verhaal word, die rol wat die Woord van die Here in die hele proses in julle lewe gespeel het, is vir my wonderlik hoe dat julle elke keer weer hoop gevind het in die Woord. Dis 'n kosbare beeld wat jy gebruik het met die bestraling (ek haal net so 'n paar dingetjies uit). Soos wat daardie strale deur jou hele liggaam gaan, dat God jou so met sy liefde bestraal. En dan nog net een laaste opmerking oor die kwessie van groei deur pyn, het ek vir 'n oomblik gedink aan die vorming van 'n pêrel. Dis mos 'n sandkorreltjie wat in die skulpie inkom en daai diertjie seermaak, en dan huil daai diertjie, en daardie trane vorm later die pêrel. So, 'n pêrel word in pyn gebore en ek het gehoor van 'n huisgesin vol pêrels wat gegroei het deur baie pyn.



### HOOFSTUK 3

#### DINA EN DOUGIE SE VERHALE (2)

**Johan:** Dina, aanvanklik, toe die dokter gesê het hy wil sny, was jy deurmekaar en baie ontsteld. Wat was die eerste woorde wat jy in daardie eerste oomblikke in jou verhaal geskryf het?

**Dina:** Johan, ja, deurmekaar en ontsteld was ek aanvanklik. By die dokter was hy baie vriendelik, en ons het gesels oor die vakansie wat voorlê en naas my ondersoek by hom, was hy vir my onmiddellik ernstig in my diagnose, het hy toe vir my vertel wat hy dink, 'n operasie is nodig. 'n Operasie was die laaste wat ek verwag het en kwaadaardigheid gladnie in my gedagte-wêreld nie. Kwaadaardigheid, die moontlikheid van kanker, het ek net gedink dit kan net nie wees nie. Die eerste oomblikke was ek verskriklik hartseer, dit het vir my gevoel soos 'n koue emmer water wat oor my gegooi is. Ja, daarna was ek toe na 'n vriendin toe wat my kon troos en daar het ek my man kon bel. Maar ek het vir my oor en oor gesê dit kan nie wees nie, dit kan net nie wees nie. Wat gaan nou gebeur? Wat van my man, my kinders, my werk? En my vraag wat ek myself afge vra het, was: "Wat nou?" Dit was my eerste woorde.

**Johan:** Toe jy die vorm geteken het, het jy die gedagte gehad: "Here, ek weet dit sal nie nodig wees nie. Ek weet dat so iets my nie sal tref nie." Afgesien van die groot familie wat geen geskiedenis van borskanker het nie, wat nóg in jou lewensverhaal het jou laat glo dat so iets jou nie sal tref nie?

**Dina:** Ja, Johan, weet jy, kanker was nie in my verwysingsraamwerk nie. Al wat ek regtig van kanker af geweet het toe dit gebeur het, was maar Toktokkie se jaarlikse bydrae wat ek gegee het en die Toktokkie plakkertjie wat ek by my voordeur opgeplak het en ek het net nooit gedink dat die Toktokkie self by my sou kom klop, kom aanklop het nie. Dit was vir my 'n grootse verrassing in my lewe en afgesien van die groot familie waar daar geen borskanker is nie, het ek gedink ek was gesond. Ek het net gedink dit kan nie met my gebeur nie.

**Johan:** Daar was geen ander simptome gewees ...

**Dina:** Nee, gladnie, nee, gladnie.

**Johan:** *Ja, weet jy, met Jacomien was dit net so 'n verrassing gewees. Ons het ook nooit aan so iets gedink nie. Daai Juliemaand '97 was sy mos by 'n ginekoloog gewees. Toe was daar net 'n verdikking in haar bors gewees en die dokter het haar ondersoek en gesê nee wat, dis net 'n weefselverdikking. Maar toe gee sy mos vir haar 'n estrogeen, 'n sterk estrogeen behandeling ook en ons het agterna gedink of dit nie dalk die borskanker aangejaag het nie. Nouja, die onkoloog sê toe teen die tyd wat jy dit ontdek, bestaan hy al twee of drie jaar. So, dit was seker al daar gewees, maar dalk kon hierdie estrogeen hierdie ding net aangejaag het, versnel het. Maar toe ek ook die oggend by haar in die hospitaal kom en sy net twee woorde gebruik: "Dis kanker" - ek onthou nog daai skok, en toe ons besluit het ons moet vinnig optree, en die chirurg bel en reël vir die operasie.*

**Dougie:** Ag, ek dink omdat 'n mens nie dit in jou familie ooit het nie en omdat jy gesond is, is dit nooit deel van jou verwysingsraamwerk nie. Dit is buite jou elke dag se verwysingsraamwerk. Ek dink dit is seker in baie gevalle maar met ander soortgelyke tipe siektes soos hartsiektes - ek glo vandag ek is gesond, my hart is reg, ek gaan nie moeilikheid kry nie, maar ja, ek kan dit kry. Ek het dit dalk al, maar ek weet dit net nie, of kanker selfs.

**Johan:** Ook maar goed dat ons weet nie wat onderliggend is nie, dat ons met ons lewe kan aangaan.

**Dina:** Ja, ja...

**Dougie:** Die Here het daar goed vir ons gesorg...

**Dina:** Hy het baie goed geweet, ja ...

**Dougie:** ... die dag van môre, dat ons nie daarvoor moet bekommer nie.

**Dina: Daarom het Hy vir ons hoop gegee, want hoop is toekoms.**

## 1. HOOP IS TOEKOMS

Aan die einde van die vorige hoofstuk (p108-109) het Dina 'n aantal Bybelverse aangehaal wat vir haar besondere betekenis gehad het. Die gemeenskaplike faktor in al hierdie verse is *die toekoms* – beloftes van God aan sy volk met betrekking tot die toekoms. In hierdie beloftes het sy hoop gevind om saam met haar gesin 'n hoopvolle toekomsverhaal te ontwikkel. Dit is die hoop wat gebaseer is op God se beloftes dat 'n nuwe toekoms altyd vir ons beskikbaar is, dat 'n verskeidenheid moontlikhede bestaan in elke huidige omstandigheid (Lester 1995:2). Hulle hoop het dus gegroei uit 'n versmelting tussen hulle toekomsverhaal en God se toekomsverhaal van beloftes vir sy volk.

Tydens die Wayne Oates konferensie oor “Hope As A Dynamic For Healing,” is etlike uitsprake gemaak oor die toekomsgerigtheid van hoop: Hoop is geloof wat op die toekoms gerig is (Hovde 1998:5). Hoop is die vermoë om die toekomspotensiaal in die huidige situasie te sien (Shurden 1998:12). Hoop is die verwagting van die onvoorspelbare en die vervulling van antispasies wat in geloof gewortel is (Simmons 1998:3). “Hope lifts the human frame to tiptoe in expectation. It sets the imagination ablaze with anticipation. It stretches the mind to conjure up manifold possibilities” (Madden 1998:8) ... “Possibility is the key to hope. It is holding to the belief that for God all things are possible at all times” (Madden 1998:12).

Lester (1995:65) beskou hierdie toekomsgerigtheid as die diepste vlak van hoop: “The deepest level of hope is an open-ended, trusting stance toward existence that perceives a future horizon that transcends the finite hopes expressed in our specific objectives.

Transfinite hope embraces the mystery and excitement of open-ended future and the not-yet.”  
Hoop is ons respons op die roeping van die Gees na ‘n nuwe toekoms (Clinebell 1979:143).

Hoopvolle toekomsverhale is van die uiterste belang vir mense met kanker. Hoop is dalk een van die paar dinge wat sommige mense met kanker kan beheer. Beheer oor toekomsverhale kan ‘n kragtige hulp wees om met kanker te leef. Hoopvolle toekomsverhale, selfs as hulle nie realiseer nie, kan in ‘n ander raam geplaas word (“be reframed”) en herskryf word, sodat hoop kan bly (Aldredge-Clanton 1998a:60). Dan, deur versigtige aandag te gee aan die verhale wat mense vertel oor die eindelose onbekende van kanker, kan ons hulle help om toekomsverhale te visualiseer wat met hoop gevul is (Aldredge-Clanton 1998a:66).

Hoop is dus veel meer as Stotland (1969:2) en Sampson & Fenlon & Fenlon (2000:191) se blote bereik van sekere doelwitte. “The maturely hopeful person remains hopeful even though specific desires are disappointed. The realistically hopeful person is able to transfer energy from disappointed hopes to better prospects. Genuine hopefulness is gradually transformed into a faith related to the sense of purpose and benevolence in the universe” (Fairchild 1980:53).

**Johan:** Ja, ja, dat ons altyd met 'n oop toekoms vorentoe kan lewe, al kom wat ookal op ons pad. Ek het die afgelope tyd nogal baie gedink oor die woord *hoop*. Beteken *hoop* dat ek net altyd hoop dat dit sal goed gaan, hoop dat dit sal beter gaan, of beteken *hoop* ook en miskien veral, dat ek die sekerheid het dat wat ookal gebeur, al sou ek nie gesond word nie, al sou dit nie met my beter gaan nie, al sou ek nie uit my skuld uit kom nie, maar dat ek weet God gee my die genade om daar deur te kom; Hy gee my die genade om te hanteer wat op my pad kom - dat dit ook dalk 'n groot deel van *hoop* is.

**Dina:** Ek dink verseker so. Ek dink ook, **veronderstel mens het nie gesond geword nie, gaan die *hoop* nie ophou nie**, want hierdie *hoop* is nie net *hoop* om gesond te word

nie, maar *hoop* is baie wyer en groter, *hoop in Christus* word juis dán, dink ek, net sterker, inniger, hegter, sinvoller.

## 2. HOOP IS ONSTERFLIK

Hoop is ons toekomsverhaal, maar daar is geen sekerheid dat genesing deel van daardie verhaal gaan wees nie. Hoop is nie ‘n waarborg vir genesing nie. Dit is nie ‘n towerstaf waarmee alles reggemaak word nie. Dit gaan oor, wat Dina later noem, “die hoop van die lewe in Christus” (sien p 139). Dit gaan oor ‘n toekomsverhaal waarin daar steeds in gemeenskap met Christus geleef word, en Hy die genade gee om alle omstandighede te hanteer, ook wanneer ‘n mens nie gesond word nie. Dit is die sekerheid dat Jesus Christus Wat gister en vandag dieselfde is, jou ook môre en oormôre nooit in die steek sal laat nie. Ons hoop, skryf Lester (1995:66), is in ons verhouding met die betroubare God wie se karakter gekenmerk word deur ‘n betroubare, standvastige liefde vir ons. God is aan ons kant! God is ‘n genadige, liefdevolle Skepper en Verlosser wat ons met die toekoms kan vertrou. Hy belowe nêrens dat ons teen siekte gevrywaar is nie, maar Hy belowe dat ons nie daardeur oorweldig sal word nie (Castle 2000:75).

Die Christelike hoop hou nie op as genesing uitbly nie, want dis ‘n onsterflike hoop, “die dwars door ondergang en teleurstelling, gevangenschap en ziekte, dood en graf, ja over Gods gericht en heiligheid heen blijft hopen” (Overduin 1975:29). Niemand anders nie as Jesus Christus, wat gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde is, voed hierdie hoop. Niemand minder nie as God is die bron van hierdie verwagting.

Toegepas op kanker, sê Aldredge-Clanton (1998a:66) “A physical cure of the cancer, though still important, does not provide the only source of hope. Ultimate hope comes from the more certain ‘Radical Cure’”. (Sien hieronder “Die Verskuiwing van Hoop”).

Ons hoopvolheid (“hopefulness”) is dus nie afhanklik van die realisering van enige spesifieke hoop nie. Wanneer hierdie hoopvolheid onafhanklik van die realisering van enige spesifieke hoop bestaan, “we have become hopeful selves, and hopefulness has

become intrinsic to who we are” (Capps 1995:33). Ons verval nie in wanhoop wanneer ons ‘n “finite hope” verloor het nie, omdat ons nie ons basiese, fundamentele, “transfinite hope” verloor het nie (Lester 1995:67).

**Johan:** Dan dink ek ook aan wat Dougie gesê het oor die kwessie van "ons gaan leer hieruit, ons gaan sterker mense, ons gaan beter mense hieruit kom" - dat *hoop* ook hierdie groei is ...

**Dougie:** Die groeiproses ...

**Johan:** ... die groeiproses is wat ons ervaar binne in hierdie krisis. Ek lees dat iemand skrywe hoop is nie 'n statiese ding wat jy net sit en wag dat iets moet gebeur nie, maar *hoop* beteken juis groei en dat ons in hierdie krisistyd, dat ons ook gegroei het.

**Dougie:** Ek dink ook dit sluit baie aan by aanvaarding ook. In die groeiproses aanvaar ons, soos Dina sê, **sê nou jy word nié gesond nie, of jy kry 'n ander siekte, maar jy word nie gesond nie, dat jy nog steeds die *hoop* het en kan groei, in jou hele lewe kan jy groei, ten spyte van die feit dat jy nie gaan gesond word nie, want almal kan nie gesond word nie.**

**Johan:** Dan verskuif die *hoop* na ander dinge toe...

**Dougie:** Korrek, ja, nie spesifiek die gesondword deel van die probleem wat jy het nie. **Die gesondword deel is een been.**

**Johan:** Ja, dan verskuif *hoop* byvoorbeeld na kwaliteit verhoudings, of na die herstel van verhoudings, of dit verskuif na: om menswaardig aan te gaan ten spyte daarvan dat ek nie gesond geword het nie.

**Dougie:** En om uit te reik, miskien, om in jou situasie nog steeds te kan uitreik...

**Johan:** En vir ander iets te beteken ...

**Dougie:** ... vir ander iets te beteken wat dalk in 'n slegter situasie as jy is.

### 3. DIE VERSKUIWING VAN HOOP

*Hoop groei deur 'n rekonstruksie van die toekomsverhaal.* Met die aanvanklike diagnose van kanker hoop mense op genesing, maar wanneer dit duidelik word dat die kanker nie gaan genees nie, word die hoop na ánder verhale verskuif. Die fokus van hoop word verander (Aldredge-Clanton 1998a:124), en daar word gefokus op die “many faces of hope and healing” (Aldredge-Clanton 1998a:128). Capps (1995:32) noem dit “widening horizons” – hoop word “recentered” of “redirected” (Capps 1995:72); Fairchild (1980:121) praat van “the enlargement of hope”; vir Fitzgerald (1979:53) is dit die transformasie van hoop; vir Kendrick (1998:4) die herdefiniëring van hoop.

Vir mense met kanker is dit dikwels ‘n tyd van ondersoek en wysiging van doelwitte en hoop vir die toekoms (Aldredge-Clanton 1998a:124). Wanneer hulle hoor dat hulle kanker ongeneeslik is, verskuif sommige mense die lokus van hoop vanaf oorlewing na nuwe sin in die lewe. Die nuus dat hulle ‘n kort tydjie het om te lewe, kan tot ‘n nuwe vlak van selfaktualisering lei (Aldredge-Clanton 1998a:127). Die fokus verskuif vanaf kwantiteit na kwaliteit lewe. “Making every moment count may become their highest goal” (Aldredge-Clanton 1998b:3). In plaas van verlang om terug te keer na ‘n vroeëre “normale” toestand, of om uit te sien na iets in die verre toekoms, word meer in die teenwoordige tyd geleef (“life is lived more in the present tense”). “In the last days, it is hope for *being*, not primarily for doing, which is paramount” (Fairchild 1980:121). In plaas van langtermyn doelwitte, kan meer beperkte korttermyn doelwitte gestel word. Volgens Aldredge-Clanton (1998b:3) het sommige mense langer geleef as wat hulle óf hulle dokters gedink het, moontlik omdat hulle op die een korttermyn doelwit na die ander gefokus het.

Soos die kanker toeneem, kan hoop fokus op die versoening van een of ander verhouding, verligting van lyding, en die welsyn van geliefdes wat agtergelaat word. Aldredge-Clanton (1998a:125) noem dit “transitional hopes.” Mettertyd word oorgegaan tot ‘n dieper, transenderende hoop vir wat na die dood mag kom. Inherent in die vermoë om te kan hoop is die bewustheid van sin, doel en identiteit. Siekte en lyding kan ‘n persoon se bewustheid van doel bedreig, of hierdie sentrale doel kan die hoop voed te midde van lyding. Lyding kom dikwels van ‘n vrees vir die toekomstige disintegrasie van persoonlike identiteit. Hoop op ‘n voortgesette identiteit in ‘n lewe wat die aardse lewe transendeer kan sin gee wat hierdie lyding help verlig (Aldredge-Clanton 1998a:125). Kendrick (1998:4) beskryf dit as volg:

Hope calls for an imaginative capacity that holds tenaciously to the conviction that there may yet, be a way out, an undiscovered reprieve. Simultaneously, hope demands an ability to be flexible, to release our hold on temporal hope that is no longer achievable, in trust that by God’s infinite mercy, a new way of being remains available to us. Through a complex series of losses, hope must constantly be redefined. First, one hopes for cure, then for remission, eventually, perhaps, for freedom from pain, and finally, for the intangibles of integrity, death with dignity, God’s faithful care of those who will be left behind. Prayers for divine healing may convert to heart-centered pleas to live for the birth of one’s first grandchild.

**Johan:** So, die woord *kanker*, as ek die diagnose hoor, daai eerste oomblikke is dit 'n geweldige skok, maar dit is nie die einde van die verhaal nie, die verhaal gaan aan, en ons het die keuse oor hoe ons daardie verhaal gaan skrywe.

**Dina:** Ja, as jy dit hoor, is dit die begin van die verhaal. Om 'n operasie te ondergaan, is sleg, dis 'n wond wat moet genees, maar as jy hoor dis kanker, is dit 'n nuwe lewe wat begin, ander ingesteldhede.



#### 4. 'N NUWE HOOPVOLLE VERHAAL

Baie mense beskryf hulle kanker ervaring as die begin van 'n totaal nuwe lewe (Aldredge-Clanton 1998a:19). Olmstead (1996:257) sluit haar boek oor haar eie borskanker ervaring af met die woorde: "Breast cancer is not the end. It's a new beginning." Die lewe na mastektomie is 'n nuwe hoofstuk, 'n nuwe verhaal, 'n verhaal van steeds groeiende hoop. Daar groei hoop uit al die ander wonderlike eienskappe wat sy besit, uit die ondersteuning wat sy ontvang, uit die aanvaarding, uit die groei wat sy en haar gesin beleef. Daar groei hoop uit die nuwe potensiaal wat sy en haar gesin ontdek het, dat hulle ook weer vir ànder kan hoop gee. Ten diepste groei die hoop uit haar (en hulle) geloof in God en die bemoediging wat sy (en hulle) in die Woord van God gevind het. Hoop groei waar die V(v)erhale een word en die H(h)orisonne versmelt (vgl. p14-16), en 'n mens se verhaal deel word van DIE VERHAAL VAN HOOP (vgl. p 70). Hoop groei waar sy haar nuwe veranderde liggaamsbeeld in haar identiteit as vrou integreer (sien volgende paragraaf).

**Johan:** 'n Wond wat moet genees, 'n fisiese wond - sou die wond wat moet genees ook iets anders kon beteken?

**Dina:** Nee, ek het maar aan die fisiese wond ... as dit nou 'n operasie was sonder kanker, dan's dit ook sleg, dan's dit 'n wond wat moet genees, maar met kanker by is dit nie klaar nie, dan's dit 'n proses wat eintlik jou lewe lank by jou bly.

**Johan:** Ja, ek dink ook aan die titel van 'n boek wat ek nog nie onder oë kon kry nie, hulle kon dit nog nie vir my van oorsee af kry nie, die titel van die boek is "*The Scar within*" - na aanleiding van mastektomie. **Jy sit met die fisiese wond wat moet genees, maar jy sit ook met 'n geestelike wond, 'n psigiese wond.** Kom ons gaan na die volgende vraag toe dan: Doughtie het jou meegedeel dat jou bors verwyder is, en dat dit kwaadaardig is. Dit het onmiddellik twee verhale ter sprake gebring: 'n borsverhaal en 'n kankerverhaal.

Wat het die verlies van jou bors aan jou as vrou gedoen? Dit gaan m.a.w. oor **die vraag na jou identiteit, wat het dit aan jou, jou vrouwees, gedoen?** Hoe het dit jou geraak?

**Dina:** Vir my as vrou, het ek..., ek wil sommer die Engelse woord gebruik: *terrible*. Dit het vir my gevoel soos 'n gat wat in my liggaam gelaat is. Ek het ongebalanseerd gevoel. Ek het in my liggaam **'n groot verlies beleef**. Ek kan baie goed onthou die aand voor die operasie het ek heerlik gebad en vir oulaas my goed bekyk. Ek het vir myself voorgestel, die ergste. As ek my bors moet verloor, ek het my daarop ingestel, dink ek, gehad. As dit nie sou gebeur nie, was ek baie verlig en baie dankbaar. Maar my ingesteldheid van die begin af: verwag die ergste en dan is jy nie so teleurgesteld as dat ek gedink het, maar dit gaan nie gebeur nie, dan gebeur dit tog. Maar, snaaks genoeg, na die operasie, toe ek nou die nuus gehoor het, dat ek het my bors verloor, het ek 'n ongelooflike kalmte en rustigheid beleef, 'n goddelike rustigheid en wil ek ook sê: "Dankie, Here, vir voorbidders, vir mense wat my kon dra in daardie tyd, my ouers, my familie, my man, my kinders se gebede wat vir my... hulle wat vir my kon intree. Maar ek het my situasie onmiddellik aanvaar. Ek het vir myself net gesê, maar ek is nou hier. Ek het besef ek kan niks daaraan doen nie. Dit het gebeur met my. Maar ek het nog soveel stof tot dankbaarheid en dit kon baie erger gewees het. Daar is soveel erger dinge wat nog kon gebeur het.

**Dis erg vir 'n vrou om haar bors te verloor**, ja, maar dis iets wat nie so sigbaar is ook nie. 'n Mens kan redelik goed aangaan met jou lewe. Dis nie soos 'n been wat jy verloor wat jy regtig moet ...of 'n oog wat so erg opsigtelik is nie. 'n Mens kan nog aangaan ...

**Johan:** Dit kan gekamoefleer word ...

**Dina:** Dit kan gekamoefleer word. Een aand in die hospitaal was ek verskriklik hartseer, ek dink regtig daar het ek seker so 'n bietjie dalk depressie beleef - af gevoel, baie af. Verskriklik gehuil die aand, en ek kan goed onthou, die besef daar, dat mens gaan **nooit weer volkome vrou** wees nie. **Dit het so gevoel - met die borsverlies**. En na die tyd ook, kan ek goed onthou, by die huis, as mens na die radio luister of na die televisie kyk,

en hulle adverteer vroue-onderklere en enigiets wat met borste te doen gehad het - dit was vir mens seer om dit te sien en jy het dadelik gedink: ai, waar sit ek? Jy weet, niks gaan weer dieselfde wees nie, dit kán nie. **Dit gaan net nooit weer dieselfde wees nie.** Dit was vir my 'n groot aanpassing, wat ek gedurig myself positief moes hou. Ek het maar net vir my deurentyd gesê: "Dit is waar ek is, nou stap ek die nuwe pad, met God wat my lei." En daar is in Ps. 18:33 'n versie wat vir my baie beteken het: "God omgord my met krag, Hy maak my pad voorspoedig." So Hy sal vir my in hierdie party dae se **ellendige gevoel** daai krag gee, my omgord, my stewig maak. **Dit was my gevoel oor die verlies van my bors.**

## 5. MASTEKTOMIE, IDENTITEIT EN HOOP

Menslike lewe bestaan uit verhale. Ons leef verhale vanaf geboorte tot ons dood. Ons konstrueer ons bewustheid van identiteit uit bewuste én onderdrukte verhale (Lester 1995:29), wat sosiaal konstruksionisties deur kulturele diskoerse beïnvloed word (Burr 1998:51). Soos ons deur die lewe gaan word nuwe ervarings nie net geïntegreer in die ontwikkeling van kern narratiewe ("core narratives") nie, dit bring ook verandering in hierdie kern narratiewe. Ons selfbewustheid, ons identiteit, word stuk vir stuk gebou soos ons ons ervarings in verhale laat vorm aanneem en dan hierdie verhale in ons voortgaande kern narratiewe integreer. "The core narratives communicate a person's values, purposes, and unique characteristics, which allow us to imagine an identity" (Lester 1995:30). 'n Ineenstorting ("breakdown") in hierdie kern narratiewe maak 'n mens kwesbaar vir wanhoop (Lester 1995:30).

Die borsverhaal/-diskoers vervul reeds van jongs af 'n belangrike rol in die vorming van die vroulike identiteit. Die moederbors is die eerste liggaamsorgaan waarmee die pasgebore baba kontak maak, die eerste objek waarmee 'n verhouding gevorm word. Volgens Nel (1977:60) vorm hierdie verhouding die basis van alle latere objekverhoudings en vorm houdings teenoor die bors en fantasieë daarom gebou, deel van die identiteitsontwikkeling van alle mense.

Zuckweiler (1998:47) beskryf haar ervaring met die ontwikkeling van haar borste as jong dogter, en sê dan: “We all have a story about what it was like to come into our breasts.” Borste is ‘n belangrike uiterlike teken van die vroulike adolessent se oorgang na vrouwees en is dus ‘n integrale deel van haar nuut ontwikkelende vroulike identiteit (Isemann 1994:45). Vir die volwasse vrou vorm dit ‘n sentrale deel van haar liggaamsbeeld, haar selfbegrip en haar identiteit as vrou (Nel 1977:60). Borste maak dus ‘n integrale deel uit van die vrou se kern narratiewe oor haar vroulike identiteit en kan ‘n mastektomie gevolglik beleef word as ‘n aantasting van, en ingryping in, hierdie kern narratiewe. “Verlies of skending van die bors is ‘n gevreesde ervaring vir meeste vroue aangesien hul selfagting, trots in die liggaam en gevoel van sosiale en seksuele aanvaarbaarheid so intiem afhanklik is van die borste as eksterne simbole van vroulikheid” (Nel 1977:61). Mastektomie word nie net as liggaamlike beskadiging beleef nie, maar ook as ‘n pynlike verminking van die identiteit (Nel 1977:150). Die trauma van borsverlies, sê Strydom (1977:160), lê in die feit dat ‘n vrou nie net ‘n deel van haar liggaam verloor nie, maar ‘n deel van haar bewustelike en onbewustelike psige (vgl. Lester 1995:29 soos hierbo aangehaal). “Her archetypical concept of femininity is affected” (Strydom 1977:160). O’Hare (1987:46) som die betekenis van die vroulike bors en die effek van borsverlies as volg op:

Breasts are more than anatomical organs whose sole function is to produce milk. They are organs which hold psychological significance in that they are symbols of femininity and motherhood. They play an important role in the psycho-sexual development of women because of this symbolic significance. Societal attitudes contribute largely to this symbolic importance of the breasts. In addition, the breasts are important foci of stimulation in sexual relationships, because of their erotic capabilities. The loss of an organ so loaded with psychological symbolism could have a deleterious effect on a woman’s psychological functioning.

In die lig van bogenoemde kan ons Dina se gevoel verstaan van “nooit weer volkome vrou wees nie,” en “dit gaan net nooit weer dieselfde wees nie.” *Twee maande na my vrou se operasie het sy een aand gesê dat sy nou eers weer ‘n heel mens voel – sy het soos ‘n halwe mens gevoel toe sy uit die hospitaal gekom het.* Hierdie ervaring word deur etlike navorsers bevestig (Gyllensköld 1982:93; Aldredge-Clanton 1984:197; Love 1991:241; Becvar 1996:84). Aldredge-Clanton (1984:197) vertel van ‘n vrou wat gesê het dat sy eerder met kanker sal saamleef as om sonder ‘n bors te leef. Sy sou eerder as ‘n “heel mens” sterf as om sonder ‘n bors te leef. Becvar (1996:84), wat haar eie borskanker en mastektomie ervaring beskryf, sê dat dit haar nie net met haar eie sterflikheid konfronteer nie, maar dat dit ‘n aanslag is op haar basiese identiteit en integriteit, wat haar dikwels laat voel dat sy minder as ‘n vrou is – “I have lost a sense of bodily coherence in an area of my body that is a fundamental part of my femaleness. Indeed, for some women, this is far worse than the reality of having a ‘terminal’ illness.”

Die kanker ervaring laat mense met baie fisiese wonde wat hulle hele liggaam, denke en gees (“body, mind and spirit”) affekteer (Aldredge-Clanton 1998a:107). Terwyl hulle liggame verminking en beskadiging ly, ontstaan vroeë aangaande identiteit en hulle waarde as menslike wesens. Hulle kan wanhoop aan hulle toekomsdrome terwyl hulle worstel om sin te vind in wie hulle is na al die veranderinge wat hulle moes verduur. “The identity crisis that many people endure challenges their hoping capacity” (Aldredge-Clanton 1998a:107).

Die restorasie van hoop, skryf Aldredge-Clanton (1998a:107), begin wanneer na hulle verhale van pyn en rou oor die veranderinge wat hulle liggame gely het, geluister word. Deur hulle verhale met ander heilige verhale (“sacred stories”) te verbind, insluitend ons eie verhale van verwonding, kan verder hulle beeld van hulleself as heel persone restoreer, ongeag hulle verliese. Die beweging na heelheid gaan voort deur pastorale intervensies wat mense uitnooi om God as verwond te sien. Die beeld van ‘n “Divine Lover” wat saam met hulle ly en dus al hulle worstelinge verstaan, bring troos en heling. “Believing that they are in the image of the Divine, even in their imperfections, inspires them to walk into the future with hope and power”.

Henderson (1996:217) help vrouens na mastektomie om hulle liggame te waardeer en om weg te beweeg van die siening dat hulle identiteit as 'n vrou gedefineër word slegs deur die teenwoordigheid of grootte van 'n spesifieke liggaamsdeel, soos byvoorbeeld 'n bors. Die paradoks, beide vir die pastor en vir die vrou, is:

to honor the loss of something very sacred (the breast) and recognize the grief that is a normal response to that loss, while at the same time moving toward an awareness of the holy that allows for and embraces imperfect bodies as also being sacred and sexual. It also involves redefining womanhood and femininity to be inclusive of loss.

**Johan:** Jy het die opmerking gemaak: "Dit het met my gebeur, ek kan niks daaraan doen nie." Al wat 'n mens dan kan doen is om te sê: "Hoe gaan ek dit nou hanteer," né. Ek kan niks verander daaraan nie. Al wat ek kan verander is hoe ek dit gaan hanteer van hieraf vorentoe.

**Dina:** Ja.

**Johan:** Die gevoel van "volkome vrou": op watter stadium het dit weer begin terugkom?  
**Of:** "Het dit teruggekom?"

**Dina:** Ja, ek dink dit het, in 'n mate. Dit het na my rekonstruksie, wat 'n sukses was, wat ek gevoel het, ek voel weer gebalanseerd. In 'n mate - dit sal nooit weer dieselfde wees nie, dit kan nie, maar tog het dit vir my baie baie beteken na my rekonstruksie.

## **6. REKONSTRUKSIE EN HOOP**

Die terugkeer van 'n gevoel van balans en heelheid na 'n rekonstruksie operasie word deur verskeie navorsers bevestig (Berger & Bostwick 1984:149; Hopwood & Maguire

1988:49; Aldredge-Clanton 1998a:98; Langellier & Sullivan 1998:9). Aldredge-Clanton (1998a:98) berig oor een vrou wat haar gevoel beskryf het as “being put back together again.” Wanneer Bornemann (1984:188) vir mense van haar borskanker en komende operasie vertel het, het sy terselfdertyd ook oor die rekonstruksie gepraat – “It was my way of saying that I would be back to normal as quickly as possible.” Sommige vrouens voel dat rekonstruksie sal help om hulle “feminine silhouette” terug te bring (Kneece :2001:47). In ‘n gesinstudie wat Berger & Bostwick (1984:150) onderneem het met *Bill en Diane Ross*, beskryf Bill Diane se rekonstruksie ervaring as volg: “With breast reconstruction, she is her old self again, filled with enthusiasm. Her zest for life has returned. Reconstruction was the icing on the cake for Diane. It put back what surgery took away and completed her rehabilitation.”

Alhoewel rekonstruksie baie voordele vir die vrou inhou wat kan meehelp om haar hoop en entoesiasme vir die lewe na mastektomie te laat groei en baie dit baie positief ervaar, deel baie vrouens ook in Dina se ervaring *dat dit nooit weer dieselfde sal wees nie*. Aldredge-Clanton (1998a:98) sê dat alhoewel ‘n vrou se borste na rekonstruksie net so aantreklik of selfs aantrekliker kan wees as voor haar mastektomie, sy altyd sal rou oor die verlies van haar oorspronklike borste. “No matter how beautiful her reconstructed breasts are, they are not her original breasts, and they do not have the same sexual feelings.”

Rekonstruksie is ‘n hulpmiddel in die groei van hoop in soverre dit die vrou se liggaamsbeeld help herstel, haar ‘n gevoel van balans en heelheid gee, en haar gevoel van vrouwees versterk.

**Johan:** Ja, ek as man probeer my nou indink dat dit so deel is van 'n vrou se identiteit as vrouwees, dat daar sekerlik 'n geweldige leemte in jou identiteitsgevoel moet wees, asof 'n stuk van jou identiteit weg is.

**Dina:** Ja, veral as mens **klere aantrek**, net prakties, jy weet, as jy klere aantrek, dan konsentreer jy so oor hoe lyk ek? Lyk ek nie skeef nie? Jy weet, al sulke praktiese

probleempies wat mens maar na gekyk het. Ja, dit is, baie keer is 'n mens dalk oorbewus daarvan. Maar jy beleef dit, jy beleef jou liggaam, dan is 'n mens dalk oorsensitief daarvoor. **Maar dit kan nie anders nie, want mens beleef dit, jy gaan deur hierdie proses van verlies.** Ja, en veral wanneer mens nou **in die badkamer** is, en jy moet self na jou liggaam kyk, dan was dit maar nie lekker nie, dan was dit nie lekker nie. (*'n Rukkie stilte*).

## 7. DIE PROSES VAN VERLIES

Die sielkundige pyn en skok wat gepaard gaan met die verlies van 'n liggaamsdeel, kan vergelyk word met die dood van 'n geliefde persoon (Nel 1977:50). Strydom (1977:54) vergelyk die verlies van 'n bors met die dood van 'n kind. Baie van die sielkundige effekte van kanker kan verstaan word in terme van reaksie op verlies, of die bedreiging van verlies in die toekoms (Barraclough 2000:35). Henderson (1996:217) praat van “to honor the loss of something very sacred (the breast) and recognize the grief that is a normal response to that loss.” Met die verlies van 'n bors gaan mense dan ook deur 'n rouproses. Zuckweiler (1998:43) beskryf die ervaring van verlies, en sê:

Before we can move on with our lives after a mastectomy we need to take time to acknowledge our grief over the loss of our breast. Grief after a mastectomy is not an indication of superficiality or vanity. Grief is a natural, human response and a natural process which allows us to feel, and eventually recover, from loss.

Wanneer 'n vrou ná 'n mastektomie na haarself in die spieël kyk, kan sy deur 'n klomp sterk negatiewe gevoelens oor haar postmastektomie liggaam getref word. Dit is krities vir haar om te rou oor die veranderinge wat deur die mastektomie teweeggebring is en dit sal nie help om die gevoelens te onderdruk wat by haar opkom nie (Zuckweiler 1998:116). Borskanker verander meer as net die voorkoms van die borste. “The view in the mirror reflects a larger transformation of the self” (Langellier & Sullivan 1998:10).



‘n Deel van haar ou verhaal is weg – ‘n nuwe verhaal moet nou in haar vrouwees geïntegreer word.

Sy ervaar ‘n verskeidenheid van verliese, onder andere die vryheid om ‘n verskeidenheid klere te dra, die beweging van haar arm, vertrouwe in haar liggaam, ‘n deel van haar seksualiteit, rustige slaap en fisiese gemak (Zuckweiler 1998:44). “Each one of us will have a unique set of losses associated with the loss of a breast based on our personal histories and our relationship to our breasts” (Zuckweiler 1998:46).

Die wyse waarop ‘n vrou grootgeword het, gaan in ‘n groot mate bepaal hoe sy haar verlies gaan hanteer. Zuckweiler (1998:48) skryf:

Growing up in an environment that was accepting and supportive of our development would have given us positive attitudes and coping skills to help us through the grief process after a mastectomy. If we were raised in an environment that taught us not to talk about our bodies and to feel shameful about having breasts, we are going to have a more difficult time processing the grief. Healing grief requires that we think, feel, and talk about what we are experiencing. Some women have to break through old beliefs that it is not acceptable to talk about their breasts before they can process their grief.

Vir die meeste vrouens neem dit ongeveer twee jaar om in ‘n redelike mate oor die verlies van ‘n bors te kom. Die mees intense rou sal heel moontlik kort ná die operasie wees, maar ‘n vrou kan vir die res van haar lewe ‘n mate van rou beleef oor haar mastektomie. Sy kan voel dat sy pas haar verlies aanvaar het, wanneer iets haar gevoelens weer sneller. Dit kan drie jaar later wees, wanneer sy ‘n aandrok vir ‘n elegante troue moet uitsoek, dat sy weer tranes voel opkom. Zuckweiler (1998:46) sê “You may want to scream and stamp your feet at the unfairness of only being able to consider a quarter of the dresses because of the changes to your body.” Twintig jaar

na die operasie kan haar beste vriendin of dogter dalk gediagnoseer word met borskanker en kan sy sommige van haar eie pyn herleef wanneer sy saam met haar deur die proses gaan.

**Johan:** Ja, ek het gesê daar is twee verhale ter sprake: 'n borsverhaal en 'n kankerverhaal. Watter effek het die kankerdiagnose op jou gehad?

**Dina:** Dit was vir my regtig 'n groot skok. Ek het 'n bang gevoel gehad. Ek het 'n onseker gevoel gehad. En ek het nie geweet presies wat nou voorlê nie. Ek het gedink aan kanker, kanker - dit tref mos net ander mense. Wat is kanker? Hoekom tref dit my? Ek het so min eintlik daarvan geweet. Maar na die kankerdiagnose, waar gesê is soveel kliere is verwyder, en soveel is aangetas, het ek dit onmiddellik aanvaar. Wat vir my dit moeiliker, of seerder gemaak het, was my naby mense se beleving daarvan, van die nuus, hulle reaksie, om dít te beleef, was vir my amper swaarder as my eie. Ek het dit gehoor, en dit was 'n skok en ek het dit aanvaar.

**Johan:** En dan wonder ek hoeveel het die aanvaar en om weer hoop te hê, met mekaar te doen.

**Dina:** Ja, daar weer ook het ek 'n stuk wat vir my baie kosbaar is. Ek kon dit met so baie mense deel ná die tyd ook wat krisisse deurgaen, en mastektomieë nà die tyd. Dit was vir my Ps. 131: "Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is. Ek het rus en kalmte gevind, soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind. Wag op die Here, nou en vir altyd."

**Johan:** Ja, dis 'n kwessie van oorgawe, né.

**Dina:** Absoluut. Dit was vir my motto vir daai tyd. Dit is dus bokant my verstaan - hoekom en waarom? Hoekom ek? Ek moenie my daaroor bekommer nie. Dit moenie my bekommernis wees nie. En ek het daar regtig rus en kalmte gevind, en tevredenheid dat ek weet dat ek wag op die Here nou en vir altyd en dalk daai hoop wat ek het, ek hoef nie bang te wees nie.

**Johan:** Baie dankie. Dit bring ons dan by die volgende vraag: Hoe het jy gedink gaan hierdie twee verhale jou en jou gesinslede raak?

**Dina:** Ja, die twee verhale dink ek het ons baie nader nog aan mekaar gebring. Ek dink ons is 'n hegte familie. Maar dan ook hoe kosbaar is lewe, het ons hierna deeglik besef. Lewe is 'n gawe van God. En dan het ek ook besef die meesterstuk van die lewe, is leef voluit met 'n doel, tot eer van God. Dit het ek oor die radio gehoor vanoggend, maar dis eintlik maar: leef voluit, met 'n doel.

**Johan:** En dis hoop. (*Dina en Dougie beaam*). Jy het onmiddellik die uitdaging van die nuwe pad in die geloof aanvaar. As jy vandag terugkyk, hoe sien jy die pad wat jy tot hiertoe geloop het? Hoe voel jy oor die pad?

**Dina:** As ek terugkyk vandag na my pad wat ek moes loop, voel ek ek was baie spesiaal en eintlik bederf deur God. As ek 'n keuse kon hê om hierdie pad te kon kies, ja of nee, sê ek honderd persent "ja", ek sal hom weer wil loop. My dankbaarheid het my asemhaling geword, en ek het soveel stof tot dankbaarheid vir God se genade beleef in hierdie tyd. My geloof groei in Christus, 'n onbeskryflike ervaring, dié pad het my laat opkyk. My liefde vir my familie, my man, my kinders, vriende, kollegas, was net soveel inniger, hegter en sinvoller en dié pad het my na buitetoe laat kyk. En dan, die geloof en die liefde, wat gegrond is vir my op die hoop wat vir ons in die hemel bewaar word. Dié pad het my laat vorentoe kyk. 'n Baie goeie stukkie wat Ernst (*hulle leraar*) vir ons gegee het in 'n preek, is: "Faith rests in the past work of Christ, love works in the present, and hope anticipates the future."

**Johan:** Wonderlik. Hoop bly vorentoe kyk.

**Dougie:** Hoop is jou fokus, jou fokuspunt.

**Johan:** Ja, ongeag van wat my omstandighede is, ongeag van wat ookal al die onsekerheid van die toekoms, dit is hoop wat my laat aangaan. (*Dina en Dougie beaam*).

En dan die uitdrukking wat jy gebruik oor "'n draai in my pad." Watter betekenis het die woorde "'n draai in my pad" vir jou gehad?

**Dina:** Ja, aanvanklik het dit vir my gevoel of my pad 'n draai in 'n woestyn gemaak het. Daar is geen paaie in die woestyn nie, so daar was eintlik nie vir my op dié stadium, het ek gevoel, daar is nie 'n pad nie. Ek is nog in die woestyn. Maar in Jes. 43:18,19 het die Here met my gepraat en vir my gesê: "Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, en dit staan op die punt om te gebeur. Ek maak in die woestyn 'n pad." En dit was vir my wonderlik, dat ek weet dat die Here 'n pad gaan maak en verder: "Ek gee water in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk se dors te les" en om jǒu dors te les. Die Here het vir my 'n pad in die woestyn gemaak, met volop water, regtig en riviere in my lewe het ontspring en **God het my eintlik van oase na oase laat beweeg. Dit was my pad in die woestyn.**

**Johan:** Wil jy iets van die oases met ons deel? Watter soort oases het jy beleef?

## 8. OASES VAN HOOP

Om met die onsekerheid van kanker saam te leef kan groot risiko's én moontlikhede inhou. Mense kan oorweldig word deur angs en rou en kan selfs wanhoop. Maar om met die onsekerheid, onveiligheid en onvoorspelbaarheid van kanker saam te leef, kan ook lei tot diepgaande ervarings van dankbaarheid en heelheid. "These experiences may be brief and intermingled with grief, but they provide a refreshing oasis of hope. The waiting periods may provide the opportunity for heightened spiritual awareness and discovery" (Aldredge-Clanton 1998a:66).

Dina beskryf hieronder hoe die boek "Strome in die Dorsland", verhoudinge en haar werk, vir haar oases was.

**Dina:** Ek het 'n boek geërf by my ouma: "**Strome in die Dorsland**" - maar regtig nog die óu "Strome in die Dorsland" en ek is nog baie trots op hierdie boek, want sy het nog

self daarin geskryf. My ma het hom vir háár gegee met haar vyftigste verjaarsdag. Ek het geles in hierdie boek, maar sjoe, nee, ek kon nie lekker kry nie, die boek toegemaak, en ... dit is 'n erfstuk, dit het baie sentimentele waarde. Byvoorbeeld net dít: ek het baie geles en baie boeke gekry en toe kom ek op hierdie boek af: "Strome in die Dorsland" en dit was net ongelooflik hoeveel ek daaruit kon put en wat het daai dagstukkies tóé vir my beteken. Dit was soos regtig 'n woord oopbreek en ek kon dit toe saamvat met my. Dit was vir my 'n wonderlike oase.

**Johan:** So, in jou situasie op daai stadium, het hierdie boek net nuwe betekenis vir jou gekry wat hy nie vroeër gehad het nie.

**Dina:** Ja, ja, ek het hom geles net met meer insig, meer ... ek kon verstaan wat ek lees.

**Johan:** Interessant dat die Bybel ook so werk, né? Jy kan sekere Skrifgedeeltes oor en oor en lees en op 'n dag het daar iets in jou lewe gebeur en jy lees dieselfde versie wat jy dalk al twintig keer geles het en ewe skielik gaan hier net iets vir jou oop en jy haal net 'n nuwe betekenis daaruit.

**Dougie:** Jy sien net iets anderste raak.

**Johan:** So bly die Woord lewend.

**Dina:** Ja, absoluut. Ag, en ek dink met verhoudinge ook. **Verhoudinge ook, definitief, was ook oases in my lewe.** En mense se belangstelling net en liefde, was 'n beleving. **Selfs my werk** het vir my ook ... ek het dit ook anders beleef.

**Johan:** Ja, in watter opsig? Wat het daar met jou gebeur?

**Dina:** **Ek het net besef hoe kosbaar is elke dag.** Ek het net besef hoe kort kan 'n mens se tyd wees. Ons is nie ... ons het 'n beplanning vir die jaar. Maar wie sê jy het twee maande van hierdie jaar om daai beplanning te doen? En ek het net besef dat ek werk

met pêlels, 'n kind is so vormbaar. Hoe jy werk, wat jy sê, hoe jy reageer op wat hulle vir jou vra, dit is verskriklik belangrik.

**Johan:** So, ek hoor iets van 'n nuwe kwaliteit wat jy in die lewe ontdek het.

**Dina:** Ja, definitief, ja.

## 9. DIE WAARDE VAN ELKE OOMBLIK

Die kroniese aard van kanker kan terselfdertyd een van sy grootste vloeke, maar ook een van sy grootste seëninge wees. Min mense wat met kanker saamleef sal die knaende vrese ontken, die vernietigende verliese, en die eksistensiële stryd van die ervaring. Terselfdertyd ervaar baie mense 'n dieper gevoel van waardering vir elke oomblik, soos Dina hierbo sê “**ek het net besef hoe kosbaar is elke dag**” en 'n nuwe geestelike openheid deur die saamleef met 'n dodelike fisiese toestand (Aldredge-Clanton 1998a:66). “Making every moment count may become their highest goal” (Aldredge-Clanton 1998b:3). Skerret (1998:287) sê “They saw the cancer as an opportunity to change their ways, focus more on the moment, and on each other.” In plaas van verlang om terug te keer na 'n vroeëre “normale” toestand, of om uit te sien na iets in die verre toekoms, word meer in die teenwoordige tyd geleef (“life is lived more in the present tense”). “In the last days, it is hope for *being*, not primarily for doing, which is paramount” (Fairchild 1980:121).

**Johan:** Goed, ons het al 'n bietjie oor aanvaarding ook gesels. Watter verskil, dink jy, het die aanvaarding van wat met jou gebeur het, aan jou verhaal gemaak?

**Dina:** Die aanvaarding het alles laat verander. Vir my het dit daai kalmte en rustigheid gebring, en dan die hoop van die lewe in Christus het tevredenheid gebring en as 'n mens by daai tevredenheid uitkom, dan is die aanvaarding ... dit loop so hand aan hand.

**Johan:** Dina, die baie ondersteuning wat jy van familie en vriende ontvang het, het jou 'n verhaal van krag, moed en positiwiteit help skryf. Hoe het jou familie en vriende op hierdie verhaal van krag, moed en positiwiteit gereageer?

**Dina:** Ek dink dit is die Heilige Gees, ek wil dit so noem, dit is my ervaring gewees, het my so meer geïnspireer en gemotiveer. Wanneer 'n vriendin vir my kom kuier het, dan het een of twee hier weggegaan en gesê: "Maar weet jy, ons het eintlik gekom om jǒu te bemoedig, maar ek gaan hier weg bemoedig deur jou." As ek dít sê, dan roem ek in Christus vir die heerlike lewende hoop wat daar is in Hom.

**Johan:** En dat jy ook weer vir hulle kon hoop gee.

**Dina:** Ja, ja. Dit was 'n hemelse ervaring. Sulke tye wat ... Ek dink ook omdat 'n mens daai kwaliteit tyd spandeer ook in jou geestelike lewe wat soveel intenser geword het, ook en dat God met jou kan praat, uit sy Woord uit en dat jy dít kan deel met mense.

**Johan:** En jou skoonsuster, wat ook sêlf later 'n mastektomie gehad het, hoe dink jy het sy gereageer op hierdie verhaal van jou? Wat het dít vir háár beteken?

**Dina:** Ja, my skoonsussie, eintlik is sy my sussie. Ek is baie lief vir haar. (*Dina hartseer*). Sy het gesê na háár mastektomie, as sy terugdink aan my beleving, dan kry sy moed en krag om deur te gaan wat sy moes deurgaen. Dan het mens gewonder hoekom, wat is die doel van my mastektomie? Ek het daaraan gedink. Maar dan, met die tyd, dan besef mens dis wonderlik om vir so iemand iets te kon beteken en vir háár weer moed te gee. Jy weet, ek weet nie hoe lees jy my en hoe ervaar jy my en hoe beleef jy my nie. **Jy weet, totdat sy deur mastektomie moes gaan en ek dit toe kon hoor, hoe hét sy my beleef en dat sy krag daardeur gekry het en moed gekry het daardeur om deur te gaan wat sy nou moes deurgaen.**

**Johan:** Sy is baie jonger as jy né, as ek reg onthou?

**Dina:** Ja. Sy's seker so vyf, ses, sewe jaar, dink ek, jonger as ek. Maar deur hierdie proses, het daar ook tussen óns twee 'n onbreekbare ryk geestelike band tot verhaal gekom.

**Johan:** Julle deel nou iets wat julle andersins nie gedeel het nie.

**Dina:** Ja, ja. En ek dink ook 'n besondere verhouding nóú ook, geestelik, ja. Wonderlik om eintlik te besef ná die tyd, **om met mense te deel, wat ook ànder mastektomieë ondergaan het**, om net te kan bel en te kan sê: "Ek het dit deurgegaan, maar hou moed. Bel my as jy my nodig het, praat met my net" en dit was wonderlik.

**Johan:** *Ja, ek onthou wat dit vir my persoonlik beteken het toe Jacomien uit die hospitaal uit gekom het, en 'n ander vrou wat daar naby ons bly wat so ses maande voor háár 'n mastektomie gehad het, wat ons kom sien het. Dit het onmiddellik vir my 'n gerustheid gebring, dit het vir my hoop gegee. Hier is 'n vrou wat daardeur is en dit gaan goed met haar, jy weet en sy's gelukkig en sy's gesond en dit het net vir my op daai stadium vir myself laat sê, maar dis nie die einde van die storie hierdie nie. Ons lewe gaan aan en Jacomien gaan daardeur kom, en sy gaan gesond word.*

**Dina:** Ja. Maar my skoonsus wat toe 'n dubbele mastektomie ondergaan het ter voorkoming van kanker. Sy het toe nie chemo behandeling gehad daarna nie - nie chemo óf bestraling nie, want sy't besluit om voorkomend op te tree, 'n dubbele mastektomie ondergaan, wat ek ook dink 'n geweldige ding is om deur te gaan.

**Johan:** *Ja, ek het nou al gewonder as ek 'n vrou was, of ek die moed sou gehad het, want Jacomien het toe mos óók later voorkomend 'n tweede mastektomie laat doen, en ek dink nie ek sou so dapper gewees het nie. Ek bewonder julle vrouens.*



## 10. GEDEELDE HOOP

Die hoop proses in mense met kanker word geaffekteer deur die verhale wat hulle vertel en die verhale wat hulle hoor (Aldredge-Clanton 1998a:42). Wanneer hulle beseef dat die verhale wat hulle vertel waarde het en dat hulle vir ánder ‘n verskil kan maak (soos Dina vir haar skoonsuster), gee dit vir hulle hoop dat daar ‘n doel is in hulle stryd met kanker. “Seeing themselves as helpers and givers as well as receivers contributes to hope and healing in people with cancer” (Aldredge-Clanton 1998a:6).

Mense met kanker luister graag na die hoopvolle verhale van ander kanker oorlewendes (Aldredge-Clanton 1998a:42). McFarland (1998:1) sê: “I gained *hope* when I began to meet people who were actually living with cancer rather than just dying from it.” Alhoewel statistiek van die oorlewing van mense met hulle spesifieke diagnose ‘n mate van hoop bring, is daar meer krag in die verhale van individuele oorlewendes (Aldredge-Clanton 1998a:42). “Someone who is living proof that you can make it becomes a beacon of hope” (Holland 2000:72). Holland (2000:206) sê ook “It is truly a gift of hope and can be given only by someone who has been there.” Dis een van die kragtigste bronne van hoop vir mense met kanker (Aldredge-Clanton 1998a:92). Daarom verkies baie mense alternatiewe terapieë wat meer deur getuïenisse ondersteun word as deur wetenskaplike bewys. ‘n Verhaal van een persoon wat genesing ervaar het deur ‘n spesifieke soort terapie dra meer by tot die hoop proses as baie statistiese studies (Aldredge-Clanton 1998a:42). “As they identify with the stories of others, they begin the journey toward healing from isolation and alienation” (Aldredge-Clanton 1998a:90).

Toe Olmstead (1996:35) gaan nagklere koop het vir haar hospitalisasie en sy in gesprek met die kassiere verneem dat sy ook borskanker gehad het, was dit vir haar soos die son wat deur die wolke breek: “And right there in the middle of the lingerie department with shoppers mingling around the racks of clothing ... right there with piped-in music and neon signs beckoning shoppers ... the sun broke through the clouds. I think I even felt a warm breeze.” Dit was vir haar ‘n wonderlike ervaring dat hiërdie vrou twaalf jaar gelede borskanker gehad het en dat sy leef en dat dit goed gaan met haar. Sy en haar man

“walked out of the store, hand in hand. In the sunshine. No, in the *Son*-shine. God was already showing us He knew the whole path of the storm. He was with us ... God was showing us the list of survivors” (Olmstead 1996:36).

Die “Reik na Herstel” vrywilligers vervul ‘n belangrike rol in hierdie proses om hoop te gee aan vrouens wat ‘n mastektomie ondergaan het. Die organisasie bestaan uit vrouens wat almal self ‘n mastektomie gehad het. Hulle besoek vrouens om ondersteuning te bied ná hulle operasie. Sommige van hierdie vrouens se mans tree ook op as vrywilligers om ondersteuning aan die mans te verleen. In die voorwoord van Mahak (Ongedateer, bladsy ongenommer) se handleiding verduidelik die Amerikaanse voorsitter, F. Timothy, die doel van die organisasie:

**Reach to Recovery International** is a comprehensive, non-medical programme created to help women with breast cancer. It is based on the premise that former breast cancer patients, now physically and emotionally healthy, can relate in a unique and positive way to new patients with breast cancer.

The goal of this programme is to provide practical and emotional support to these women, to enable them to make relevant personal decisions and to find the motivation for recovery with optimal quality of life. This dignified programme, with its carefully chosen, well-trained, volunteers, is approved by the medical professions and promoted by cancer societies worldwide.

**Johan:** Dougie, jy het gesê: "Dit was ... 'n besondere tyd gewees in ons lewe en in ons huwelik." **Wat, sou jy sê, het hierdie gebeurtenis aan julle huwelik gedoen?**

**Dougie:** Ek dink aan ons huwelik het dit insig gebring dat ons meer vrymoedig oor die toekoms kan praat en beplan, jy weet, wat sal gebeur indien een van ons, of sê albei

van ons, op 'n stadium te sterwe kom. Op daai stadium ... die lewe moet vóórtgaan, hoe sal dit ons kinders en dié wat dan agter sal bly, hoe sal dit hulle beïnvloed? **Ons as 'n huisgesin is definitief nader aan mekaar gebring.** Ons omgee vir mekaar is meer eg, sal ek sê en meer opreg. Ons stel in diepte belang in die welstand van die ander lede van ons gesin en dat dit nie juis om jou eie ek draai nie, maar dat die ander lede van jou gesin baie meer gewig dra in dít wat jy wil doen en sê.

**Johan:** So, daar het ook 'n baie groter intimiteit, diepte, in die verhouding gekom.

**Dougie:** ... in die verhouding gekom, ja. Ek sal sê dis hoe ek dit ervaar het, dat dit vir ons **baie meer diepte in ons verhouding** gegee het.

## 11. GROEI IN VERHOUDINGS

‘n Ernstige siekte, soos borskanker, stel hoë eise aan ‘n huwelikspaar se verhouding. Om die uitdaging te bemeester, word hulle gekonfronteer met baie take as individue en as ‘n paar. “They are challenged to maintain a viable, balanced, mutual relationship while adjusting to the new roles of patient/caretaker” (Skerret 1998:282).

Etlike navorsers het bevind dat, veral waar daar vooraf ‘n goeie en stabiele verhouding was, daar ‘n groei in huweliksmaats se verhouding na ‘n mastektomie was. Daar was ‘n groter mate van wedersydse begrip, respek en waardering vir mekaar. ‘n Groter openheid teenoor mekaar het gegroei en hulle het ‘n dieper vlak van kommunikasie beleef (Berger & Bostwick 1984:137; O’Hare 1987:105; Wilson & Morse 1991:7; Grobbelaar 1993:83; O’Mahoney & Carroll 1997:406; Skerret 1998:286; Kneece 2001:100; Kuijer et al. 2001:278).

Borskanker, sê Kneece (2001:102), is nie ‘n beplande gebeurtenis in die lewe van huwelikspare is nie. Maar tog, in die krisis is die saad vir die groei en versterking van die verhouding wanneer die man die een wat hy liefhet help om hierdie vyand in die oë te kyk. O’Hare & Wissing (1988:134) skryf:

The fact that marital quality even improved for some couples, following mastectomy, may be ascribed to a renewed consciousness that life is finite, and a concomitant shift in priorities. In the shadow of cancer they are faced with their own and the others' mortality and a possible loss of their relationship. Now secondary differences may be ignored and more energy and time previously invested in outer-directed activities, reallocated and invested in their relationship, with a resulting tender and fresh expression of mutual appreciation.

**Dougie het verder uitgebrei oor hoe dit hulle gesinsverhoudings geraak het:**

Ons het tot die besef gekom dat daar belangrike sake is wat prioriteit moet geniet en ons moet ons lewens dáárvolgens inrig. Baie keer is daar krapperigheid hier en daar tussen man en vrou en kinders - dít moet ons sekondêr stel en dat ons ons primêre doel moet hê om suiwer om te gaan met mekaar, en dat die sake wat regtig saakmaak, dat dít die sake is wat tel en waaraan ons aandag moet gee en waaraan ons ons kragte en inisiatief moet insit om dit uit te brei en daarop voort te bou en die klein goedjies maar, die klein jakkalsies maar so eenkant stoot en hulle oplos en ja, ons aandag aan die groot goed gee.

Ek sal sê in daai tyd het ons definitief baie nader aan mekaar gekom, ek en Dina en ons het gevind dat tye daar vir ons kosbaar was, die tye wat ons bymekaar was, veral toe sy in die hospitaal was en van die behandelinge wat ek saam met haar daar was. Ek kon uit die aard van die saak nie met ál die behandelinge by wees nie. Maar ja, die tye wat ons dáár saam was, was (ek dink veral aan die bestralingsgedeeltes wat ek haar in die aande maar meestal gevat het, wat sy in die aande moes gaan) was nogal insiggewend vir ons en dat ons, ja, in daai tyd baie na aan mekaar gegroei het. Dat 'n mens dit ervaar ... jy ervaar dit ook aan jou lyf, jy weet, ons is nou hier besig met 'n proses wat ons moet deurgaang van gesondmaking, deur bestraling of hetsy watter geval ookal en ja, ons moet bymekaar staan en ons moet mekaar ondersteun en daardeur het ons gegroei deur mekaar te

ondersteun. Ek het meer probeer om Dina te ondersteun, alhoewel sy sterk was in daai tyd. Ja, maar dit was vir my ook maar 'n traumatiese ervaring gewees, die hele storie rondom die bestraling.

**Johan:** En die "mekaar ondersteun," gaan dan ook daarvoor om mekaar hoop te gee.

**Dougie:** Ja, ja. Want op die einde van die dag gaan dit, dink ek, gaan dit oor die hoop in totaal. Ja, die hoop, waaroor gaan die hoop? Die hoop gaan om gesond te word, of die hoop gaan om deur die krisis te kom, en sterker anderkant uit te kom. So, ons moet bly hoop, ons moet ons fokus hou daar en hoop dat dít wat ons nou mee besig is, dat deur die proses en deur die genade wat ons gaan kry van die Here en wat Hy ons beloof dat ons daardeur sal groei en dan deur die proses groei en dan vol hoop anderkant uitkom en met hoop en verwagting dan ook die toekoms tegemoetgaan. Want jy kan deur die proses gaan, dink ek en gesondmaking sover die mediese wetenskap en dié goed gaan, maar as die hoop nie daar is dat jy vorentoe in die hande van die Here is nie, dan dink ek sal daar 'n leemte wees, want as jy net gesond is, is dit een saak, maar dan, die hoop moet daar bly - die feit dat dit 'n meer permanente oplossing is, die doel waarna ons strewe.

**Johan:** En hoe dink jy, gaan dit julle gesin se toekomsverhaal beïnvloed?

**Dougie:** Wel, ek kan definitief sê dat ek dink ná, vanaf die tyd dat dit met ons gebeur het, dat ons kinders ook nader aan mekaar gekom het, dat ons as ouers en kinders nader aan mekaar gekom het, dat ons die vrymoedigheid het ook van hulle kant af om met mekaar te praat en by mekaar raad te vra. Ek dink ons is meer sensitief teenoor mekaar as daar iets verkeerd is. As iets pla kom ons dit baie vinniger agter. Ja, en hulle het vrymoedigheid om na ons toe te kom en kan ons, ja, saam oor die saak praat en bid en vir die Here vra vir die regte leiding dat hulle die regte besluit sal neem en dat ons as gesin in so 'n geval die regte besluit sal neem oor dit wat dan ter sake is op daai stadium. Ek is seker ook dat op die pad vorentoe ons altyd die Here se leiding sal vra en ervaar. Ons sien dit nou met ons kinders wat groot word, Luna en Ilze en Dougie ook, dat gereeld kom hulle en vra wat is ons siening en dat ons dan daarvoor kan bid en gelowig wag dat die Here vir ons 'n oplossing gee of leiding gee, of 'n riglyn in dié opsig gee.

**Johan:** Daar het 'n groot vrymoedigheid ontstaan tussen julle om oor belangrike sake met mekaar te kan gesels.

**Dougie:** Ek dink so, ja, ek sal so sê, ja. Nou dat ons kinders groter word, kan ons dit ervaar, jy weet, hulle kom terug as hulle probleme het, of daar gebeur iets met hulle, dan het hulle die vrymoedigheid om na ons toe te kom, om met ons daaroor te praat, dat ons die ding op die regte manier (wat ons dink die regte manier is) kan probeer oplos, of die saak bespreek en dan ja, die Here se leiding te vra. Op die stadium wat hulle nou is kom daar baie dinge oor hulle pad, baie besluite wat hulle moet neem en sover kan ons sê dit gaan baie goed. Ek is baie seker hulle weet waarnatoe hulle gaan. Hulle het hulle hoop ook op die Here gestel, hulle verwagting en ja, hulle leef daarvolgens.

## HOOFSTUK 4

### DIE KINDERS EN FAMILIE AGTERGRONDVERHALE

#### 1. DIE KINDERS SE VERHALE

**Johan:** Luna, Ilze en Dougie, baie welkom by ons gesprek, en baie dankie dat julle saam gesels oor die tyd toe ma so siek was en die operasie gehad het en ek wil graag hê julle sommer net vir ons vertel hoe dit julle geraak het, hoe julle dit beleef het, wat dit aan julle gedoen het.

**Luna:** Ek onthou dis einde '97 en ook 'n bedrywige einde van die jaar gewees, want dit was leier-identifisering, en ek het gehoor dat my ma-hulle begin praat dat sy moet dokter toe gaan en daar's iets fout met die bors. En sy's toe dokter toe, maar ek het persoonlik nie gedink dis ernstig nie, ek dog dis maar net 'n ondersoek of iets en toe, kan ek onthou, het hulle by die skool eenkeer ook gesê (hulle het vir Ilze vasgedruk, en sy het gehuil), toe het my ma vir my gesê sy gaan hospitaal toe, ja, sy het gesê sy gaan nou hospitaal toe en hulle moet miskien die bors verwyder. Maar kanker was vir my maar altyd ver en ek het nooit gedink dit sal ons raak nie, dit was vir my dáár anderkant. Ek het altyd gehoor daarvan en dis 'n baie ernstige siekte. Toe het my ma hospitaal toe gegaan en ons het haar gaan besoek.

By die skool het 'n onderwyser, mnr. Maritz (ek het in die personeelkamer ingekom en Ilze was ook daar en hy het haar vasgedruk en sy het 'n so bietjie gehuil) en hy't vir my ook vasgedruk en gesê: "Nee, alles is okay, jy hoef nie bekommerd te wees nie, ek hoor jou ma is siek, sy't kanker." En toe het dit my bietjie getref - kanker, sjoe, ek het nie gedink dit gaan dít wees nie. Maar, ek sou sê, dit was nogal aan die begin vir my "sjoe, dis kanker - wat nou, wat gaan nou gebeur?" Ek het nie eintlik geweet wat ís dit nie, maar as 'n mens terugkyk na die hele verhaal, wat het gebeur, dink ek definitief ek kan met dankbaarheid terugkyk, as ek nou 'n woord kan gebruik, "dankbaarheid," ja, dat my Ma gesond is en dat die Here haar gesond gemaak het en vir al die mense wat so baie geondersteun het en dan kom mens eers agter hoe baie mense gee vir jou om. Nie net dít nie, maar ook dat ek as persoon nader aan die Here gekom het en baie wonderwerke wat Hy elke dag gedoen het, op sy manier, op sy tyd en plek vir ons gegee het. Daar's so baie dae

wat mens voel "joe, wat gaan nou gebeur?" dan is die Here maar net dáár, dan, op die regte tyd, bring Hy uitkoms. En, ja, definitief nader aan die Here gekom.

Toe het my ma huis toe gekom en sy het rêrig swaar gekry. Ek het dit gesien. Maar aan die einde van die jaar het ons prys-uitdeling en toe was ek as hoofmeisie aangekondig en Ilze as onder-hoofmeisie, maar óók het ek beseft dit gaan 'n woeste jaar wees en nie net in die skool nie, maar ook met my ma se siekte en dit wás so. Dit was een van my hardste jare in die Laerskool, maar ek dink ek het ook die meeste daaruit geleer, maar dit was vir my wonderlik. As mens terugkyk na hierdie prosesse, dan sou mens nie vir die Here sê "nee, ek wil dit nooit weer in my hele lewe hê nie." Maar definitief sal ek dit óór wil hê, want mens leer baie meer uit so 'n krisis, veral. Ek het baie gebid en met die Here gepraat en vir Hom gesê Hy moet vir my help en vir my leiding gee en ek het net beseft my ma kry swaar met haar siekte en met haar chemo en alles **en daarom moet ons ook so min as moontlik vir haar probleme gee, ons kinders en skool moeilikheid, sommer klein goedjies** en so, ek sal dit tot die uiterste vat en dan sal ek vir haar sê: "Ma, help my bietjie met dit."

## 1.1 NORMALE GANG

Ongeag van wie siek is in die familie, skryf Shone (1995:50), is dit belangrik om dinge so normaal as moontlik te hou – dit beteken om aan te gaan met normale aktiwiteite, om 'n gewone daaglikse roetine te behou soos op die gewone tyd op te staan, skool toe te gaan, en huiswerk te doen. Shone (1995:51) skryf verder:

The illness and its impact is bad enough without constant changes in personnel, homes, activities, and routines. This continuity of life is very important – not only for the children, but for adults too. There is no gain from throwing up everything in the face of the illness. Drastic change is OK for a short time, but it cannot be continued indefinitely; and, as we have already said, cancer is an illness that is indefinite in its outcome and in its duration.



**Luna:** Ja, toe het haar hare begin uitval, toe sy nou chemo begin kry, het haar hare begin uitval en dit was vir haar nogal baie erg. Ek onthou sy was nog altyd sterk en gesê sy gaan skool toe, maar toe die hare begin uitval, toe was dit vir haar baie "bad." (*Hartseer*). Ek onthou ek het ook die oggend vir die Here gebid en gevra Hy moet asseblief net 'n uitweg gee hier en Hy het toe en ek kom die middag by die huis en ek kom so in die gang op en toe kon ek net weer my óú ma sien met die pruik wat sy opgehad het - sy het baie goed gelyk. Ek was so bly in my hart, dat ek net gesê het: "Dankie, Here," want dit was so wonderlik vir my.

Ek het gesien my ma kry swaar en ek het gedink, deur die Here, ek gaan haar bystaan soos ek kan en ek moet sê ek was al baie sterk. Nou, ná die tyd, kan ek al daarvoor praat en kan ek nogal huil en so aan, maar in daai tyd, **ek dink die Here het dit vir my gegee om sterk te wees en nie voor my ma te huil of so iets nie.** So, ek was baie sterk, dis net die Here wat my sterk gemaak het in daai tyd en daai jaar.

## 1.2 TIENER EMOSIES

Kanker in die familie stel hoë eise aan kinders, en veral aan tieners, wat ook hulle belange en probleme het wat eie is aan hulle ouderdom en lewensfase (Strauss 1988:2). Tog ontvang hulle ook die genade om uit te styg bokant die omstandighede. Strauss (1988 :2) sê:

many teens do rise to the occasion, pitching in to help their families, being useful – even being heroic at times. But those who work with children of cancer patients know that beneath the brave smiles these teens also feel other emotions ... They are as normal and natural under the circumstances as loving and

hopeful ones, and they should not be denied.

**Luna:** Ons was ook eenkeer saam met haar toe sy chemo gehad het en daar kon ons ook sien, my ma het swaargekry, maar daar's mense wat nóg swaarder kry, wat rêrig op hulle laaste is. En met die bestraling, dit is vir my wonderlik hoe die Here ons daar ook gehelp het, dat my ma, toe sy bestraling kry, dat sy ook regtig ... sterk ... sy het 'n sterk vel gehad, sodat die bestraling nie veel aan haar doen nie en dit was ook wonderlik wat die Here daar vir ons gedoen het. En joe, as ek dink aan my pa in daai tyd, ja, hy was baie sterk, baie ondersteuning gegee, ook vir ons kinders en met ons alles gedeel, en my ma ook...

**Johan:** Met sulke wonderlike kinders kon hy nie anders as om sterk te wees nie!

**Luna:** Ja, ja. En my ma ook, déúr die siekte, wat ek ook baie dankbaar is, dat my ma vir ons álles verduidelik het, sy't nooit vir ons iets weggesteek nie. Sy't vir ons verduidelik, goed, dis wat nou gebeur en dís hoekom dit gebeur en dís my wonde. En ons het haar gehelp om die wonde skoon te maak en dit was vir my nogal 'n baie wonderlike ervaring **en ek glo ook dit álles wat ons deurgewerk het, is dan ook hiér om vir ánder mense te help wat deur 'n krisis gaan, al is dit nie presies dieselfde krisis nie.**

Dan het ek ook so deur die jaar versies gekry en ek het dit nou-die-dag vir my tannie gegee wat altwee haar ouers verloor het. Ek het dit gaan tik op die rekenaar. Ek sal hier so een of twee lees. Dan. 10:19 "Moenie bang wees nie, jy wie vir God liefhet. Dit sal goed gaan met jou, wees sterk wees sterk." En joe, daai jaar, as mens die Bybel oopmaak en ek bid en ek sê "Here, ek weet nou nie meer nie en dit gaan moeilik by die leiers en die siekte nog en alles," dan maak ek net my Bybel oop, dan gee die Here vir jou sulke wonderlike beloftes. Ek het nie eintlik altyd opgeteken om te sê hoe ek voel nie, maar party van hierdie versies het ek onthou, wat ek so deur my Bybel gegaan het daai tyd en ook Jes. 31:25 "Ek gee nuwe krag aan dié wat moeg is, ek maak die moedeloses weer vol moed." En dis vir my ook wonderlik om sulke versies weer te gebruik vir ánder mense óók wat dit nodig het. En Job 12:13,14 "By God is wysheid en krag en by Hom is raad

en sterkte. Hy gee lig in donker dieptes, Hy maak donker plekke weer lig." Dit het soos 'n donker vallei gelyk en die hele ding, toe ek hoor my ma het kanker en omdat jy so min gewet het, maar dan: "Hy gee lig in donker dieptes" - Hy het definitief lig gegee, soos die voorbeeld waar my ma toe 'n pruik gekry het en waar daai pruik vir haar so perfek gepas het en waar mense dit nie eers agtergekom het nie, waar sy hoeveel maande met hom geloop het en waar mense dit nie eers agtergekom het sy't 'n pruik gehad nie. En so baie plekke waar daar mense net gebel het en bemoedig het en soveel het ons gesin ook nader aan mekaar gekom. En daai jaar ook is ek so bly my suster was ook daar vir my, want joe, sy was ook so baie ondersteunig vir myself met goed wat ons moes doen by die skool. Dan is my ma siek, na chemo, die derde dag, vierde dag, is sy rêrig siek en dan is mens nie lus om haar te gaan pla nie, want dan vat dit ook baie uit háár uit. Dan het ek maar na my suster toe gegaan, dan het sy my bietjie gehelp met die skoolwerk, of wat ookal. En ja, ek dink, as ek ander mense gehad het as my pa en my sussie en my broer en my ma, weet ek ook nie wat sou ek gedoen het nie, want hulle is wonderlik en ja, ek wil net vir die Here sê dankie, Hy het rêrig ... dit was moeilik, maar Hy het ons daardeur gehelp en dit was 'n jaar wat ek so baie geleer het en, soos ek sê, **mens kan dit nou weer gebruik om vir mense te bemoedig.**

### 1.3 OM ANDER TE BEMOEDIG

In Tarkan se boek (1999:135) beskryf Cynthia haar ervaring met haar moeder se mastektomie, en sluit af met:

What is the point of this unless you can come out of it having grown, or having learned, or being available for someone else who is going through a similar situation? I don't feel sorry for myself. I feel really powerful in that I will be able to face anything that comes my way.

**Luna:** Ek was ook by 'n kamp, nou in Januarie, 'n "summer camp," en daar het ook 'n meisie gesit en gesê sy het probleme by die koshuis en waar ek haar ook vertel van my

ma wat siek geword het en waar ek haar ook bietjie kon help en versies gegee het en vir haar gesê het "wees sterk" en waar sy ook vir my vertel het van 'n gesin wat min of meer dieselfde ... ook haar ma wat kanker het, nie borskanker nie, ek kan nou nie onthou nie, maar wat ek net vir haar gesê het dat in hierdie tyd is die Here soveel nader aan mens en Hy ... elke dag gee Hy soveel beloftes vir jou ook in sy Woord. As mens die Bybel oopgemaak het en partykeer, in die aande, dan voel jy "joe, nee, ek weet nie hoe gaan ek môre opstaan en weer krag hê nie," maar dan het jy gedink "nee, ek moet nou sterk wees, ek kan nie ingee nie, ék is nie siek nie, ek is darem nog gesond en ek moet my ma bystaan, sy's die een wat siek is, sy's die een wat die swaarste kry in hierdie hele tyd." Só, dan het ek maar net gedink "gee my maar net krag, maar gee my ma méér krag." En ja, my ma was ook baie sterk en ek sê net "dankie" - dis àl wat ek oor hierdie hele ding te sê het - baie dankie aan die Here, want as mens aan so 'n ding dink, dis hoekom dit so wonderlik is, want die Here se tyd is so perfek en dis so wonderlik as jy nie weet wat vir jou wag nie, want ek dink as ek geweet het my ma gaan oor 'n jaar kanker hê, sou ek dit glad nie wou gehad het nie, as die Here vir my 'n keuse kon gee, maar as ek nou terugdink daaraan en die Here sê vir my "okay, jy's nou weer in 1997, jou ma gaan kanker kry," dan sê ek dis reg. Nie dat sy moet swaarkry nie, maar dat ons nader gekom het aan die Here en ek self ook.

**Johan:** Só, daar het 'n wonderlike groei in jóú lewe, en klink my in die hele familie se lewe gekom. Terwyl ek ons vorige gesprek op skrif gestel het, Dina, was daar 'n sinnetjie, Dougie, wat jy gesê het, wat ek met die skryfslag aanvanklik laat uitglip het en 'n hele paar paragrawe later toe kom ek weer terug soontoe. Toe dink ek nee, maar dis 'n verskriklike belangrike opmerking wat jy gemaak het. Toe ons weer praat oor jou hare wat uitgeval het en weer begin groei het, toe maak jy die opmerking "haar hare het sterker geword." En ek het dit eers laat uitval, want dit was sommer so tussen-in gesê gewees en toe dink ek daaraan maar dis 'n vreeslike belangrike opmerking, want daar lê vir my 'n stuk simboliek in. As ek nou luister, Luna, hoe jy ook oor ma se hare gepraat het, het jy ook hartseer geword soos ma hartseer geword het toe sy oor haar hare gepraat het. **Maar die hare wat uitgeval het, die verlies wat daar was en daar het iets sterker uitgegroeï, sodat ma se hare eintlik 'n simbool geword het van die krag wat julle as**

'n huisgesin ontvang het - iets nuut, en iets sterker wat gegroei het (*Luna beaam deurgaans*).

#### 1.4. NUWE HARE - 'N SIMBOOL VAN KRAG

Henderson (1996:219) vertel van 'n vrou wat na haarself as 'n vroulike "Simson" verwys het en wie se terugkeer van krag gesimboliseer is deur die terugkeer van haargroei. Sy vervolg:

As Jaime celebrated the slow but sure return of her hair following the end of her chemotherapy, her strength also began emerging in ways that signified the growth and integration that had taken place within her as a result of facing her losses. Jaime, like many women emerging on the other side of facing breast cancer, discovered that her breast cancer was an opportunity for making major changes in relationship patterns and in recognizing herself as a person with limits and worth.

**Johan:** Toe julle dogters nou **ma se wond help versorg** het, watter betekenis het dit vir jou gehad? Dit moes nogal 'n besondere ervaring gewees het om op daai vlak betrokke te wees, en jou ma te kan ondersteun.

**Luna:** O ja, definitief. Dit was nogal, toe my ma dit vir ons die eerste keer gewys het hoe lyk dit, 'n skok om te sien "joe, dis weg, die bors is weg." Dit lyk snaaks en so aan, maar dit het baie seer gelyk en dit was 'n baie versigtige werk gewees. Ek dink dit het baie beteken vir ons om te sien hoe is die wond en hoe is hy gesny en hoe is dit uitgehaal. En dit was ook baie teer, so ons moes baie versigtig werk.

## 1.5 WONDVERSORGING

Wondversorging bring 'n moeder en dogter by die mees basiese – die versorging van die liggaam. Die fisiese kontak tussen 'n moeder se liggaam en 'n kind se liggaam is 'n kragvolle ervaring, iets wat normaalweg tydens adolessensie verlore gaan (Tarkan 1999:31). Dit is egter nie alle dogters wat dit regkry nie. Tarkan (1999:40) vertel van Jill wat haar moeder versorg het en met alles gehelp het, maar gesê het: “The one thing I couldn't handle was dealing with the bandaging. It was too upsetting to see.”

Dit is merkwaardig dat die tweeling, wat toe maar twaalf jaar oud was, hulle moeder se wond kon help versorg.

**Luna:** En ook om terug te kom na die hare - dit was ook 'n skok as jy sien, want ek het ook een aand in die badkamer gekom toe sien ek my ma was haar hare, maar sy vat net so oor haar kop, en dan is die bos hare so in haar hande. Dit was 'n geweldige skok en ook om nou my ma te sien sonder die hare. Mens sien net altyd op die TV van mense wat kanker het en klein kindertjies wat sonder hare is, dan, jy het nie daai persoon geken mét hare nie, maar nou het jy haar geken mét hare, maar nou sien jy haar sónder hare. So, dit was nogal 'n skok vir mens, maar toe het my ma ook eenkeer vir ons gewys op haar kop waar sy geval het, uit die kombi uit, kon ons sien wat ons nie eintlik kon sien mét hare aan nie en kon ek sien my ma se kop is nie heeltemal rond nie, hier en daar 'n duikie in, ek dink dis maar ...

**Johan:** Van ouderdom ...

**Luna:** Ek weet nie. (*Lag lekker saam*).

**Johan:** *Ja, ek moet sê, die wondversorging - ek het weer tannie Jacomien se wond help versorg toe sy uit die hospitaal gekom het, en dit skep nogal 'n gevoel van nabywees wat jy op geen ander manier beleef nie.*

**Luna:** Ja, ja.

**Johan:** Baie dankie, Luna. Ilze, vertel jy vir ons hoe jy dit alles beleef het.

**Ilze:** Ja, dit was Oktober 1997, ek het gesien my ma gaan dokter toe. Baie keer as een van haar gesinslede gegaan het, dan het ek altyd saamgegaan, bloot omdat ek daarin belangstel - medies was nog altyd 'n belangstelling van my. En my ma het gesê nee, sy wil alleen gaan. En die eerste keer het ek gedink sy's verkoue, of iets en nie lank daarna nie is sy weer 'n tweede keer dokter toe, en toe't ek begin dink "hoekom nou weer so vinnig?" Maar ag, dit het verby my gegaan en dit was die einde van die jaar, en ek was besig. En ek onthou een Vrydagmiddag het ek na skool na haar klas toe gegaan en haar klas was gesluit. En toe verstaan ek nie, want ek het haar vanoggend nog gesien by die skool, ek het haar deur die dag gesien. En ek vra toe my juffrou of sy weet waar's my ma en sy sê nee. Ek dog toe sy't maar iewers heen gery en ek het weer 'n draai gaan loop na waar die kar staan en gesien die kar is weg. Toe ek weer later na haar klas toe kom, toe kry ek haar in haar klas en toe sien ek daar's iets fout en toe vra ek haar wat is fout, toe sê sy sy kom nou net van die chirurg af, sy gaan môre geopereer word. Toe vra ek haar hoekom, en toe sê sy nee, sy het borskanker. Dit was vir my baie erg om dit te hoor. Ek het geweet "kanker," maar dis soos Luna gesê het, dit was vir my ver. Op daardie stadium het ek nie regtig mense geken wat kanker gehad het nie, of wat naby my was nie. **Ek het wel 'n juffrou wat in my ma se plek afgelos het, juffrou Adèle, sy't ook kanker gehad en sy't doodgegaan, soos bekende mense wat ek al van gehoor het wat kanker gehad het en wat doodgegaan het. So, toe ek die eerste keer hoor my ma het borskanker, was die eerste gedagte wat in my kop opgekom het, "dood" - ek gaan my ma verloor. (Baie hartseer).** Dit was vir my baie erg, want ek weet van kleins af ek's baie erg oor my ma en ek wil nie hê sy moet iets oorkom nie.

## 1.6 VOORAF KENNIS

Kinders se kennis van ander mense se ervaring met kanker beïnvloed hulle reaksies. Kinders wat iemand geken het wat aan kanker gesterf het, is gewoonlik banger. Hulle

dink dat as die ánder persoon aan kanker kon sterf, kan hulle moeder ook (Hilton et al. 2000:448). Tarkan (1999:180) sê:

Often the overriding feelings a daughter has at the time of her mother's diagnosis are fear for her mother's life and anxiety at seeing her so vulnerable and mortal. For most people, when they hear the word *cancer*, they fear the worst, that mother will definitely die.

**Ilze:** Sy's die Saterdagoggend baie vroeg in en dit was moeilik, ek het nie verstaan wat gaan aan nie, dit het vir my gevoel dis alles te vinnig. My pa was die hele tyd daar by haar en hy het teruggekom die middag en gesê haar bors is verwyder, hulle kon dit darem uitsny. Nog steeds was dit vir my deurmekaar, en ek wou dit net eenkant toe skuif, en ek het gehoop dit sal net verbygaan. Toe my ma huis toe kom en vir ons wys, die wond en alles, toe dink ek het dit my eers getref wat rêrig gebeur het. Dis snaaks om dit so te sien sonder een bors. Ja, dis 'n skok gewees, maar soos Luna gesê het en soos oom gesê het, ja, dit was baie spesiaal om die bors skoon te maak saam met haar. En sy't ons toe vertel mooi alles wat gebeur het, en toe't ek 'n rustigheid in my gekry. Ek het gedink "okay, dis vir my nog erg, ek weet nie mooi hoekom dit nou moes gebeur het nie," maar toe't ek dit begin aanvaar, en toe het ek ... my onderwyser het vir my eendag Jes. 12:2 gegee wat sê "God is my Redder, ek vertrou op Hom en ek is nie meer bang nie." Toe het ek 'n rustigheid ervaar en toe't ek geweet "ja, dalk móét dit gebeur." Die Here het altyd 'n doel met iets wat gebeur en sy tydsberekening is nooit verkeerd nie.

Ons was op vakansie gewees in Hartenbos en ek kon sien my ma het swaargekry. Toe ons terugkom het sy die eerste ses maande van 1998 chemo gekry en dit was nogal erg, want as my ma terugkom van die chemo is sy siek en sy's naar, en ek ken nie my ma so nie en sy't nie krag nie. En toe het tannie Daleen, my ma se jongste boetie, oom Pieter se vrou, het sy eendag ons kinders kom oplaai en saam met ons gegaan waar my ma chemo kry. En toe ek nou sien hoe dit werk en soos Luna gesê het, toe ek sien daar is baie ander mense wat baie sieker is, toe het daar weer net so (*lang sug*) ek kan dit nie beskryf nie,



net so 'n hemelse vrede wat jy kry en dink "dankie, Here, dankie dat (ek? - *woord onduidelik*) my ma kan help en dankie dat ek weet dat U vir haar help." En ek het geweet as jy chemo kry sal jou hare uitval en een Sondag sê my ma nee, sy wil nie kerk toe gaan nie en die vorige week het haar hare al so 'n bietjie begin uival, maar ek het gedink ag nee, dit sal nog 'n hele rukkie wees voordat haar hare heeltemal uitgeval het, so, dit sal vir haar tyd gee om gewoonnd daaraan te raak. En toe ons terugkom van die kerk, toe sien ek daar het meer hare uitgeval, en toe daardie volgende week het alles uitgeval. Dit was glad nie lekker om my ma so te sien nie. Toe't ek weer begin dink, toe't ek weer vrees begin kry dat ons haar dalk gaan verloor. **Elke keer as ek so vrees gekry het en net gedink het "nee, nou is dit maar hopeloos, ek weet nie meer nie," het ek ook net na my Bybel toe gegaan en dan het ek elke keer 'n stukkie gekry in die dagstukkies wat ek gelees het.** En toe my ma se hare uitgeval het, het ek **Jes. 40:29-31** gekry waar Jesaja sê "Hy gee die vermoeides krag. Hy versterk dié wat nie meer kan nie. Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val, maar die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. **Hulle vlieg met arendsvlerke**, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."

Deur hierdie hele tyd was my ma so sterk gewees - sy't skoolgehou, sy't probeer om normaal aan te gaan en die dag toe sy haar pruik gekry het en ons kom van die skool af en ek sien maar, sjoe, hier het 'n wonderwerk gebeur, het my ma se hare sommer alles weer teruggegroeï? Ek kon nie sien dis 'n pruik nie, en soveel mense het nie eers geweet sy't 'n pruik nie. En toe kom hierdie vers vir my dat "hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie." **Toe het ek my ma gesien deur hierdie hele ding, sy hardloop, en sy loop, sy word nie moeg nie en sy word nie afgemat nie, sy vlieg net met arendsvlerke. Dis hoe ek haar gesien het die hele tyd en dit het my baie gerus gestel om my ma so te sien.** En daar was tye wat ek gedink het, wat ek vir die Here gevra het: "Kan U dit nie net vir haar 'n bietjie ligter maak nie? Sy kry so swaar." **Elke keer het ek teruggekom na hierdie versie toe en Hy het vir my gesê: "As jy mooi kyk sal jy sien sy vlieg met arendsvlerke." Dít het my gedra deur hierdie hele tyd.**

## 1.7 MOEDER SE KRAG – KIND SE HOOP

Tarkan (1999:181) skryf “If a mother deals with illness with optimism and a fighting spirit, daughters often feel more hopeful about the outcome.”

**Ilze:** En Luna wat 'n baie sterk persoon is, het my baie ondersteun, mnr. Maritz met wie sy gaan praat het, het my ondersteun by die skool, oom Pieter en tannie Daleen en dan my pa ook, hy was baie sterk. Ek dink as dit met jou vrou gebeur, is dit vir jou baie moeilik, maar ek moet sê my pa was baie sterk. En ek dink Dougie, hy was toe graad twee, standerd een, ek dink nie hy't presies mooi geweet wat aangaan nie. Maar tog was hy sterk en hy was die een wat grappies gemaak het en ons almal vrolik gehou het. En ja, dit was vir my wonderlik om te sien, maar daar waar ons mense net een ry voetspore sien, is dit die Here wat daar geloop het en jou gedra het, en hoe hy jou dra deur ander mense wat sommer net dáár is, of sommer net jou vashou, of net vir jou glimlag - sulke klein dingetjies wat so baie beteken in so 'n tyd.

Elke keer as my ma van die chemo af kom, dan voel sy sleg en so die derde dag, dan is dit haar slegte dag, maar dan gaan sy skool toe en sy gaan aan. Dan sê ek net "dankie Here," want dit kon soveel erger gewees het. En met die bestraling ook - my ma is geseën, sy't 'n sterk vel, so, haar vel het nie so teer geword nie en sulke klein dingetjies waaraan jy nie elke dag dink nie, word dan ... en jy sien dit en dan dink jy net "dankie, dankie." En dan, toe my ma die bestraling gekry het, dit was elke dag Unitas toe ry en dis ver, en mens raak moeg, en dan partykeer lyk die pad vir jou donker en toe lees ek Jes. 42:16 "Ek laat hulle op paaie gaan wat vir hulle onbekend is. Ek verander die donker voor hulle in lig en Ek maak die ongelyk plekke gelyk. Dit is wat Ek gaan doen." Ek dink toe ek hierdie versie lees, toe het ek finaal vrede in my hart gekry - want, ja, dit móés gebeur. Dit moes gebeur - ons almal het sterker daar anderkant uitgekom. Vir my geestelik het dit baie beteken, want sulke tye kan jy nèt aan die Here vashou omdat alles so onseker is. So, ja, dit het vir my baie beteken in my geestelike lewe en ja, ons het almal baie nader aan mekaar gekom.

En dan het ek, in 1997 was ons in standerd vier en toe het ek begin skryf, gedigte skryf, maar nie ernstig nie, sommer maar net vir lekkerte, ek hou daarvan. As iets my gepla het, dan het ek probeer dit in woorde omsit. Toe het ek hier in Mei 1998 my probeer uitdruk, hoe ek gevoel het, maar ek kon nie. Toe het ek nog nie vrede gemaak met presies wat gebeur het nie en ek het dit gelos. En toe ek later begin besef dit móét gebeur en dit die Here se wil was dat dit gebeur, het ek aanvaar en dit was vir my 'n berusting. Maar nog steeds, ek kon nie, ek het begin skryf, maar ek kon nie die regte woorde kry nie. En toe in 1999 moes ons vir Afrikaans 'n gedig skryf oor enigiets en ek het gedink "ja, beslis, ek gaan weer die gedig vat" en so het "Winde" toe tot my gekom **en die woorde het net sommer uit my geborrel, want toe't ek vrede gemaak daarmee.**

## WINDE

Heen en weer, op en neer,  
Kyk net hoe ruk die noodlotswind ons weer!  
En, wat bring dit ons nou in die sak?  
Net 'n pikdonker nag, poele van hartseer en  
troebelwater, al langs die pad.

O waarom dan al die pyn en seer?  
Oor die horison kom 'n onardse wind en  
blitsende wolke sak donderend neer.  
Gaan ons weer beproef word.... en ons  
kan reeds nie meer.

Maar dan, dan is daar 'n ander Wind  
Gaan Hy ons ook nog skud  
Maar nee, Hy dryf die onweerswolke weg.  
"Stil nou", sê daar meteens 'n fluisterstem  
"Nee, die hartseer is nou verby,  
Kyk op na My.  
Ek droog jou trane af.  
My oneindige liefde is jou deel  
Saam maak ons die diepgekerfde letsels  
van daardie dag weer heel!!"

En toe ek hierdie gedig klaar geskryf het, toe was ek bly en so sug van verligting, of ek weet nie wat nie, maar net "dankie." In hierdie jaar wat my ma siek was, was daar so baie "waaroms?" maar ek dink daar's meer "dankies" **en hierdie was een van my groot "dankies," dat ek dit kon omsit in woorde.**

## 1.8 KANKER EN KUNS

Tarkan (1999:182) moedig mense aan om te skryf as 'n manier om van vrees ontslae te raak. Iets daarvan sit ook in Ilze se woorde hierbo: "... want toe't ek vrede gemaak daarmee." Packo (1991:5,6) het begin skilder die jaar toe hy vir kanker behandel is. Hy sê:

The paintings are special to me because something creative and beautiful came out of the unpleasantness of cancer. I chose to be creative during that crisis. The paintings are a reminder of the power of choice, the gift of art and the Lord's healing power that gave me extended life to serve Him.

Op die Internet is daar honderde webtuistes wat fokus op kanker en die helende kunste. Hiermee word twee aangedui wat deur vrouens met borskanker geskep is:

### **Art.Rage.Us**

<http://www.breastcancerfund.org/artrageus.html>

"Paintings, drawings, sculpture, poetry, essays and journals created by women with breast cancer. The pieces from the show have been photographed and collected into a book which is available from the website."

### **Healing Legacies**

<http://www.healinglegacies.com/INDEX.HTM>

"Art & writing by women who have faced breast cancer."

Gedigte oor kanker is ook beskikbaar op die web:

<http://choosehope.com>

*Vir myself is hierdie studie onder andere ook 'n manier om my eie seer te verwerk en iets kreatief daar te stel om vir ander, wat deur dieselfde seer gaan, hoop te gee.*

**Ilze:** En toe, aan die einde van die jaar na al die bestraling en die eerste toets wat my ma ondergaan het en ek gesien het alles gaan goed sover, het ek Ps. 46:2,3 geles "God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie." En toe was dit net weer vir my "dankie," nog 'n dankie, 'n onbeskryflike "dankie" om te weet in daardie jaar het Hy ons toegevou, Hy't ons gedra en Hy't ons gehelp in ons nood.

**Johan:** Baie dankie, Ilze. Dit laat my dink aan wat Jesus in die Bergrede gesê het: "Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word." Ek dink die betekenis is: "geseënd is dié wat by die Here kom treur, want hulle sal deur die Here vertroos word" en dat 'n mens net God se troos leer ken, sy vertroostende liefde leer ken en Hom net op 'n ander manier leer ken wat jy Hom nog nooit vantevore geken het nie. Baie dankie.

Jy't 'n opmerking gemaak oor die operasie dat dit net te vinnig was. Hoe dink julle sou dit gewees het as iemand, 'n sielkundige, 'n maatskaplike werkster, miskien die onkoloog self, vóór die operasie net met julle sou kon gesels het en vir julle kon verduidelik het wat gebeur met Ma en wat is die pad wat nou vorentoe op haar wag. Watter verskil sou dit aan julle gemaak het?

**Ilze:** Ek dink as so iets kon gebeur, dan sal ek bietjie rustiger gevoel het, want dan het ek geweet wat om te verwag. Ek dink dis maar altyd so, iets wat jy nie verwag nie, wat net sommer gebeur, is altyd 'n skok. Maar aan die een kant was dit vir my ook 'n "dankie," want aan die einde het ek net besef ons is aan die diepkant ingegooi, maar ons het nie aan die diepkant gebly nie.

**Johan:** Julle het álmal met arendsvlerke uitgekom ...

**Ilze:** Ja.

**Johan:** Luna, hoe sou jy gevoel het as jy net met iemand kon gesels het voor die tyd?

**Luna:** Ja, definitief, want soos ek gesê het, dit was vir my onbekend omdat ek so min inligting oor kanker gehad het, net op die TV, ek het nie iemand persoonlik gesien nie. Ja, ek dink dit sou goed gewees het, dit sou meer vir ons beteken het en ons sou meer ... regtig, as hy vir ons kon verduidelik het: dit is wat gaan gebeur, jou ma gaan nou moontlik hiêrdie behandeling en daarna sal sy bestraling moet kry en sy gaan nie lekker voel nie en so aan, sou ons meer geweet het wat sou vir ons gewag het en kon ons haar méér geondersteun het en kon ons gesê het: "Okay ma, dis al amper klaar, of daar is nog soveel maande oor," maar as ons nie geweet het nie, weet ons nie wat gaan sy voel, gaan sy naar wees, gaan sy só voel, gaan sy só voel. So ja, **ek dink dit sou nogal wonderlik gewees het as die onkoloog of wat ookal met ons kon gepraat het, definitief ja.**

**Johan:** Dit lyk vir my dit is so nodig dat 'n gesin eers moet betrek word en iemand wat by die proses betrokke is, net eers die pad uitspel, net eers 'n gerustheid in 'n familie bring. My gevoel ook, ek dink daar word net te vinnig gesny.

**Dougie (Pa):** Ja, ek dink ons sal miskien anders gewerk het - daar was 'n tydfaktor aan verbonde gewees - dit het eintlik die Donderdag maar gebeur, Donderdagmiddag was sy by die dokter gewees, en ons moes óf die Saterdag sny, óf die Maandag, so ons het nie veel tyd gehad nie, maar ja, ek stem saam met jou, miskien moes 'n ou, as ek nou terug kan dink, miskien moes 'n ou, jy weet, die gesin bymekaar gekry het en na ons huisdokter toe gegaan het en gesê het kom ons gesels 'n bietjie daaroor, vertel ons 'n bietjie wat gaan aan, dat ons net 'n idee kry.

**Dina:** Ja, ek dink ook die impak van die nuus is geweldig groot.

**Johan:** *Ja en 'n mens besef dit nie voordat jy nie terugkyk nie en die impak daarvan raaksien nie.*

**Dina:** Ja, ek dink net dit kan 'n baie hoë spanningslyn van "wat nou?" bietjie breek en net almal meer gerus gestel het. Ek dink dit kan baie waarde hê, baie.

## 1.9 OM KALMTE TE BRING

Die kankerdiagnose is nie net vir die ouers 'n groot skok nie, maar ook vir die kinders. Hulle het ook behoefte om te weet wat om te verwag (Strauss 1988:8). Love (1991:239) sê 'n paar dae, of selfs 'n paar weke, sal nie die verskil maak tussen lewe en dood nie. Daar kan goedskiks 'n paar dae gewag word ná die diagnose sodat die hele gesin geleentheid het om soveel as moontlik inligting in te win, rasionele besluite te neem en emosioneel voorberei te word vir die proses. Tarkan (1999:181) sê ook:

If you can replace your beliefs and preconceived notions of cancer with the facts, *it should increase your sense of hope*, or at least decrease your sense of despair. One way of doing this is to go with your mother to her doctor's appointments to hear the facts directly from the oncologist. It's easier to dismiss your mother's reassurances than the oncologist's (My kursivering en beklemtoning).

In navorsing met 'n aantal moeders, het Keeley (2000:5) bevind dat baie mense daarvan sou gehou het om as ouers, of as hele familie, met 'n "health professional" 'n vergadering te kon hê, verkieslik in hulle eie huis. Hulle sou spesifiek advies wou hê oor hoe om die nuus aan hulle kinders bekend te maak, gebaseer op detail kennis van kinder ontwikkeling. Hulle het ook gedink dat dit vir hulle kinders voordelig sou wees om direk met 'n professionele persoon soos 'n verpleegster of dokter te gesels.

**Johan:** Dougie, sal jy so 'n bietjie met ons gesels, wat kan jy alles onthou van daai tyd, en hoe was dit vir jou gewees?

**Dougie:** Ag, ek het niks geweet nie. Ek was graad twee. Ek het, die kinders het vir my gesê my ma het kanker en ek het dit nie geglo nie, want ek het nie geweet wat was dit nie. Toe my ma haar hare begin verloor het en ek met haar pruik speel en ek het voor die spieël gestaan en gedink ek is Elvis. (*Ons lag lekker vir dié een!*). Almal het vir my gesê,

ja, wat is fout met jou ma? Het sy kanker? En ek het vir hulle gesê nee, sy het nie kanker nie. Die groot kinders het ook vir my kom sê jou ma het kanker en ek het net vir hulle gesê "nee." Ek het dit nie geglo nie, ek wou dit ook nie geglo het nie, want ek het ook nie geweet wat was dit nie. En later, nou 'n paar dae terug, in Afrikaans, toe moes ons 'n leestuk lees, toe kry ek 'n leesstuk ook van kanker en toe't ek 'n bietjie meer geweet daarvan en toe't ek meer verstaan daarvan. En ek het maar net by my ma gesit as sy gehuil het, ek het by haar gesit en by haar gebly en met haar pruike gespeel en sy het net vir my gesê "ek is siek, en ek sal weer gesond word" en dis wat gebeur het.

**Johan:** Ja, en miskien goed dat jy nie so baie verstaan het op daai tydstip nie, toe kon jy die grapmaker vir die sussies wees!

**Dougie:** Ja, ja.

**Johan:** En dit klink vir my dit het nogal vir julle iets beteken.

**Luna:** Ja-nee, Dougie, omdat hy in graad twee is en hy verstaan mos nie eintlik sulke goeters nie, het hy net geweet van my ma is siek en so, maar tog glo ek het hy ook dieper in hom gevoel en as hy sien my ma is so siek, so naer en sy het nie krag in haar liggaam nie, het hy dit ook (*woord onduidelik*) geweet, maar as hy sien almal is maar bietjie mistroostig en huil, dan het hy altyd 'n grappie of twee - partykeer op die regte oomblikke en partykeer nie, maar dit was goed.

**Johan:** Dit was goed om 'n Elvis in die huis te hê. (*Almal beaam*). Ilze, jy het van die arend gepraat. Ek is nou baie nuuskierig om te weet of julle enige iets gemaak het oor dié arend.

**Luna:** Ek onthou mnr. Baker, hy het altyd in die laerskool as hy moes open, het hy altyd 'n beeld gehad. Een van sy groot beelde wat ek tot vandag toe nog kan onthou, is altyd die arend en die hoender en hoe jy nie soos 'n hoender moet rondkrap nie, maar soos 'n arend moet uitstyg. En 'n mens kan dit in soveel situasies gebruik, as 'n mens dink, veral



toe my ma ook siek was, kan 'n mens geneig wees om aan al die negatiewe goeters te dink en onder rond te krap en jouself te bejammer en so aan, maar toe het ek ook weer gedink daaraan en ja, 'n mens kan definitief in so 'n situasie dan ook weer uitstyg soos 'n arend en met nuwe arendsvlerke vlieg, want die Here gee vir jou krag. Hy gee net vir jou daardie krag wat so onbeskryflik is, 'n mens kan dit nie vir iemand beskryf nie. Maar selfs ín die tyd toe my ma siek was en dat die mense nou eintlik moet dink ja, dit gaan so sleg met jou gesin, dan het daar onderwysers na my toe gekom en gesê "maar jy lyk nogal goed vandag," dan sê ek "ja-nee, ek voel goed." Dit hoef nie elke dag met my sleg te gaan nie, want my ma kry swaar en so, maar die Here gee vir jou só (as ek kan sê in Engels) "amazing" krag. Dis so "amazing," want Hy is wonderlik. In die moeilikste dae dan kan Hy vir jou onbeskryflike krag gee soos 'n arend. Dit kan ek onthou, ja.

**Johan:** Ilze, wat het jy nog verder met die arend gemaak?

**Ilze:** Ja, dit was ook vir my mnr. Baker se boodskap. Toe ek daardie versie lees, het sy boodskap na my toe gekom en toe ons in die wildtuin was en ek sien 'n arend, dan's dit so lekker, want hy is vir my persoonlik die koning van al die voëls. **En ja, vandat ek die versie gekry het, as ek my ma sien, dan sien ek 'n arend. Sy vlieg daarbo en dat sy net sweef, maar sy's bo.** Ja, dit was vir my ... of as ek 'n prentjie van 'n arend op die TV sien, dan is dit net vir my nog 'n "dankie" 'n groot "dankie."

**Johan:** *Die beeld van die arend het by ons ook nogal 'n groot rol gespeel. Ek het in daai paar maande voor tannie Jacomien se operasie die boekie geskryf "Arendvlug." En toe dié boekie nou gepubliseer word, is daar 'n pragtige arend op die voorblad, 'n visarend, wat vir my ook die wonderlikste voël is. En toe sy uit die hospitaal uit gekom het, het ons ook vir mekaar gesê daar aan die begin van 1998, "hierdie jaar sal ons vlerke moet sterk wees." En die Here het ons vlerke sterk gemaak om daardeur te kom.*

## 2. FAMILIE AGTERGROND VERHALE

**Johan:** Dina, ons gesels vanaand oor julle familiegeskiedenis van siekte en ek wil hê jy moet net vir ons vertel hoe het dit in die familie gegaan waarin jy grootgeword het. Wat is die familie se geskiedenis van siekte en die hantering van siekte?

**Dina:** Johan, ek kom uit 'n groot familie uit: my ma-hulle was elf kinders gewees en my pa-hulle was ses kinders, maar 'n baie gesonde familiegeskiedenis - nie regtig groot siekte krisis wat ek van kan onthou nie. Ek weet my pa se een broer en suster het aan porferie gely, dis 'n oorerflike siekte. My pa het dit gelukkig nie geërf nie, so ons kinders is ook gelukkig vry en gesond daarvan. Wat ek kan onthou, my ouma en oupa het op 'n stadium by ons aan huis gebly (dit is my pa se ma en pa) en sy't 'n beroerte aanval gehad. Sy was toe by die tagtig. En dit wat ek nou kan onthou van haar siekte: my ma moes haar versorg - sy was aan die een kant verlam gewees en kon nie vir haarself sorg nie - haar was- en toiletgeriewe moes by haar in die kamer wees. My herinneringe aan haar was, sy was 'n baie sterk, gelowige vrou gewees, 'n sag, innemende mens. Sy was vir my 'n geestelike voorbeeld van, van ... ek het haar nooit hoor kla nie. Dit was in ons huisgesin nogal 'n verantwoordelikheid, want daar moes altyd iemand by ouma en oupa bly, maar dit was 'n voorreg, dink ek, as ek nou daaraan terugdink, om hulle by ons te gehad het en hoe 'n groot skok was dit ook toe sy dood was en haar kamer was leeg en haar bed was leeg. Selfs buiten haar beroerte-aanval was hulle al twee hoogs bejaarde mense - my oupa was een-en-negentig-en-'n-half toe hy dood is en hy was dood op hulle vyf-en-sestigste troudag. So, dit is 'n leeftyd. Selfs haar ouderdom was hoog gewees, hulle was gesonde mense gewees.

Aan my ma se kant ook, was my oupa sewe-en-tagtig toe hy in 'n motor-ongeluk dood is. My ouma was ses-en-tagtig gewees toe sy vir die eerste keer in haar lewe in die hospitaal was vir 'n operasie ná haar elf kinders. So, ek dink dit was 'n besondere genade om só gesond te kon wees.

Selfs my eie ma en pa ook, beleef baie goeie gesondheid. My pa wat tagtig word hierdie jaar, my ma wat vyf-en-sewentig word, speel nog gholf, speel rolbal en geniet regtig uit Gods genade baie goeie gesondheid. My pa self was sewe-en-sestig gewees toe hy vir die eerste keer 'n kanaalbreuk ondergaan het, toe hy vir die eerste keer self in 'n hospitaalbed moes gaan lê het. So, dit is 'n voorreg om uit so 'n gesonde familie te kom, om sulke gesondheid te kan beleef, hulle voorbeeld nog van lewenslus en wat my ma en pa nog aanpak en doen, is eintlik 'n inspirasie vir 'n mens se eie lewe waarmee jy nou besig is en jy sien uit na dit wat voorlê, *hoopvol vir 'n vol lewe wat nog voorlê.*

**Johan:** In so 'n gesonde familie was dit dan baie onverwags gewees dat Dina ewe skielik gediagnoseer word met borskanker.

**Vader:** Ja, dit is. Mens was totaal verbysterd, want dit was die heel laaste wat jy verwag het.

**Johan:** Maar met ouma wat in die huis gebly het toe jy 'n kind was, as jy nou terugdink, hoe dink jy, watter invloed het die manier waarop die siekte gehanteer was, hoe sy haar siekte self ook gehanteer het, watter invloed het dit moontlik op jónu gehad, oor hoe jy jónu siekte hanteer het?

**Dina:** Ja, ek dink dit het dalk onbewustelik 'n positiewe invloed gehad op my lewe, ja definitief. As ek nou terugdink aan haar en ek moet my oë toemaak en ek sien haar sit in die kamer, sien ek haar sit en sy was baie lief om ... sy't nooit haar oggendgodsdienst gemis nie, sy was lief om daarna te luister. Ek het vir haar uit die Bybel uit gelees. Sy was 'n baie sterk gelowige vrou en 'n vrou wat ek baie min hoor kla het. Sy't nooit gekla nie, ten spyte van swaarkry wat ek glo sy moes deurgaen en haar lewens-omstandighede. Ja, dit het 'n positiewe invloed seker op my gehad, onbewustelik, dalk ook om my krisis te kon hanteer het, ja.

**Johan:** Doggie, kan ons 'n bietjie luister hoe dit in jou familie gegaan het - die geskiedenis van siekte in die Davidson familie?

**Dougie:** Johan, ja, my pa was 'n gesonde man gewees. Hy't nooit ... eenkeer weet ek het hy 'n niersteen gehad. Dis omtrent al wat hy siek was. Hy't eenkeer 'n ribbetjie gebreek, maar verder was hy nooit sieklik nie. Hy was 'n ambagsman, so hy't hard gewerk. Hy was gelukkig baie gesond gewees. Hy het toe op vyf-en-sestig 'n beroerte gekry - hartaanval gehad en toe 'n beroerte, toe is hy so 'n week daarna oorlede. So, dit het sommer vinnig gebeur.

My ma se gesondheid was nie baie goed gewees nie. Sy't redelik baie skildklier probleme gehad. Sy't op 'n stadium baie by 'n internis gekom in Pretoria. So, sy was nie altyd honderd persent gesond nie. My ouma en oupa aan my ma se kant het ook by ons gebly vandat ek my verstand het. Hulle het ingetrek nog voor ek gebore is. My oupa was agt-en-sewentig toe hy dood is. Hy was ook redelik gesond gewees. My ouma het suikersiekte gehad. Sy was ook agt-en-sewentig toe sy dood is. Sy't geval op 'n stadium hier in die laat sewentigers en toe 'n heup gebreek. Sy was toe ook in 'n rolstoel gewees. Sy was die laaste paar jare van haar lewe bedlêend gewees, maar sy't by ons gebly. So, ek en Dina het seker dieselfde ervaring daar gehad, ons het 'n ouma en 'n oupa altyd by ons in die huis gehad. Hulle was altyd daar gewees. Aan die eenkant was dit baie lekker gewees, want as pa en ma êrens heen moes gaan, was oupa en ouma daarso, so die kinders was nooit alleen gewees nie.

Ek dink hulle siekte het vir ons ook seker onbewustelik deur hiêrdie krisis gedra, in dié opsig dat hulle 'n voorbeeld vir ons gestel het daai tyd met hulle siekte - dat hulle hulle vertrouwe nog steeds in die Here gehad het, ten spyte van die siekte en die toestand waarin hulle was. Oor die algemeen, soos ek sê, was hulle redelik gesond gewees - net die laaste paar jare het dit 'n bietjie moeilik gegaan met die siekte.

My pa se pa is jonk dood. Hy was net in die veertig. Hy't longontsteking gekry. Dit was in die vroeë twintigs. Hy't geboer. Daar het baie hael geval en hulle wou die beste gaan injaag en as gevolg daarvan het hy longontsteking gekry en toe's hy oorlede. My ouma het baie oud geword. Sy was in die tagtig, as ek dit reg het. Maar ons het nie so baie by hulle gekom nie, want hulle het ver van ons af gebly.

So, in óns huisgesin (ek het net broers, ek het nie susters nie), hulle is almal redelik gesond - hulle is nie ouens wat siek is nie. Toe ons jonk was, was hulle nooit siek nie, alhoewel my een broertjie klierkoors gehad het, maar nie ernstig nie. Eksélf het nooit ernstige siekte gehad nie - bosluiskoors en sulke klein goedjies, maar nie ernstige siekte gehad nie.

**Johan:** Een ding wat ek hoor, is dat geloof in altwee julle families waarin julle grootgeword het, 'n baie belangrike rol gespeel het en dat die Bybel 'n baie belangrike rol gespeel het in altwee families (*almal beaam*).